# DIE INVLOED VAN SKOFWERK OP OUER-KINDVERHOUDINGE

deur

**MARTINUS JOHANNES LöTTER**

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van
die vereiste vir die graad

**MAGISTER EDUCATIONIS**
**MET SPESIALISERING IN VOORLIGTING**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: PROF G BESTER**

**NOVEMBER 2003**

Studentenommer: **642-641-7**

Ek verklaar hiermee dat: "DIE INVLOED VAN SKOFWERK OP OUER-KINDVERHOUDINGE" my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysing aangedui en erken het.

.................................. ..2004/02/13...

HANDTEKENING Datum

Martinus Johannes Lötter

**ERKENNING**

Hierdie werk sou nie moontlik gewees het sonder die hulp van die volgende persone nie:

- My studieleier prof G Bester vir sy ondersteuning, uitmuntende advies en professionele leiding.
- Ilze Holtzhausen de Beer vir die taalversorging.
- My ouers vir hulle liefde, ondersteuning en vertroue deur al die jare van studie.
- My vrou Lana en kinders MJ en Elicia vir hulle liefde, geduld, bystand en ondersteuning gedurende my studie.

# THE INFLUENCE OF SHIFT WORK ON PARENT-CHILD RELATIONSHIPS

by Martinus Johannes Lötter

| | | |
|---|---|---|
| Degree | : | Master of Education |
| Subject | : | Psychology of Education |
| Supervisor | : | Prof G Bester |

## SUMMARY

An investigation was undertaken to determine the influence of shift work on parent-child relationships.

A literature study was done to determine the influence of shift work on people and family functions. Questionnaires dealing with the parent-child relationship and family communication were identified and adapted.

According to the results of the empirical investigation no significant differences were found in general parent-child relationships between families where parents work shifts and families where parents do not work shifts. A significant difference was found in the relationship of knowing between shift working parents and children. It was found that older adolescents have a weaker relationship of authority and trust in families where parents work shifts.

The educational implications of the findings are discussed. Guidelines for a better relationship of knowing, authority and trust between parent and child are given to parents and teachers. Lastly, suggestions for further research are made.

KEY WORDS

Shift work, occupational obligation, parent-child relationship, relationship of authority, relationship of trust, relationship of knowing, person centered communication, position centered communication.

DIE INVLOED VAN SKOFWERK OP
OUER-KINDVERHOUDINGE

deur Martinus Johannes Lötter

| | |
|---|---|
| Graad | : Meesters in Opvoedkunde |
| Vak | : Opvoedkundige Sielkunde |
| Studieleier | : Prof. G Bester |


## OPSOMMING

'n Ondersoek is onderneem om vas te stel watter invloed skofwerk op ouer-kindverhoudinge het.

'n Literatuurstudie is uitgevoer om die invloed van skofwerk op mense en gesinsfunksies te bepaal. Vraelyste ten opsigte van die ouer-kindverhouding en gesinskommunikasie is geïdentifiseer en aangepas.

Uit die resultate van die empiriese ondersoek is geen beduidende verskil gevind in die globale verhouding tussen ouers en kinders by gesinne waar ouers skofte werk en gesinne waar ouers nie skofte werk nie. 'n Beduidende verskil in die kenverhouding tussen ouers en kinders het voorgekom. Daar is bevind dat ouer adolessente 'n swakker gesags- en vertrouensverhouding met hulle ouers het as jonger adolessente in gesinne waar die ouers skofte werk.

Opvoedkundige implikasies van die bevindinge is bespreek. Riglyne vir die verbetering van die ken-, vertrouens- en gesagsverhouding tussen ouers en kinders is aan ouers en onderwysers gestel. Laastens is voorstelle vir verdere navorsing gemaak.

KERNWOORDE

Skofwerk, beroepsverpligtinge ouer-kindverhouding, gesagsverhouding, kenverhouding, vertrouensverhouding, posisiegesentreerde kommunikasie, persoongesentreerde kommunikasie.

# INHOUDSOPGAWE


**HOOFSTUK 1** Bladsy

PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSVERLOOP

1.1 Bewuswording van die probleem 1

1.2 Formele probleemstelling 4

1.3 Die doel van die ondersoek 4

1.4 Die program wat gevolg word 5

**HOOFSTUK 2**

BEROEPSVERPLIGTINGE EN SKOFWERK

2.1 Inleiding 7

2.2 Beroepsverpligtinge 8

2.2.1 Teorieë oor beroepsverpligtinge 8

2.2.2 Beroepspersoon en ouer 12

2.2.2.1 Tyd 12

2.2.2.2 Status van werker 13

2.3 Die invloed van beroepsverpligtinge op die gesin 14

2.3.1 Die invloed van beroepsverpligtinge op die rol van die moeder 14

2.3.2 Die invloed van beroepsverpligtinge op die rol van die vader 16

2.4 Skofwerk 18

2.4.1 Wat is skofwerk? 18

2.4.2 Wie is die skofwerker? 18

2.4.3 Wetgewing in Suid-Afrika oor skofwerk 19

2.5 Spesifieke gevolge van skofwerk ten opsigte van die skofwerker 20

2.5.1 Spesifieke gevolge van skofwerk ten opsigte van die skofwerker self 20

2.5.1.1 Sirkadiese ritme 20

2.5.1.2 Slaap- en psigoneurotiese probleme 21

2.5.2 Spesifieke gevolge van skofwerk ten opsigte van die skofwerker en die gesin 22

2.5.2.1 Eetgewoontes en gastroversteurings 22

2.5.2.2 Emosionele gevolge 23

2.5.2.3 Sosiale gevolge 25

2.5.3 Die effek van skofwerk op mans en vroue 27

2.6 Hulpverlening aan skofwerkers 27

2.6.1 International Labour Office 1990 Convention (No 171) 27

2.6.2 Hanteringsmeganismes 28

2.7 Samevatting 29

## HOOFSTUK 3

DIE OUER-KINDVERHOUDING BINNE DIE GESINSVERBAND


3.1 Inleiding 31

3.2 Ouer-kindverhouding 32

3.3 Wat is 'n gesin? 34

3.3.1 Tipes gesinne 35

3.4 Gesinsfunksies 38

3.4.1 Fisiologiese funksie 40
3.4.2 Kognitiewe ontwikkeling van die kind 41

3.4.2.1 Die invloed van ouers se beroepe op die kognitiewe ontwikkeling van die kind 44

3.4.3 Persoonlikheidsontwikkeling 44
3.4.4 Sosialisering 48
3.4.5 Kommunikasie 49
3.4.6 Religieuse ontwikkeling 51
3.4.7 Morele ontwikkeling 53
3.4.8 Ontspanningsfunksie 55

3.5 Samevatting 56

## HOOFSTUK 4

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK


| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Inleiding | 58 |
| 4.2 | Hipoteses | 58 |
| 4.2.1 | Hipotese 1 | 58 |
| 4.2.2 | Hipotese 2 | 59 |
| 4.2.3 | Hipotese 3 | 60 |
| 4.2.4 | Hipotese 4 | 60 |
| 4.2.5 | Hipotese 5 | 61 |
| 4.2.6 | Hipotese 6 | 61 |
| 4.2.7 | Hipotese 7 | 62 |
| 4.2.8 | Hipotese 8 | 62 |
| 4.2.9 | Hipotese 9 | 63 |
| 4.2.10 | Hipotese 10 | 63 |
| 4.3 | Navorsingsontwerp van die ondersoek | 64 |
| 4.3.1 | Die steekproef | 64 |
| 4.3.2 | Meetinstrumente wat in die ondersoek gebruik is | 67 |
| 4.3.2.1 | Ouer-kindverhouding | 67 |
| 4.3.2.2 | Kommunikasiepatrone | 67 |
| 4.3.2.3 | Die struktuur van die meetinstrument | 68 |
| 4.3.2.4 | Instruksies van die meetinstrument | 69 |
| 4.3.2.5 | Sleutel tot die meetinstrument | 69 |
| 4.3.2.6 | Prosedure wat tydens die empiriese ondersoek gevolg is | 70 |

**HOOFSTUK 5**

RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK


5.1 Inleiding 72

5.2 Itemanalise van die vraelyste 72

5.3 Geldigheid van vraelyste 76

5.4 Betroubaarheid van 'n vraelys 76

5.5 Toetsing van hipoteses 77

5.5.1 Hipotese 1 77
5.5.2 Hipotese 2 80
5.5.3 Hipotese 3 82
5.5.4 Hipotese 4 84
5.5.5 Hipotese 5 85
5.5.6 Hipotese 6 87
5.5.7 Hipotese 7 89

5.5.7.1 Vergelyking van die vier groepe ten opsigte van die totale ouer-kindverhouding 89

5.5.7.2 Vergelyking van die vier groepe ten opsigte van die gesagsverhouding 90

5.5.7.3 Vergelyking van die vier groepe ten opsigte van die kenverhouding 91

5.5.7.4 Vergelyking van die vier groepe ten opsigte van die vertrouensverhouding 91

5.5.8 Hipotese 8 92

5.5.8.1 Vergelyking van die vier groepe ten opsigte van posisiegesentreerde kommunikasie 93

5.5.8.2 Vergelyking van die vier groepe ten opsigte van persoongesentreerde kommunikasie 94

5.5.9 Hipotese 9 94

5.5.9.1 Vergelyking van die vyf groepe ten opsigte van die totale ouer-kindverhouding 95

5.5.9.2 Vergelyking van die vyf groepe ten opsigte van die gesagsverhouding 97

5.5.9.3 Vergelyking van die vyf groepe ten opsigte van die kenverhouding 98

5.5.9.4 Vergelyking van die vyf groepe ten opsigte van die vertrouensverhouding 99

5.5.10 Hipotese 10 101

5.5.10.1 Vergelyking van die vyf ouderdomsgroepe ten opsigte van posisiegesentreerde kommunikasie 101

5.5.10.2 Vergelyking van die vyf ouderdomsgroepe ten opsigte van persoongesentreerde kommunikasie 102

5.6 Samevatting van die resultate 103

**HOOFSTUK 6**

OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES VAN DIE NAVORSING EN VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING


6.1 Inleiding 106

6.2 Inligting uit die empiriese ondersoek 107

6.2.1 Die invloed van skofwerk op die verhouding tussen ouer en kind 107

6.2.2 Die kenverhouding en die aantal kinders in 'n huisgesin 109

6.2.3 Die ouderdom van kinders en die invloed daarvan op die verhouding tussen ouers en kinders in gesinne waar die ouers skofte werk 110

6.3 Evaluering van die ondersoek 111

6.4 Aanbevelings vir verdere navorsing 114

Bibliografie 115

Bylaag A 125

**TABELLE** **BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Die getal seuns en dogters in elke graad wat aan die ondersoek deelgeneem het | 64 |
| 4.2 | Getal proefpersone in skofwerker en nie-skofwerkergesinne | 65 |
| 4.3 | Aantal kinders in 'n gesin | 65 |
| 4.4 | Beroepe van vaders | 66 |
| 4.5 | Beroepe van moeders | 66 |
| 4.6 | Betroubaarheid van die verskillende faktore van die ouer-kindverhoudingsvraelys | 67 |
| 4.7 | Faktore wat gemeet word met vraagnommers | 69 |
| 4.8 | Items wat omgekeer is | 70 |
| 5.1 | Itemanalise van die vraelys vir persoongesentreerde kommunikasie | 74 |
| 5.2 | Itemanalise van die vraelys vir posisiegesentreerde kommunikasie | 75 |
| 5.3 | Betroubaarheid van vraelyste | 77 |
| 5.4 | Die verskil in die ouer-kindverhouding by gesinne waar ouers skofwerk verrig en gesinne waar ouers nie skofwerk verrig nie | 79 |
| 5.5 | Die verskil in kommunikasiepatrone by gesinne waar ouers skofwerk verrig en gesinne waar ouers nie skofwerk verrig nie | 81 |
| 5.6 | Die verskil in die ouer-kindverhouding tussen seuns en dogters in gesinne waar ouers skofwerk verrig | 83 |
| 5.7 | Kommunikasiepatrone tussen seuns en dogters in gesinne waar ouers skofwerk verrig | 85 |
| 5.8 | Pearson-produkmomentkorrelasie tussen aantal kinders in skofwerkergesinne en die ouer-kindverhouding | 86 |

5.9 Pearson-produkmomentkorrelasie tussen tipe kommunikasie en aantal kinders in skofwerkergesinne 88

5.10 Resultate van die analise van variansie in die totale ouer-kindverhouding 89

5.11 Resultate van die analise van variansie in die gesagsverhouding 90

5.12 Resultate van die analise van variansie in die kenverhouding 91

5.13 Resultate van die analise van variansie in die vertrouensverhouding 92

5.14 Resultate van die analise van variansie by posisiegesentreerde kommunikasie 93

5.15 Resultate van die analise van variansie by persoongesentreerde kommunikasie 94

5.16 Resultate van die analise van variansie in die totale ouer-kindverhouding 95

5.17 T-toets analise van die variansie by die totale ouer-kindverhouding 96

5.18 Resultate van die analise van variansie in die gesagsverhouding 97

5.19 T-toets analise van die variansie by die gesagsverhouding 98

5.20 Resultate van die analise van variansie in die kenverhouding 99

5.21 Resultate van die analise van variansie in die vertrouensverhouding 100

5.22 T-toets analise van die variansie by die vertrouensverhouding 100

5.23 Resultate van die analise van variansie by posisiegesentreerde kommunikasie 102

5.24 Resultate van die analise van variansie by persoongesentreerde kommunikasie 103

# HOOFSTUK 1

## PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSVERLOOP

### 1.1 Bewuswording van die probleem

In die gemeenskap waar die navorser hom bevind, het dit die afgelope tyd na vore gekom dat ouers hulle werksomstandighede, en in die besonder skofwerk, as verskoning gebruik vir hulle kinders se probleme op skool. Die grootste probleem waaroor skofwerkerouers kla is dat daar nie genoegsame kontak tussen hulle en hulle kinders is nie. Indien die vader of moeder skofte werk en min by die huis is lei dit tot 'n gebrek aan dissipline by die kind. Skofwerkerouers kla verder dat hulle nie meer weet wat in hulle kinders se lewe aan die gang is nie. Hulle kan nie by hul kinders se aktiwiteite betrokke raak nie, weens die feit dat hulle skofskedules gedurig verander. Sommige skofwerkerouers kla ook dat hulle moeg van die werk af kom en nie die energie het om aandag aan hulle kinders te skenk nie.

Om in die basiese behoeftes, naamlik kos, klere en huisvesting van gesinslede te voorsien moet ouers werk. Sekere beroepe, soos die mynboubedryf, polisiediens, gesondheids- en vervoerdienste vereis dat persone skofwerk moet verrig. In die huidige era waarin mense hul bevind is dit nie net die man wat skofwerk verrig nie, maar 'n groot gedeelte van skofwerk word ook deur vroue verrig. Volgens die Amptelike Statistiek van Finland 1989 verdien 5,3% vroue en 6,3% mans hulle salarisse deur skofwerk te verrig. Dit impliseer dat 45% van die skofwerk in Finland deur vroue gedoen word (Kandolin & Kauppinen-Toropainen in Costa, Cesana, Kogi, & Wedderburn 1990: 101) terwyl 40,5% van die skofwerk in Poland in 1988 deur vroue verrig is (Makowiec-Dabrowska in Costa *e.a.* 1990: 107). Volgens Statistiek Suid-Afrika is daar geen amptelike data beskikbaar ten opsigte van die persentasie werkers in Suid-Afrika wat skofwerk verrig nie.

Wat ondersoeke oor skofwerk betref, is die meeste ondersoeke gedoen oor die invloed van skofwerk op die sosiale, emosionele, psigologiese en gesondheidstoestande van die mens (Costa, 1996; Coleman, 1995; Khaleque, 1999; Simon, 1990; Smith & Folkard, 1993a). Wat beskikbare inligting oor die effek van skofwerk op die gesin en

spesifiek die kwaliteit van die verhouding tussen ouer en kind betref, is daar gebreke in ondersoeke soos vervolgens uitgewys sal word.

In 'n opname deur Makowiec-Dabrowska (in Costa *e.a.* 1990: 107) glo bykans 50% van die skofwerkervroue dat skofwerk hulle sosiale kontak en gesinslewe versteur. Navorsers soos Khaleque (1999: 183) en Bourdouxhe, Queinnec, Granger, Baril, Guertin, Massicotte, Levy en Lemay (1999: 326) wys ook daarop dat skofwerk die sosiale en gesinslewe van die skofwerker ontwrig. Wat die direkte invloed van skofwerk op die verhouding tussen ouer en kind is, word egter nie deur die navorsers in bogenoemde studies uitgewys nie.

Alhoewel die meeste ondersoeke op die negatiewe effekte van skofwerk klem lê, is daar tog ondersoeke soos dié van Simon (1990: 344) en Presser (in Spelten, Totterdell, Barton en Folkard 1995: 166) wat daarop wys dat sommige skofwerkermoeders dit verkies om snags te werk sodat hulle bedags tuis by hulle kinders kan deurbring. Skofwerk vir sekere vroue is dus voordelig, aangesien dit kinderversorging bedags vergemaklik. Navorsing deur Penn en Bootzin (1990: 222) en Deutsch en Saxon (1998: 343) sluit gedeeltelik aan by bogenoemde en wys op die voordele wat sekere skoftye vir die ouers met kinders inhou, naamlik dat ouers meer tyd saam met hulle kinders kan spandeer as hulle oggendskof of nagskof werk.

Simon (1990: 345) wys daarop dat die algemene probleem wat skofwerkers ondervind, 'n gebrek aan genoegsame tyd saam met die gesin is. Die probleem word vererger indien daar jong kinders in die gesin is wat vroeg gaan slaap. In hierdie geval kan dit daartoe lei dat skofwerkerouers min tyd saam met hul kinders spandeer. Wolcott (1995: 25) toon aan dat mans en vroue wat beroepsverpligtinge en gesinsverantwoordelikhede het, saamstem dat hulle beroepsverpligtinge 'n beperking op die hoeveelheid tyd plaas wat hulle tot hulle beskikking het om goeie ouers te wees. Uit die vorige twee ondersoeke blyk daar nie 'n teenstrydigheid te wees nie.

'n Ondersoek deur Smith en Folkard (1993a: 344) fokus weer op die verskillende skoftye van skofwerkers. Die navorsers wys daarop dat middagskof en veral nagskof die meeste sosiale en gesinsprobleme vir skofwerkers veroorsaak. In hierdie ondersoek word daar wel genoem dat skofwerk gesinsprobleme veroorsaak, maar daar

word nie spesifiek gewys na die invloed wat dit op die verhouding tussen ouer en kind het nie.

Burgess (in Bigner 1979: 88) beskryf die gesin as 'n eenheid van interaktiewe persoonlikhede wat impliseer dat gesinslede dinamiese individue is wat mekaar wedersyds beïnvloed. Volgens Smith en Folkard (1993b: 304) veroorsaak nagskofwerk persoonlikheidsveranderinge by die skofwerker wat aanleiding gee tot gesinsprobleme. Onderhoude is met die lewensmaats van nagskofwerkers gevoer. Een van die vroue rapporteer dat haar man se persoonlikheid heeltemal verander nadat hy nagskof gewerk het. Hy is meer geïrriteerd en humeurig met lede van die gesin, terwyl 'n ander weer haar lewe as 'n " lewe van hel" beskryf het. Wat die navorsers nie aandui nie, is in watter mate hierdie persoonlikheidsveranderinge van die nagskofwerker die verhouding tussen ouer en kind beïnvloed.

Ouer en kind is gedurig besig om mekaar se gedrag te beïnvloed deur interaksie en kommunikasie wat 'n effek op die verhouding tussen ouer en kind het. Parke en Kellam (1994: 115-117) beweer dat verbale en nie-verbale kommunikasie interaktiewe prosesse is wat 'n belangrike rol speel in die opbou van 'n positiewe verhouding tussen ouer en kind. Indien ouers se interaksie en kommunikasie koud, streng en ignorerend van aard is, sal dit moontlik die kwaliteit van die verhouding tussen die ouer en kind negatief beïnvloed. Heaven (1994: 57) het bevind dat gebrekkige kommunikasie die grootste probleem tussen ouer en adolessent is terwyl gesinne met hoë vlakke van kommunikasie groter kohesie, aanpasbaarheid en satisfaksie ervaar. Vanuit die bogenoemde bespreking blyk dit dat positiewe kommunikasie en interaksie tussen ouer en kind 'n belangrike rol speel in die kwaliteit van die verhouding tussen ouer en kind. Nêrens kon enige ondersoeke gevind word waar kommunikasie in die skofwerkergesin ondersoek is nie.

In die lig van bogenoemde bespreking, blyk dit dat daar teenstrydighede en tekortkominge in die ondersoeke oor die invloed van skofwerk op die verhouding tussen ouer en kind bestaan. Die probleemstelling van hierdie ondersoek fokus op hierdie leemtes wat geïdentifiseer is.

## 1.2 Formele probleemstelling

Ouers beklee verskillende beroepe wat besondere beroepseise aan hulle stel. Skofwerk stel moontlik meer beroepseise aan die ouer wat die verhouding tussen ouer en kind kan beïnvloed. Om die effek van skofwerk op die verhouding tussen ouer en kind te bepaal moet sekere veranderlikes met skofwerk in verband gebring word. In die lig van bogenoemde kan die volgende vrae as die formele probleemstelling van die ondersoek beskou word:

- Wat word verstaan met konsepte soos beroepsverpligtinge en skofwerk?
- Het skofwerk 'n invloed op die verhouding tussen ouer en kind?
- Watter effek het skofwerk op gesinskommunikasie?
- Hoe beïnvloed veranderlikes soos geslag, ouderdom, geboorterangorde, gesinstruktuur en ander die verhouding tussen die adolessent en die ouer wat skofwerk doen?

## 1.3 Die doel van die ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek is om te bepaal watter moontlike invloed skofwerk op die kwaliteit van die verhouding tussen ouer en kind het. Die moontlike identifisering van sodanige invloed kan vir die onderwyser, gesinsterapeut, ouer asook die kind in die skofwerkergesin van groot hulp wees.

'n Literatuurstudie word onderneem met die doel om op grond van vorige navorsingsbevindinge meer inligting te verkry oor die vernaamste invloede van skofwerk op die mens en spesifiek ten opsigte van die verhouding tussen ouer en kind. 'n Verdere doel van die literatuurstudie is om te fokus op die verhouding tussen ouer en kind binne gesinsverband en die moontlike invloed van skofwerk daarop.

'n Empiriese ondersoek sal uitgevoer word met die doel om te bepaal of daar 'n verskil in die ouer-kindverhouding is tussen adolessente wie se ouers skofwerk verrig en dié wie se ouers nie skofwerk verrig nie. Daar sal verder gepoog word om te bepaal of daar 'n verskil in die ouer-kindkommunikasie is tussen adolessente wie se ouers skofte werk en dié wat nie skofte werk nie. Laastens word daar gepoog om te bepaal in watter mate veranderlikes soos geslag, ouderdom, geboorterangorde en gesinstruktuur die verhouding beïnvloed tussen die adolessent en die ouer wat skofwerk verrig.

## 1.4 Die program wat gevolg word

Om 'n duidelike beeld te verkry van die effek van skofwerk op die verhouding tussen ouer en kind, sal daar in hoofstuk 2 'n literatuurstudie onderneem word om beroepsverpligtinge as fenomeen te ondersoek. Tweedens sal daar op die beroepsverpligtinge wat skofwerk aan die mens stel gefokus word. Verder word daar gelet op die vernaamste gevolge van skofwerk op die mens, naamlik sirkadiese ritme, slaap en psigoneurotiese probleme, eetgewoontes en gastroversteurings, emosionele en sosiale gevolge. Laastens word aandag geskenk aan hulpverlening vir die skofwerker.

In hoofstuk 3 word spesifiek gefokus op die verhouding tussen ouer en kind binne die gesin. Ten einde 'n duidelike betekenis van die konsep "gesin" te verkry word dit kortliks bespreek. Verder sal die volgende gesinsfunksies in meer besonderhede bespreek word, naamlik fisiologiese, kognitiewe, kommunikasie-, sosialiserings-, morele, religieuse, ontspannings- en persoonlikheidsontwikkeling. Waar moontlik sal die invloed van beroepsverpligtinge en skofwerk op gesinsfunksies uitgelig word.

In hoofstuk 4 word 'n empiriese ondersoek beplan. Aspekte rakende die steekproef, meetinstrumente, navorsingsprosedure asook die toetsing van die hipoteses sal in hierdie hoofstuk bespreek word.

Hoofstuk 5 handel oor die opvoedkundige implikasies van die navorsing. Moontlike aanbevelings word gemaak ten opsigte van die hantering van kinders binne

skofwerkergesinne. Tekortkominge en beperkings van die studie sal bespreek word. Ten slotte word aanbevelings vir verdere navorsing gemaak.

# HOOFSTUK 2

## BEROEPSVERPLIGTINGE EN SKOFWERK

With a serious expression on her little face, she said: 'Mr. Daddy, will you please come and visit us again?" – and that was the moment when I realised that I was sacrificing so much for my career.

### 2.1 Inleiding

Ouers bevind hul as beroepslui in 'n werksituasie wat beroepsverpligtinge aan hul stel. In die geval van 'n werksituasie waar skofwerk vereis word, is hierdie verpligtinge strawwer. Beroepe waar persone skofte werk stel verdere beroepsverpligtinge aan beroepslui, wat hul nie net as beroepslui nie, maar ook as ouers beïnvloed.

In hoofstuk 1 is daar reeds verwys na verskeie faktore wat moontlik 'n invloed op die ouer-kindverhouding kan hê. Een van hierdie faktore is die beroepsverpligtinge van die skofwerker, wat in hierdie hoofstuk in meer detail geanaliseer gaan word.

Met die ontleding van beroepsverpligtinge word eerstens gelet op bestaande teorieë oor beroepsverpligtinge, die ouer as beroepspersoon en die invloed wat beroepsverpligtinge moontlik mag hê op die ouer-kindverhouding. Tweedens sal spesifiek aandag geskenk word aan die ontleding van skofwerk en die effek wat dit op die mens in die algemeen het. Verdere aspekte soos wetgewing en hulpverlening ten opsigte van skofwerk geniet ook aandag. Deur die ontleding van skofwerk kan 'n moontlike beeld verkry word van veranderlikes wat met skofwerk verband hou. Hierdie veranderlikes kan moontlik help om te bepaal watter invloed skofwerk op die kwaliteit van die ouer-kindverhouding het.

## 2.2 Beroepsverpligtinge

'n Beroep kan gesien word as die werk wat 'n persoon doen om 'n salaris op 'n gereelde basis te verdien (Giddens 1997: 307). In 'n beroep is daar egter 'n element van "geroepenheid". Die persoon beoefen 'n beroep om 'n salaris te verdien maar wil dit graag beoefen om vir ander tot diens te wees en vir ander iets te beteken. "Verpligting" daarteenoor het 'n enger betekenis en wys na dwang. Dit dui op take wat uitgevoer moet word al sou dit nie altyd aangenaam wees nie (Kritzinger, Labuschagne & Pienaar 1977). Binne elke beroep is daar verpligtinge wat uitgevoer moet word, ongeag of die persoon daarvan hou of nie.

### 2.2.1 Teorieë oor beroepsverpligtinge

Teorieë oor die invloed van beroepsverpligtinge is omvangryk maar vir die doel van hierdie ondersoek sal daar op die volgende teorieë gelet word, naamlik: Die Skuld-oorbeskermingsteorie, Verwaarlosingsteorie, Driefase-oorspoelmodel en die Sosiale kapitaalteorie.

**Die Skuld-oorbeskermingsteorie**

Hierdie teorie fokus primêr op die werkende moeder. Volgens die Skuld-oorbeskermingsteorie voel die werkende moeder skuldig omdat sy nie nodig het om te werk nie, maar self kies om 'n beroep te volg buite die huis en haar kinders in die sorg van 'n oppasser laat (Deka & Kakkar 1998: 93). Om haar skuld te oorkom probeer die werkende moeder vergoed vir haar afwesigheid en tree toegeeflik op teenoor haar kinders. Die kinders word nou toegelaat om dinge te doen wat andersins ontoelaatbaar sou wees. 'n Voorbeeld van hierdie toegeeflike optrede van die werkende moeder is wanneer sy haar kinders toelaat om buite hulle normale roetine op te tree. Normale slapenstye word geïgnoreer en kinders gaan slaap veel later as gewoonlik. In die geval van ouer kinders, laat die werkende moeder toe dat hulle saans tot laat mag uitgaan en saam met vriende kuier. Met hierdie toegeeflike optrede van die werkende moeder, probeer sy eerstens vergoed vir haar afwesigheid en tweedens probeer sy die guns van haar kinders wen.

Inteenstelling met die toegeeflike optrede van die werkende moeder, ignoreer die oorbeskermende werkende moeder dikwels haar kind se behoefte aan onafhanklikheid. Die oorbeskermende werkende moeder stel min eise aan haar kind en verrig self die kind se take en verminder so die kind se leergeleenthede omdat sy die kind teen sy of haar eie foute probeer beskerm. Die kind kry nie geleentheid om self in sy* behoeftes te voorsien nie en dit het 'n nadelige effek op die kind se verantwoordelikheidsbesef.

Kinders in oorbeskermde huise kan moontlik gevoelens van onbevoegdheid ervaar, aangesien oorbeskermde ouers nie genoeg vertroue in hulle kinders stel om dinge vir hulleself te doen nie. Dit kan tot 'n gebrekkige vertrouensverhouding tussen die werkende ouer en die kind aanleiding gee.

**Die Verwaarlosingsteorie**

Deka en Kakkar (1998: 93) beskou die werkende moeder vanuit die verwaarlosingsteorie as 'n persoon wat verplig is om te werk as gevolg van finansiële druk wat in die gesin ervaar word. Die werkende moeder bevind haar egter in 'n moeilike posisie omdat sy veelvuldige en dikwels botsende rolle en verantwoordelikhede moet vervul, te wete 'n beroepsrol, huweliksrol en ouerrol. Hierdie diversiteit van rolverpligtinge kan volgens die Verwaarlosingsteorie tot spanning, konflik en frustrasie aanleiding gee. Spanning, konflik en frustrasie by die werkende moeder kan weer lei tot 'n ongeduldige, koue onsimpatieke houding teenoor die kind wat die kind as verwerping kan beleef. Kinders wat verwaarlosing en verwerping beleef as gevolg van die moeder se beroepsverpligtinge, kan moontlik aandagsoekende gedrag openbaar soos huilerigheid en rebelsheid wat die kwaliteit van die verhouding tussen die ouer en die kind verder kan vertroebel.

Uit bogenoemde twee teorieë wil dit voorkom asof die gedrag wat die werkende moeder teenoor haar kinders openbaar, bepaal word deur:

- Haar vrywillige keuse om te werk.
- Haar gedwonge besluit om te gaan werk ten einde finansieel te kan oorleef.

Om te bepaal wat die invloed van beroepsverpligting op die kwaliteit van die ouer-

* Die manlike vorm verwys na beide geslagte tensy anders vermeld


kindverhouding is, is dit belangrik om te weet of dit die moeder se eie keuse is en óf sy as gevolg van ekonomiese redes gedwing word om te werk.

**Die Driefase-oorspoelmodel**

Die Driefase-oorspoelmodel verwys na werkstres wat ouers ervaar wat weer 'n invloed op hulle verhouding met hulle kinders het (Galambos, Sears, Almeida en Kolaric 1995: 205-210). Die model suggereer dat ongunstige werksomstandighede of beroepsverpligtinge (byvoorbeeld werkoorlading, konflik met ander werkers, ongereëlde werksure), aanleiding gee tot werkstres. Aanhoudende werkstres kan aanleiding gee tot algehele stres of selfs depressie. Ouers wat aan gemoedsversteurings soos depressie lei, het gewoonlik nie die fisieke of psigiese krag om toereikend aandag aan hulle kinders te gee nie. 'n Voorbeeld van aandagtekort is wanneer 'n kind sy prestasies of teleurstellings met sy ouers wil deel en hulle ongeduldig en sonder belangstelling luister.

Diagrammaties lyk die model soos volg:

Die Driefase-oorspoelmodel




Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat werkstres tydens werksure of selfs na werksure, wanneer ouers bekommerd is oor die volgende dag se werk of probleme by die werk, hul gedrag teenoor die kind beïnvloed. Hierdie aanhoudende stres van

die ouer oor hul beroepsverpligtinge het 'n invloed op die verhouding tussen ouer en kind. Daarom is dit nodig dat wanneer die invloed van skofwerk op die ouer-kindverhouding bestudeer word, werkstres as 'n moontlike veranderlike in berekening gebring moet word.

**Sosiale kapitaalteorie**

Die Sosiale kapitaalteorie van Coleman (in Cooksey, Menaghan & Jekielek 1997: 639) gaan van die veronderstelling uit dat ouerlike werkstatus 'n invloed op die welstand van die kind het. Werkstatus, volgens die Sosiale kapitaalteorie, dui op werkende, deeltyds werkende of nie-werkende ouers. Kinders ontwikkel sosiale kapitaal deur interaksie met die ouers wat realiseer in vertroue in hul ouers en hul medemens, asook positiewe kommunikasie- en sosiale vaardighede (Bryant & Zick 1996: 232). Die ontwikkeling van sosiale kapitaal tussen die werkende moeder en haar kinders kan moontlik beperk word, aangesien sy as gevolg van haar diversiteit van rolverpligtinge net 'n sekere hoeveelheid tyd en aandag per dag aan haar kinders kan spandeer. In gesinne waar albei ouers werk bestaan die moontlikheid dat sosiale kapitaal ontoereikend kan ontwikkel. Werkende ouers moet poog om kwaliteit tyd saam met hulle kinders te spandeer. Daarom is dit nodig dat ouers dinge saam met hul kinders doen, naamlik speel, skoolwerk en huistake, soos kosmaak en tuinwerk. Deur hierdie gesamentlike aktiwiteite van die ouers met hul kinders het die kinders groter moontlikhede tot die ontwikkeling van sosiale kapitaal (Parcel, Nickoll & Dufur 1996: 463-464 & Cooksey, Menaghan & Jekielek 1997: 639-640).

Die afleiding kan gemaak word dat kwaliteittyd wat ouers aan hulle kinders spandeer deur saam deel te neem aan aktiwiteite, aanleiding gee tot 'n gebalanseerde en positiewe verhouding tussen die ouer en kind. Tyd wat ouers saam met hul kinders spandeer kan moontlik as veranderlike help om te bepaal watter invloed skofwerk op die kwaliteit van die verhouding tussen ouer en kind het.

Na aanleiding van die voorafgaande besprekings oor die teorieë van beroepsverpligtinge, blyk dit dat beroepsverpligting aanleiding gee tot verskeie faktore wat die gedrag van ouers teenoor hulle kinders beïnvloed. Hierdie faktore sluit in: skuldgevoelens van ouers, werkstres, 'n beperkte hoeveelheid tyd en kwaliteittyd wat ouers saam met hulle kinders spandeer. Om die moontlike invloed

van skofwerk op die verhouding tussen die ouer en kind te bepaal sal bogenoemde faktore moontlik as veranderlikes in berekening gebring moet word.

### 2.2.2 Beroepspersoon en ouer

In die literatuur word veral twee faktore ten opsigte van 'n beroepspersoon uitgelig wat 'n invloed op die verhouding tussen ouer en kind het. Hierdie faktore sluit in: die hoeveelheid tyd wat ouers tot hulle beskikking het om saam met hulle kinders te spandeer en die werkstatus van die ouer.

#### 2.2.2.1 Tyd

Studies toon dat mans en vroue wat beroepsverpligtinge en gesinsverantwoordelikhede het, saamstem dat hulle beroepsverpligtinge 'n beperking plaas op die hoeveelheid tyd wat hulle tot hulle beskikking het om 'n goeie ouer vir hulle kinders te wees (Wolcott 1995: 25). Navorsing deur Kaufman en Uhlenberg (2000: 943) sluit aan by dié van Wolcott wat daarop dui dat daar 'n gedurige wedywering vir tyd en psigiese sowel as fisieke energie is, tussen die beroepsrol en ouerrol van die werkende persoon. Hierdie gedurige wedywering tussen die verskillende rolle van die werkende ouer gee aanleiding tot liggaamlike en geestelike moegheid wat realiseer in ongeduld, depressie, skuldgevoelens en lewenstamheid. Kinders kan gevoelens van "ek is oortollig, ek is in die pad of ek is nie goed genoeg nie" beleef, indien ouers gedurig moeg en ongeduldig met hul kinders is.

Volgens die Sosiale kapitaalteorie wat vroeër bespreek is, is die hoeveelheid en kwaliteittyd wat gesamentlik deur ouer en kind gedeel word, belangrik om sosiale kapitaal te ontwikkel. Namate sosiale kapitaal deur die kind ontwikkel word, ontwikkel 'n sterker ken- en vertrouensverhouding tussen ouer en kind.

In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat in gevalle waar werkende ouers lang ure werk en beperkte kwaliteittyd aan hulle kinders spandeer, daar 'n moontlikheid is dat die kind minder sosiale kapitaal ontwikkel en die verhouding tussen die ouer en kind as gevolg hiervan negatief beïnvloed word. As moontlike veranderlike, kan die hoeveelheid tyd wat die ouer saam met sy kind spandeer help om te bepaal in watter

mate skofwerk 'n moontlike negatiewe invloed op die kwaliteit van die verhouding tussen die ouer en die kind het.

#### 2.2.2.2 Status van werker

In die literatuur word daar op twee wyses na die konsep beroepstatus verwys.

In die eerste plek verwys beroepstatus na werkende, deeltyds werkende en nie-werkende persone. Dit word in 2.3.1 en 2.3.2 breedvoerig bespreek.

Tweedens wys die konsep beroepstatus na hoë en lae beroepsvlakke. McCarthy (1989: 70) het bevind dat werkstatus 'n beduidende faktor is wat werkstres veroorsaak Navorsing deur Wolcott (1995: 25) sluit gedeeltelik aan by bogenoemde wat bevind het dat konflik tussen die beroeps- en ouerlike rol spanning en stres genereer vir die werkende ouer in beroepe met 'n hoë, sowel as 'n lae status. Persone in hoëstatusberoepe, wat beroepsgesentreerd is en lang ure werk, ervaar stres in hulle pogings om balans te handhaaf tussen hul beroeps- en ouerlike rol. Finansieel kwesbare individue in laestatusberoepe, wat lang ure werk met min outonomie of beroepsekuriteit, ervaar eweneens hoë vlakke van stres. Hierdie stres wat die werker beleef spruit voort uit intrapersoonlike faktore soos ongunstige omstandighede by die werk en ongunstige finansiële omstandighede, wat oorspoel na die gesin.

Lucas (1999: 769) het bevind dat werkers wat 'n beroep met 'n hoë status beoefen, hoër werkverigting lewer, meer positief gemotiveerd en tevrede was met hulle werk as werkers in beroepe met 'n lae status. Ouers wat positiewe gevoelens teenoor hul werk beleef, gaan na werk huis toe met 'n gevoel van positiwiteit en tevredenheid. Hierdie positiewe gesindheid van die ouer waarmee hy na werk tuis gaan, skep 'n warm, veilige atmosfeer waarbinne positiewe gesinsverhoudinge gedy.

Uit bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat lae- sowel as hoëstatusberoepe aanleiding tot stres kan gee. Hierdie werkstres kan die verhouding tussen die ouer en kind negatief beïnvloed. Skofwerk sluit beroepe met lae sowel as hoë status in. Beroepspersone soos verpleegpersoneel en dokters wat soms nagskofte werk in hospitale is hoëstatusberoepe wat 'n sekere mate van werkstres beleef, terwyl die

nagwag by 'n winkelkompleks homself sien as 'n persoon met 'n laestatusberoep wat ook werkstres beleef. Daarom kan die ouer se belewing van sy of haar vlak van beroepstatus moontlik as veranderlike help om te bepaal watter invloed hoë- en laestatusberoepe in skofwerk op die kwaliteit van die verhouding tussen ouer en kind het.

## 2.3 Die invloed van beroepsverpligtinge op die gesin

In die bespreking van beroepsverpligtinge en die invloed wat dit op die gesin het, word aandag geskenk aan die vaderrol en moederrol binne die gesin.

### 2.3.1 Die invloed van beroepsverpligtinge op die rol van die moeder

Evans en Kelley (2000: 6) het aangetoon dat vroue in geïndustrialiseerde lande, in die na-oorlog periode meer tyd aan 'n beroep buite die huis spandeer. Dit kan moontlik daarop dui dat die vrou in die moderne samelewing haar beroep met erns aanpak en meer beroepsgeoriënteerd is as vroue van 'n paar dekades gelede. Hierdie beroepsverpligtinge van die vrou het daartoe aanleiding gegee dat die moeder veelvuldige en soms botsende rolverpligtinge moet vervul. Die diversiteit van die moeder se rolverpligtinge kan 'n positiewe sowel as 'n negatiewe effek op die gesinslede hê.

Indien die vrou geld verdien, verhoog dit haar ekonomiese status, opvoedkundige bekwaamheid, en verskaf dit aan haar 'n sekere vorm van prestasie en onafhanklikheid (Wolcott 1995: 25). Verder stel dit die moeder in staat om vaardighede te bemeester en toe te pas en só, 'n effektiewe ouerskapsrol aan te leer en kwaliteit tyd saam met haar kinders te spandeer. Cooksey, Menaghan en Jekielek (1997: 658) wys ook op die positiewe effek van ekonomiese hulpbronne waaroor die werkende moeder beskik. Indien beide ouers werk het hulle meer geld om te betaal vir hulle kinders se opvoeding en opleiding. Verder stel dit die moeder in staat om vaardighede te bemeester en toe te pas en só, 'n effektiewe ouerskapsrol aan te leer en kwaliteittyd saam met haar kinders te spandeer.

Wanneer daar op die werkende moeder se rol as identifikasiefiguur gelet word, wil dit voorkom asof dogters dit as positief beleef. Foon (1988: 269) het bevind dat dogters van werkende moeders hoër beroepsverwagtinge koester as die dogters van nie-werkende moeders. Aansluitend by Foon bevestig Goldberg, Greenberger, en Nagel (1996: 1524) dat die dogters van werkende moeders meer gemotiveerd en positief georiënteerd is om suksesvol te wees in hulle skoolwerk, as die seuns. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat dogters moontlik positief identifiseer met die voorbeeld wat die werkende moeder stel.

Bose (in Deka & Kakkar 1998: 94) wys daarop dat werkende moeders minder dominerend is en aggressiewe gedrag teenoor hulle kinders openbaar as nie-werkende moeders. Kinders van nie-werkende moeders rapporteer 'n beduidend hoër graad van verwerping as in vergelyking met werkende moeders. Goldberg, Greenberger en Nagel (1996: 1526) bevestig dat moeders wat sterk gemotiveerd is om te werk, beter kwaliteit terugvoering, voorligting en meer emosionele bystand aan hulle kinders gee. Uit bogenoemde navorsingsresultate blyk dit dat werkende moeders se verhouding met hulle kinders positief beïnvloed word deur hulle werkstatus.

In teenstelling met die positiewe aspekte van die werkende moeder, is daar ook sprake van probleme wat sy ondervind om haar verpligtinge as beroepsvrou met dié van moederskap te versoen.

Bielby en Bielby (in Kaufman & Uhlenberg 2000: 932) toon aan dat getroude vroue meer geneig is om groter prioriteit aan hul rol in die gesin te verleen in vergelyking met hul rol as beroepsvrou en pas hul eie identiteit dáárby aan. Op die vraag "Wie is ek?" sien die getroude vrou haarself moontlik eerstens as vrou vir haar man en moeder vir haar kinders en tweedens as byvoorbeeld sekretaresse in die beroepswêreld.

In sommige gevalle kan mans moontlik bedreig voel deur die feit dat hulle vrouens 'n hoër beroepstatus beklee en meer geld as hulle verdien. Dit kan aanleiding gee tot konflik in die huwelik wat negatief inwerk op die verhouding tussen ouers en kinders. In die geval van Indiërvroue wat hulle identiteit en beroepstevredenheid buite die huis soek ervaar hulle konflik met hulle eggenotes. Hierdie konflik gee daartoe aanleiding

dat die beroepsgeoriënteerde Indiërvrou haar rol as moeder verwerp (Deka & Kakkar 1998: 94,97). Wanneer die vrou haar rol as moeder verwerp, verwerp sy ook eintlik haar kind en is daar nie werklik sprake van 'n verhouding tussen ouer en kind nie.

Wanneer die moeder as primêre versorger lang ure werk, het sy dikwels aan die einde van haar buitenshuise dagtaak nie meer die psigiese en fisieke krag en tyd om toereikend aandag aan haar kinders te gee nie. 'n Voorbeeld hiervan is as die kind met skoolwerk sukkel en die moeder te moeg is om die kind na behore daarmee te help. Goldberg, Greenberger en Nagel (1996: 1524) het bevind dat kinders, wie se moeders lang ure werk akademies swakker presteer, hul studiegewoontes swakker is, minder vindingryk optree en sukkel om sosiaal in die klas aan te pas. Crouter, Bumpus, Maguire en McHale (1999: 1459) het bevind dat werkende moeders wat lang ure werk, spanning ervaar. Volgens die Driefase-oorspoelmodel wat vroeër in 2.2.1 bespreek is, kan spanning wat deur die ouer beleef word as gevolg van werk, oorspoel na die gesin en gedragsprobleme by die kind veroorsaak.

Cooksey, Menaghan en Jekielek (1997: 654) het weer bevind dat daar geen verband tussen werkende moeders en kinders met gedragsprobleme is nie.

Vanuit die literatuur kan die afleiding gemaak word dat beroepsverpligtinge die rol van die werkende moeder positief of negatief kan beïnvloed. Die uiteenlopende resultate soos hierbo vermeld kan moontlik toegeskryf word aan die tipe werk en die hoeveelheid tyd wat die moeder tot haar beskikking het om aandag aan haar kinders te skenk. Daar is dus navorsers wat die beroep van die moeder beskou as 'n positiewe invloed op die verhouding tussen die ouer en die kind, terwyl die teendeel óók bevestig word.

### 2.3.2 Die invloed van beroepsverpligtinge op die rol van die vader

Harvey (2000: 78) wys daarop dat sekere professionele beroepe gulsigheid in die hand werk. Sulke beroepe word deur sekere mans, wat graag wil kompeteer, aangetrek. 'n Voorbeeld is waar konstruksiewerkers op 'n 24 uur rotasiebasis sal werk om 'n kontrak af te handel om meer geld te verdien. Hierdie hoogskompeterende beroepe wat mans beoefen lei tot lang ure op kantoor, periodieke geografiese skeiding van die

gesin en die gedurige pre-okkupasie met werkverwante sake. Gevolglik kan slegs 'n beperkte hoeveelheid tyd aan gesinsaktiwiteite spandeer word.

Vaders wat hulle in hierdie hoogskompeterende beroepe bevind spandeer moontlik minder tyd aan interaksie en aktiwiteite saam met hulle kinders wat kan lei tot skuldgevoelens. Boyden (1993: 74) wys op die hoeveelheid tyd wat vaders per dag tot hulle beskikking het om saam met hulle kinders te spandeer. Die gemiddelde tyd wat vaders alleen met hulle kinders spandeer is minder as 'n uur per dag, en strek vanaf 6 minute per dag in Hong Kong, 12 minute in Thailand tot 54 minute in China en 48 minute in Finland. Aangesien ouers skuldig voel oor die min tyd en aandag wat hulle aan hulle kinders spandeer, oorlaai hulle dikwels die kinders met geskenke, wat as troosmiddel vir die ouers en omkoopmiddel vir die kinders dien.

Groot hoeveelhede sakgeld en 'n oorvloed geskenke is egter geen plaasvervanger vir warm liefdevolle aandag en leiding van die kind tot behoorlike volwassenheid deur die ouer nie. In 'n poging om die ouers se aandag te verkry maak kinders hulle soms skuldig aan wangedrag. Voorbeelde van wangedrag onder tieners sluit in, rebelsheid en misbruik van alkohol en dwelms.

Werkstres en werksbevrediging van die vader is volgens Kinnunen, Gerris en Vermulst (1996: 453) ewe belangrik as daar gelet word op sy belewing van sy rol as ouer. Indien die vader werksbevrediging beleef, verminder dit sy werkstres en word sy rol as ouer nie as negatief of inperkend beleef nie. In beroepe waar vaders hulle werk as onbevredigend beleef, verhoog dit die moontlikheid van werkstres, wat volgens die Driefase oorspoelmodel interaksie tussen ouers en kinders negatief kan beïnvloed. Skofwerkers wat lae werksbevredeging beleef kan moontlik nog hoër vlakke van werkstres beleef as gevolg van die ongereelde tye van skofte en die uitwerking wat dit op die skofwerker se liggaamsfunksies mag hê.

Uit die voorafgaande blyk dit dat beroepstatus, tyd, werkstres en werksbevredeging moontlik 'n invloed op die kwaliteit aandag en interaksie van die vader teenoor sy kind kan hê. Daarom moet dit in berekening gebring word om te bepaal wat die moontlike invloed van skofwerk op die verhouding tussen die ouer en kind is.

## 2.4 Skofwerk

### 2.4.1 Wat is skofwerk?

In die literatuur word daar na skofwerk verwys as werk wat gedoen word buite die normale dagtye.

Coleman (1995: 8-9) klassifiseer vier basiese kategorieë van skofwerk, afhangende van die werkslading:

(1) Aanhoudende, gebalanseerde dekking, 24 uur per dag vir 365 dae 'n jaar, met 'n konstante werkslading sodat die aantal werkers met elke skof dieselfde is (byvoorbeeld 'n Kernkragsentrale)

(2) Aanhoudende, ongebalanseerde dekking, 24 uur per dag 365 dae per jaar met 'n oneweredige werkslading, waar die aantal persone per skof verskil (byvoorbeeld hospitale en polisiediens).

(3) Skofdekking afhangende van die ekonomiese aanvraag, maar nie noodwendig 24 uur per dag 7 dae 'n week nie. Die skofte kan verminder word afhangende van die aanvraag (byvoorbeeld toergidse by wildsplase).

(4) Onreëlmatige skofwerk, waar skofwerk per geleentheid opduik (byvoorbeeld vragmotorbestuurders en bemanning van skepe).

Skofwerk is dus werk wat in tydvakke verdeel word. Elke nuwe tydvak het 'n nuwe groep arbeiders wat werk.

Vir hierdie studie word skofwerk beskou as werk wat op 'n gereelde basis geskeduleer is vir dag, nag en naweekwerk. Die skedule moet 'n 24 uur periode insluit en op 'n gereelde basis wees, met ander woorde die eerste twee kategorieë onder Coleman se klassifikasie van skofwerk.

### 2.4.2 Wie is die skofwerker?

Skofwerk kom oorheersend voor, in beroepe of industrieë waar dienste of produkte gelewer word binne 'n siklus van 24 uur. Volgens Simon (1990: 342) kom skofwerk voor in 'n wye verskeidenheid beroepe vir mans en vroue, naamlik:

- in motor-, enjinonderdele-, rekenaar-, papier-, rubber-, plastiek- en ander metaalfabrieke
- gesondheidswerkers, insluitend laboratoriumhelpers, -tegnici, onderhoudswerkers, verpleegsters en mediese nooddienste
- die brandweer, polisie, korrektiewe dienste en sekuriteitsbeamptes, sowel as die weermag
- vervoermaatskappye, soos die lugdiens, spoorweë en skeepvaart
- die voorsiening van kos en ontspanning
- in goud-, steenkool-, platinum- en ander myne

### 2.4.3 Wetgewing in Suid-Afrika oor skofwerk

**Maksimum gewone weeklikse werksure**

Die maksimum gewone weeklikse werksure vir werknemers is 46 uur per week, terwyl dit vir huis- en plaasarbeiders 48 uur is en 60 uur per week vir veiligheidswagte (Bendix 1996: 141).

**Maksimum gewone werksure per skof in die geval van skofwerkers**

'n Veiligheidswag wat 'n skofwerker is en wat vyf skofte per week werk, mag 'n maksimum skof van 12 uur werk, terwyl die veiligheidswag wat ses skofte per week werk, 'n maksimum skof van 10 uur werk, wat 'n totaal van 60 uur per week is.

Skofwerkers wat betrokke is by 'n aaneenlopende bedrywigheid, met ander woorde wat op 'n 24 uur rotasiebasis produkte of dienste lewer, mag ses skofte van agt ure werk, terwyl 'n ander skofwerker wat vyf skofte per week werk, 'n skof van 9 uur 15 minute mag werk (Jordaan & Rycroft 1994: 323).

**Oortyd**

'n Werknemer kan nie verplig word om oortyd te werk nie, behalwe as daar kontraktueel ooreengekom is dat die werkgewer oortyd van die werknemer verlang.

Wanneer oortyd in die werkskontrak ingesluit is, mag dit nie drie uur per dag of tien uur per week oorskry nie (Jordaan & Rycroft 1994: 324).

**Werk op Sondae**

Volgens die nuwe arbeidswet kan werk op Sondae toegelaat word sonder die toestemming van die Departement van werke. Werk op vakansiedae mag alleenlik gedoen word as daar 'n ooreenkoms aangegaan is tussen die werkgewer en die werknemer (Du Plessis, Fouché & Van Wyk 1998: 47)

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat gewone dagwerkers en skofwerkers dieselfde ure per week werk. Wat wel verskil is dat skofwerkers ongereelde ure werk wat aanleiding kan gee tot spesifieke gevolge vir die skofwerker en sy gesin. Navorsing deur Smith en Folkard (1993b: 304) wys dat skofwerk en spesifiek nagskofwerk en naweekskofwerk probleme vir die skofwerker, veral ten opsigte van die gesin, veroorsaak.

## 2.5 Spesifieke gevolge van skofwerk ten opsigte van die skofwerker

Die implikasies is geweldig omvangryk en om dit beter te analiseer is dit sinvol om eerstens te let op die gevolge wat skofwerk vir die skofwerker as individu inhou en tweedens om aandag te skenk aan die gevolge wat skofwerk vir die gesin van die skofwerker inhou.

### 2.5.1 Spesifieke gevolge van skofwerk ten opsigte van die skofwerker self

#### 2.5.1.1 Sirkadiese ritme

Die mens is 'n daggeoriënteerde wese en sy staat van wakkerheid en aktiwiteit word met daglig geassosieer terwyl sy rus- en slaapperiode geassosieer word met die nag. Hierdie slaap- of wakkerheidperiodes strek oor 24 uur en word sirkadiese ritmes genoem.

Sirkadiese ritmes beïnvloed meer as 'n 100 liggaamsfunksies wat die volgende insluit: metabolisme, asemhaling-, kardiovaskulêre, spysvertering- en nierfunksies wat bedags op hoër vlakke en snags op laer vlakke funksioneer (Costa 1996: 10; Coleman 1995: 59).

Skofwerk, veral nagskofwerk dwing die skofwerker om sy "aktiewe russiklus" om te skakel sodat sy rusperiode bedags is en sy staat van wakkerheid in die nag is. Hierdie verandering in liggaamsfunksie veroorsaak dat daar gedurige spanning op die liggaam geplaas word om so gou moontlik aan te pas by die nuwe werksure. Spanning wat in die liggaam ontstaan as gevolg van hierdie omstandighede kan moontlike gesondheidsprobleme veroorsaak soos moegheid, slaperigheid, slaaploosheid, spysverteringsprobleme en 'n swakker verstandelike vlugheid wat met swak werksverrigting gepaardgaan (Costa 1996: 10).

Versteurings in die sirkadiese ritmestrukture van die liggaam soos hierbo genoem, speel 'n bepalende rol in die mens se gesondheidstoestand en werkverrigtingsvermoë. Gesondheidstoestande soos moegheid en slaperigheid mag moontlik 'n invloed op die verhouding tussen ouer en kind hê. Moeë ouers wat nagskof gewerk het, kan moontlik ongeduldig, kortaf of selfs aggressief teenoor hul kinders optree wat die kinders as liefdeloosheid en verwerping deur sy ouers kan beleef.

**2.5.1.2 Slaap- en psigoneurotiese probleme**

Tydens skofwerk en veral nagskofwerk word slaap as liggaamsfunksie versteur. Slaapversteurings word deur twee faktore beïnvloed, naamlik: tydsduur en kwaliteit van die slaap.

Die tydsduur van die slaapperiode van 'n nagskofwerker, wat in die dag moet slaap, word beïnvloed deur verskeie faktore soos motorverkeer, huishoudelike toerusting wat met elektrisiteit werk, kinders in die omgewing, deurklokkies en telefone wat lui. By 'n skofwerker wat bedags slaap as gevolg van nagskof, is daar dus 'n merkbare vermindering van "diep slaap", wat essensieël is vir die herstel van fisieke moegheid.

Khaleque (1999: 184) toon aan dat verskillende werkskedules 'n beduidende effek op die tydsduur van skofwerkers se slaapperiode het. 'n Persoon wat oggendskof werk kry gemiddeld 7 uur 11 minute slaap per dag, terwyl 'n persoon wat middagskof werk gemiddeld 7 uur 30 minute slaap per dag kry en 'n persoon wat nagskof werk gemiddeld 4 uur 43 minute slaap inkry per dag. Hieruit blyk dit dat skofwerkers wat nagskof werk se tydsduur van slaap beduidend minder is as persone wat oggend- en middagskof werk. As gevolg van die feit dat 'n persoon wat oggendskof werk baie vroeg opstaan, is daar 'n vermindering van die "paradoksale slaap" wat op sy beurt belangrik is vir die instandhouding van die psigiese welstand van die mens (Jordaan & Jordaan 1998: 214-218).

Omstandighede soos hierbo genoem, naamlik: verkorting van slaaptyd en kwaliteit slaap kan moontlik op die lang duur tot permanente en ernstige slaapversteurings en versteurings in die senuweestelsel lei, wat aanleiding gee tot chroniese moegheid, gedragsveranderinge, konstante angs of depressie (Costa 1996: 10; Smith & Folkard 1993b: 304). Kinders wie se ouers chronies moeg, ongeduldig en geïrriteerd is, beleef moontlik gevoelens van verwerping, onsekerheid en onveiligheid wat kan lei tot teruggetrokkenheid en 'n swak waaghouding of rebelsheid.

### 2.5.2 Spesifieke gevolge van skofwerk ten opsigte van die skofwerker en die gesin

#### 2.5.2.1 Eetgewoontes en gastroversteurings

Maaltye is belangrike sinchroniseerders van die mens se lewe. Dit het fisiologiese en sosiale waarde en vorm 'n belangrike deel van die mens se lewe.

Die fisiologiese waarde van maaltye word bepaal deur die inname van voedsame voedsel wat die menslike liggaam nodig het om optimaal te funksioneer, veral tydens werksure. Skofwerkers se kalorie-inname tydens etes bly dieselfde, maar die kwaliteit van die voedsel wat geëet word neem af. Skofwerkers eet kitsetes, bestaande uit voorafverpakte kos en hulle inname van opkikkervloeistowwe soos koffie en tee is hoog. Skofwerkers geniet minstens een hoof ete by die werk, gewoonlik in 'n kafeteria. Etenstye is oor die algemeen kort en die skofwerkers is

genoodsaak om hulle kos vinnig te eet. Hierdie situasies gee aanleiding tot versteurings in die spysverteringstelsel. Rutenfranz (in Costa 1996: 10) wys dat 20 tot 75% van nagskofwerkers in vergelyking met 10 tot 25% dagskofwerkers, kla van versteurings in eetlus, onreëlmatige beweging van die ingewande met oorheersende hardlywigheid, sooibrand, slegte spysvertering en abdominale pyne.

Die sosiale waarde van maaltye word bepaal deur die samesyn van die gesin tydens maaltye. Die lede van 'n gesin kry kans om met mekaar te kommunikeer oor gebeure van die dag. Skofwerkers se skoftye val soms só, dat hulle dikwels gedurende die week wat hulle nagskof of middagskof werk, baie min of selfs glad nie saam met die gesin om die etenstafel sit en kuier nie. Hierdie omstandighede kan moontlik negatief op die gesinsdinamiek inwerk en gesinskommunikasie kan kwyn. Dit ontneem die kind van intieme kontak met sy ouers wat skofte werk. Ouers kan as gevolg van 'n gebrek aan interaksie en kommunikasie nie eers bewus wees van hul kinders se prestasies in die skool of op sportgebied nie of probleme wat hulle in dié opsig ondervind nie. Die kind kan moontlik gevoelens van verwaarlosing beleef.

### 2.5.2.2 Emosionele gevolge

Simon (1990: 344) het bevind dat nagskofwerkers soms 'n gevoel van minderwaardigheid beleef, aangesien hulle nie die dagskof werk nie. Die rede hiervoor was dat hulle persepsie is dat dagskofwerkers meer belangrike werk as hulle doen. Hierdie minderwaardigheidsgevoel van 'n persoon gaan gewoonlik gepaard met 'n lae selfkonsep. Burns (in Raath & Jacobs 1990: 4) verklaar dat die persoon met 'n lae selfkonsep homself afsonder van ander in 'n poging om sy selfkonsep te beskerm. Hierdie afsondering van die nagskofwerker om sy selfkonsep te beskerm, kan aanleiding gee tot gebrekkige kommunikasie tussen hom en die ander lede van die gesin. Sonder positiewe kommunikasie kan daar nie werklik sprake van goeie verhoudingstigting tussen skofwerkerouers en kinders wees nie. Daarom kan nagskofwerk van ouers aanleiding gee tot versteurde verhoudingstigting met hulleself en lede van die gesin.

Skofwerkers wat naweke werk, beleef meer werkstres as werkers wat van Maandag tot Vrydag werk (Jamal & Badawi 1995: 404). Volgens die Driefase-oorspoelmodel

wat in 2.2.1 bespreek is, lei werkstres van die ouers tot versteurde verhoudings tusssen hulle en hulle kinders wat kan lei tot gedragsprobleme soos rebelsheid by die tiener en huilerigheid by klein kindertjies as gevolg van onsekerheid.

Skofwerkers wat nie-gewone skoftye werk nie, beleef lae werksbevrediging (Jamal & Badawi 1995: 401). Nie gewone skoftye strek vanaf vyfuur in die middag tot die volgende oggend agtuur. Lae werksbevrediging van die skofwerker kan lei tot gevoelens van depressie, frustrasie en aggressie. Smith en Folkard (1993b: 304) het onderhoude gevoer met die lewensmaats van nagskofwerkers. Een van die vroue rapporteer dat haar man se persoonlikheid heeltemal verander tydens nagskoftye. Hy is meer geïrriteerd en humeurig, terwyl 'n ander weer haar lewe as 'n "lewe van hel" beskryf het. 'n Moontlike gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word is dat skofwerkers wat nie standaardskoftye werk, negatiewe gemoedstoestande beleef wat hulle verhouding met hulle gesinne negatief beïnvloed.

Barton, Aldridge en Smith (1998: 148-149) het dogters en seuns van skofwerkers met mekaar vergelyk. Dogters het 'n beduidende hoër vlak van depressie getoon ($F=4.93$; $df=1.76$; $P<0.05$), 'n beduidende hoër vlak van negatiewe gemoedstoestande ($F=4.42$; $df=1.87$; $P<0.05$), beduidend meer interpersoonlike probleme ($F=8.33$; $df=1.87$; $P<0.01$) en beduidend meer anhedonie ($F=4.30$; $df=1.87$; $P<0.05$) as die seuns in die groep. Die afleiding wat Barton, Aldridge en Smith maak, is dat dogters meer emosioneel deur hulle vaders se skofwerk geraak word as seuns. As in aanmerking geneem word dat mans, wat by skofwerk betrokke is geneig is tot depressie en aggressie soos vroeër bespreek is, dan wil dit voorkom asof hierdie gemoedstoestand van die vader 'n groter effek op die dogters het.

Uit die literatuur blyk dit dat skofwerk moontlik negatief kan inwerk op skofwerkers se emosionele toestand deurdat die persone hulself devalueer, werkstres en lae werksbevrediging beleef. Verder blyk dit dat indien die vaders nagskof werk, dit hulle huweliksmaats en veral dogters emosioneel negatief beïnvloed.

#### 2.5.2.3 Sosiale gevolge

Die mens is 'n sosiale wese en die gesin die primêre sosiale eenheid waarin die mens hom in die samelewing bevind. Die skofwerker kan uitgesluit word van die gesin en hulle sosiale aangeleenthede aangesien laat aande en aandbyeenkomste onmoontlik vir skofwerkers is wat middag- en nagskof werk. Huweliksmaats rapporteer dat dit moeilik is om gesins-, sosiale en gemeenskapslewe te beplan, aangesien daar gedurig rekening gehou moet word met die veranderende skoftye van die skofwerker (Simon 1990: 344).

**Skoftye**

Bourdouxhe *e.a.* (1999: 326) het bevind dat werkskedules die gesinslewe en sosiale lewe van die skofwerker ontwrig, veral skofwerkers met 'n huweliksmaat en kinders tussen die ouderdomme van 6 en 12 jaar. Khaleque (1999: 187) plaas die klem op roterende skoftye wat nie net die slaapkwaliteit van skofwerkers beïnvloed nie, maar ook hulle gesinslewe en sosiale aktiwiteite. Skofwerkers wat roterende skoftye werk, beleef meer ontevredenheid oor ontspanningsaktiwiteite en tyd wat saam met hulle gesinne gespandeer word as dagskofwerkers (Gordon *e.a.* & Stainer *e.a.* in Kurumatani, Koda, Nakagiri, Hisashige, Sakai & Saito 1994: 1005). 'n Beduidend hoër proporsie van weeklikse skofwerkers, as twee weeklikse skofwerkers, kla oor min kontak en tyd wat hulle tot hul beskikking het om saam met hulle kinders en gesinne te kan spandeer (Rahman & Pal 1994: 54). 'n Gebrek aan tyd wat skofwerkers het om met hulle kinders deur te bring, kan aanleiding gee tot distansiering tussen ouers en kinders. Distansiering kan bydra tot eensaamheid, onveiligheid, angs, frustrasie en onvervulde kommunikasiebehoeftes by kinders. Daarom kan die afleiding moontlik gemaak word, dat skoftye van skofwerkers 'n moontlike invloed op die verhouding tussen hulle en hul kinders het.

Jamal en Badawi (1995: 401) het bevind dat geen beduidende verskil gevind kon word tussen standaard- en nie-standaardskoftyd en werksbetrokkenheid en ontspanningstyd saam met vriende en op hul eie.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat sommige navorsers van mening is dat skoftye die sosiale lewe van die skofwerker negatief beïnvloed, terwyl ander

navorsers nie sodanige invloed kon aantoon nie. Aangesien daar teenstrydighede in die bevindinge is moet skoftye van die skofwerker moontlik as 'n vername veranderlike beskou word om die kwaliteit van die verhouding tussen die ouer en kind te verklaar.

**Die huwelik**

Smith en Folkard (1993b: 301) het bevind dat ongeveer een derde (32.6%) van vrouens wie se mans skofwerkes is, al probeer het om hulle te oorreed om aansoek te doen vir ander werk wat nie skofwerk insluit nie en (53.3%) van vroue wie se mans skofwerkers is, beleef hulle self as ongelukkig oor hulle mans se skofwerk. Deutsch en Saxon (1998: 358) het bevind dat daar 'n negatiewe korrelasie tussen skofwerk en huwelikskwaliteit is en dat skofwerk die waarskynlikheid verhoog vir egskeidings. Skofwerk kan, aan die ander kant, 'n ongelukkige huwelik laat voortsluimer omdat daar min kontak tussen man en vrou is (Coleman 1995: 99). Uit bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat skofwerk negatief inwerk op die huweliksgeluk tussen man en vrou. Huweliksontevredenheid en egskeiding beïnvloed die kwaliteit van die verhouding tussen ouers en kinders, aangesien die ouers minder warmte teenoor hulle kinders openbaar, daar 'n verhoging in vyandigheid is, veranderende opvoedingstyl gevolg word en 'n wanaangepaste huweliksverhouding aan die kinders voorgehou word (Shek 1998: 688).

Penn en Bootzin (1990: 213) en Deutsch en Saxon (1998: 332) wys op die voordele wat skofwerk vir die gesin inhou. Skoftye kan so gereël word dat een van die ouers by die kinders is om hulle te versorg terwyl die ander ouer werk. Op dié wyse raak die vader meer betrokke by die kinders se welsyn en versorging as die moeder skofte buite die huis werk.

Dit wil voorkom asof skofwerk en veral die skofskedules die sosiale lewe van die skofwerker saam met die gesin bemoeilik. Dit gee aanleiding tot moontlike huweliksontevredenheid wat die risiko vir egskeiding verhoog. Ander navorsing dui weer op positiewe gevolge van skofwerk soos, meer tyd saam met die kinders en vaders wat meer betrokke raak by die kind se welsyn as moeders skofte werk. Dit bemoeilik 'n defnitiewe uitspraak in die verband.

#### 2.5.2.4 Die effek van skofwerk op mans en vroue

Beermann en Nachreiner (1995: 295) het bevind dat indien skofwerk omstandighede waaronder mans en vroue werk, dieselfde is, die gevolge van skofwerk op mans en vroue nie beduidend verskil nie. 'n Moontlike afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat skofwerk mans en vroue fisiek dieselfde affekteer.

## 2.6 Hulpverlening aan skofwerkers

### 2.6.1 International Labour Office 1990 Convention (No 171)

Tydens die "Internasional Labour Office 1990 Convention (No 171)" is aanbevelings voorgestel om skofwerkers se omstandighede te verbeter (Kogi 1996: 6). Van die aanbevelings verskyn hieronder.

| Maatreëls | Periode of voorwaarde |
|---|---|
| Oorplaas na dag werk | Wanneer gesertifiseer as ongeskik weens gesondheidsredes |
| Kraambeskerming | Voor en na geboorte van kind vir 16 weke en vir adissisionele periode, indien nodig |
| Kompenserende voordele | In die vorm van tyd, geld, of ander voordele |
| Sosiale dienste | Toepaslike sosiale diens vir die spesifieke groep |
| Ure werk | Nie meer as 8 ure in 'n 24 uur periode<br>Geen oortyd in werk wat baie fisiek of verstandelik uitputtend is nie<br>Ten minste 11 ure rus tussen twee skofte |
| Moederskap | Dagskof gedurende swangerskap |
| Sosiale dienste, opleiding | Spesiale maatreëls |

Verder is daar op verskeie maatreëls gewys wat nodig is om die skofwerker se toleransie vir skofwerk asook gesondheid te verbeter. Die maatreëls sluit in:

- beter werkskedules vir die verbetering van die effek van fase skofwerk op die slaap- / wakkersiklus
- beter werkplek
- beter behuising
- beter slaap en omgewingskondisies
- ondersteuning van gesins- en sosiale verantwoordelikhede
- beskikbaarheid van gesondheids- en maatskaplike dienste

Die maatreëls of ingrypings rondom skofwerk moet buigsaam wees om rekening te hou met die persoonlike verskille tussen individue (Kogi 1996: 5-6).

### 2.6.2 Hanteringsmeganismes

Pisarski, Bohle en Callan (1998: 143) het veral twee groepe hanteringsmeganismes ondersoek naamlik: die probleemgesentreerde en emosioneelgesentreerde strategieë.

Die emosioneelgesentreerde hanteringsmeganismes sluit losmaking en emosionele uitdrukkingstrategieë in.
Die losmaakhanteringsmeganismes omvat verskeie strategieë wat skofwerkers kan benut om hulle los te maak van probleme by die werk, naamlik:

- om nie daaraan te dink nie
- om die situasie weg te dink
- krities teenoor jouself te wees
- om sosiaal te onttrek

Die emosionele uitdrukkingstrategieë fokus op die uitleef van emosies of op die deel van gevoelens met ander persone. Die effektiwiteit van die hanteringsmeganisme hang in 'n groot mate af van die sosiale ondersteuning deur familie, vriende, opsieners en kollegas. Daarom is goeie kommunikasie en interaksie tussen gesinslede, vriende en kollegas baie belangrik in die hantering van werkstres en depressie by die skofwerker.

Probleemgesentreerde strategieë sluit gedrags- en kognitiewe herstruktureringstrategieë in, soos aktiewe probleemhantering of herorganisering van die situasie soos dit ervaar is. 'n Nadeel van hierdie strategie is dat indien 'n probleem onoplosbaar is dit aanleiding kan gee tot 'n verhoogde vlak van werkstres by die werkers.

Bohle en Tilley (1993: 2-3) het bevind dat die ondersteuning van werkopsieners aan skofwerkers, werkstres by laasgenoemde beduidend verminder het en dat kollegas ook 'n sterk invloed op die vermindering van werkstres by nagskofwerkers gehad het.

Sosiale ondersteuning is besonder belangrik vir vroue skofwerkers aangesien hulle sosiale en huishoudelike verantwoordelikhede dit vir hulle moeiliker maak om by skofwerkeromstandighede aan te pas in vergelyking met hoe mans dit ervaar.

Ten slotte wys Pisarski, Bohle en Callan (1998: 142) dat min navorsing oor hanteringsmeganismes vir skofwerkers gedoen is en dat verdere navorsing daaroor noodsaaklik is.

## 2.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is aandag geskenk aan die invloed wat die konsepte werkverpligting en skofwerk op die mens en spesifiek op die verhouding tussen ouer en kind het.

Die vernaamste faktore wat 'n moontlike invloed op die ouer as beroepspersoon het blyk tyd en werkstatus te wees.

Wat betref die rol van die moeder is daar verskeie aspekte wat 'n moontlike invloed op die verhouding tussen haar en haar kind het. Hierdie aspekte sluit in: balansering van die rol van die moeder en die rol van beroepsvrou, identifikasieprobleme, werksure en die voorbeeld wat die moeder aan haar kinders stel.

Aspekte uit die literatuur wat die werkende man se rol as vader moontlik kan beïnvloed is: tipe werk, opvoedingsvlak, tyd saam met die kinders, werkstres en werksbevrediging.

Skofwerk is die tweede konsep waaraan aandag geskenk is in die literatuur. Skofwerk word in vier kategorieë geklassifiseer, naamlik:

Aanhoudende, gebalanseerde dekking
Aanhoudende, ongebalanseerde dekking
Skofdekking afhangende van ekonomiese aanvraag
Onreëlmatige skofwerk

Die vernaamste gevolge van skofwerk op die mens blyk die volgende te wees:

Sirkadiese ritme

Slaap- en psigoneurotiese probleme

Eetgewoontes en gastroversteurings

Emosionele gevolge

Sosiale gevolge

Wat in gedagte gehou moet word is dat skofwerk elke persoon moontlik anders beïnvloed, afhangende van die tipe skofwerk, skofskedules en of dit oggend-, middag- of nagskof is.

Dit blyk uit die "Internasional Labour Office 1990 Convention (No. 171)" dat daar spesifieke toegewings in plek gestel word vir skofwerkers om hulle te help en by te staan in die hantering van die negatiewe gevolge van skofwerk. Daar is 'n leemte in navorsing oor hanteringsmeganismes vir die skofwerker.

In die volgende hoofstuk word aandag geskenk aan die gesin, ten einde vas te stel wat die moontlike invloed van skofwerk op die gesin in die algemeen is en meer spesifiek op die verhouding tussen ouer en kind.

# HOOFSTUK 3

## DIE OUER-KINDVERHOUDING BINNE DIE GESINSVERBAND

### 3.1 Inleiding

Ouers is primêr die versorgers en opvoeders van hulle kinders. Hierdie versorging van kinders het nie net te make met die verskaffing van voedsel, kleding en huisvesting nie, maar die ouers dra ook die verantwoordelikheid om die kind in totaliteit te laat ontwikkel. Om daarin te slaag moet daar 'n gesonde, stabiele verhouding tussen ouer en kind wees. In die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk word die verhouding tussen die ouer en kind krities ontleed. Daar word hoofsaaklik op Landman, Mentz, Roos en Moller (1982: 8-9) se verhoudingstrukture gefokus.

Die tweede aspek wat in die hoofstuk bespreek word, is die gesin. Gesinsfunksies word pertinent belig omdat dit grootliks tot die kwaliteit van die verhouding tussen ouer en kind bydra.

Verskeie teoretici het gesinsfunksies beskryf. Sekere gesinsfunksies word belangriker as ander geag, afhangende van die perspektief waaruit dit bestudeer is. In hierdie studie sal daar na verskeie indelings van gesinsfunksies verwys word, maar slegs die gesinsfunksies wat betrekking op die verhouding tussen ouer en kind het, sal meer in besonderhede ontleed word.

In die samelewing word verskeie gesinstipes aangetref. Elkeen van hierdie gesinstipes het sy eie besondere verhoudingstruktuur wat moontlik 'n invloed op die verhouding tussen ouer en kind kan hê. Daarom word daar in hierdie hoofstuk gelet op die verskillende gesinstipes.

Ten laaste word gepoog om te bepaal watter invloed skofwerk moontlik op gesinsfunksies het. Indien dit blyk dat skofwerk wel 'n invloed op sekere

gesinsfunksies het, kan dit lig werp op die invloed wat skofwerk op die verhouding tussen ouer en kind het.

## 3.2 Ouer-kindverhouding

Kritzinger, Labuschagne en Pienaar (1977: 1152) beskryf 'n verhouding as 'n onderlinge betrekking tussen persone. Hierdie onderlinge betrekking dui op 'n sekere band wat tussen persone ontstaan deur interaksie en kommunikasie met mekaar. Daarom kan 'n verhouding tussen ouer en kind beskryf word as die interaksie en kommunikasie wat tussen ouer en kind bestaan.

Verskeie teoretici het die verhouding tussen ouer en kind beskryf. Opvoedkundiges soos Landman *e.a.* (1982: 8-9) en Oberholzer, Landman, Higgs, Roelofse, Swanepoel en Barnard (1993: 114-133) verwys na 'n pedagogiese verhoudingstruktuur tussen die volwassene en die kind. Hierdie pedagogiese verhoudingstruktuur bestaan volgens genoemde outeurs uit drie subverhoudings, naamlik die ken-, vertrouens- en gesagsverhouding.

- **Kenverhouding**

Die kenverhouding dui aan dat die kind nie selfstandig uitdrukking aan die idee van volwasse menslikheid kan gee nie. Die kind het 'n gebrek aan kennis en ervaring om 'n selfstandige volwassene te word, daarom wend hy hom tot iemand wat hom tot sekerheid en kundigheid ten opsigte van behoorlik selfstandige volwassenheid kan lei, 'n persoon wat hom ken, begryp en van wie hy self ook kennis dra (Van Rensburg, Landman & Bodenstein 1994: 19). Hierdie persone in die kind se lewe is primêr sy ouers, wat hom die beste ken en begryp en wie hy die beste ken. In hierdie verhoudingstruktuur is dit nie net die kind wat hom tot die ouer wend nie, maar ook die ouer wat hom met die kind bemoei en die kind probeer verstaan. Om beter begrip van die kind te verkry moet die ouer kennis dra van die kind se verskillende ontwikkelingstadia, en die besef dat elkeen van hierdie stadia ander uitdagings aan die ouer en kind stel.

- **Vertrouensverhouding**

Die begrip "vertroue" dui op geloof en hoop dat alles goed sal afloop (Kritzinger, Labuschagne & Pienaar 1977: 1172). 'n Vertrouensverhouding kan gevolglik beskryf word as 'n onderlinge betrekking tussen persone met die hoop dat alles goed sal gaan tussen hulle en dat hulle mekaar kan vertrou. Van Rensburg, Landman en Bodenstein (1994: 259) beskryf die vertrouensverhouding tussen ouer en kind as 'n eg menslike ontmoeting binne 'n veilige ruimte. Hierdie veilige ruimte kan alleenlik bewerkstellig word indien die ouer die kind onvoorwaardelik aanvaar en sy menswaardigheid as mens eerbiedig. Dit gee die kind genoeg vertroue in homself en sy ouers om dit in die wêreld te waag. Laastens impliseer vertroue dat die kind die ouer as basies goed sien en dat die ouer goed bedoel in die begeleiding van sy volwassewording binne die veilige ruimte van die gesin.

- **Gesagsverhouding**

Van Rensburg, Landman en Bodenstein (1994: 76) is van mening dat die vernaamste komponent in die gesagsverhouding, die hulpverlening tot behoorlike volwassenheid is. Dit is gesetel in die kind se aanváárding van ouerlike gesag en die ouer se noodsaaklike hulpverlening aan die kind om hierdie gesag te aanvaar. Oberholzer *e.a.* (1993: 126) ondersteun bogenoemde outeur se standpunt deur daarop te wys dat opvoedersliefde eers sinvol word wanneer die kind bereid is om die opvoedingsgesag van die ouer te aanvaar. Daarom kan die begeleiding tot behoorlike selfstandige volwassenheid van die kind net plaasvind as daar 'n aanvaarding van die ouers se gesag deur die kind is.

Conger (1991: 204-207) ontleed drie opvoedingstyle wat ouers gebruik om 'n gesagverhouding met hul kinders te stig.

**Demokratiese opvoedingstyl**

In die demokratiese opvoedingstyl rig ouers hul aandag op die welsyn en selfaktualisering van die kind. Liefdevolle dissipline word toegepas waar kinders toegelaat word om met die ouers te redeneer. Ouers gee redes vir die beperkings wat hulle stel en reëls wat hulle neerlê. In hierdie opvoedingstyl maak ouers van oop kommunikasie gebruik waar die kind sy wense aan die ouers kan kommunikeer terwyl

die kommunikasie van die ouers met die kind positief, demokraties, buigsaam, erkennend en rasioneel is.

**Outoritêre opvoedingstyl**

In hierdie opvoedingstyl het elke persoon 'n sekere hiërargiese posisie in die gesin, naamlik vader, moeder en kind. Die opvoedingstyl is gebaseer op 'n onderdrukkende, outoritêre houding en streng beheer deur die ouers. Gesagsuitoefening deur die ouer berus op gedragskontrole wat deur onbuigsame gedragsreëls neergelê word. Kinders waag nie om hulle wense en behoeftes aan hulle ouers te kommunikeer nie, terwyl ouers se kommunikasie aan die kind negatief, outokraties, ontkennend, eensydig, begriploos, formeel en koud is.

**Permissiewe opvoedingstyl**

Ouers met 'n permisiewe opvoedingstyl straf nie hulle kinders nie. Reëls en grense word nie vasgestel nie en ouerlike beheer ontbreek. Hierdie ouers stel nie aan kinders 'n rolmodel wat hulle kan navolg nie (Mussen, Conger, Kagan & Huston 1984: 483). Kinders soek rolmodelle om na op te sien en na te leef, daarom wil kinders graag hê dat hul ouers vir hul gesagsfigure moet wees en nie vriende nie. Sonder behoorlike leiding en ouergesag kan kinders moontlik 'n gevoel van onveiligheid beleef wat hul waaghouding om 'n volwasse persoon te word demp.

## 3.3 Wat is 'n gesin?

Om 'n definisie van 'n gesin te formuleer, is geen maklike taak nie, aangesien die konsep "gesin" oor tye heen en tussen kulture verskillende betekenisse het. Daarom is dit belangrik om te let op 'n paar uitsprake oor die konsep "gesin" soos dit in bestaande literatuur voorkom.

Murdock (in Haralambos 1985: 325) definieer die begrip "gesin" as volg: "The family is a social group characterized by common residence, economic co-operation and reproduction. It includes adults of both sexes, at least two of whom maintain a socially approved sexual relationship, and one or more children, own or adopted, of the sexually co-habiting adults."

In die 1950's en vroeë 1960's het gesinsosioloë soos Talcott Parsons, Bales en Goode die gesin vanuit 'n funksionalistiese perspektief beskryf. Volgens die funksionaliste was die "gesin" 'n goeie instelling, wat in die gesinslede se behoeftes soos kos, klere en skuiling voorsien het. Verder verrig die gesin ook bepaalde funksies in die samelewing, naamlik die oordra van norme en waardes wat kenmerkend van 'n spesifieke samelewing is (Steel & Kidd 2001: 7). In die moderne industriële samelewing word die gesin as funksieloos beskryf aangesien dit meeste van sy funksies aan ander instansies, soos skole, welsynsorganisasies en kerke buite die gesin afgestaan het (Haralambos 1988: 356). Parsons (in Haralambos 1988: 356) wys daarop dat met die verlies van sekere gesinsfunksies die oorblywende gesinsfunksies, soos die strukturering van die kind se persoonlikheid, belangriker in die samelewing geword het.

Giddens (1997: 582) definieer die gesin as 'n relatief klein groepie individue wat deur 'n bloedverwantskap, huwelik of aanneming aan mekaar verbind is, en waarin die volwassene of volwassenes die verantwoordelikheid vir die versorging van die kinders op hulle neem.

Uit bogenoemde kan die konsep "gesin" moontlik beskryf word as 'n dinamiese instelling wat uit 'n unieke groep mense bestaan wat onder een dak bly en waarvan die struktuur meestal bestaan uit 'n moederfiguur, 'n vaderfiguur of beide met kinders om die eenheid wat bekend staan as gesin, te bestuur.

### 3.3.1 Tipes gesinne

Vanuit die literatuur kom dit voor asof verskeie outeurs verskillende indelings van gesinstipes gemaak het.

Steyn (1990: 121) maak 'n gesinsindeling volgens die struktuur van die gesin. Hierdie struktuur van die gesin dui op die posisie wat elke individu in die gesin beklee, naamlik vader, moeder en kind. Die spesifieke gesinstrukture soos deur Steyn beskryf is die kerngesin, uitgebreide gesin, gewysigde uitgebreide gesin, poligamiese gesin, enkelouergesin en hersaamgestelde gesin.

- **Die kerngesin**

Die kerngesin word beskou as die mees basiese gesinstipe. Hierdie gesinstipe bestaan uit een man en een vrou wat deur die huweliksband tot egpaar verbind is (monogamie), saam met hulle onmiddellike nakomelinge (Steyn, Van Wyk & Le Roux 1990: 44).

- **Die uitgebreide gesin**

Die uitgebreide gesinstipe ontstaan deurdat twee of meer gesinne aan mekaar gekoppel word deur die uitbreiding van die ouer-kindverhouding (Steyn 1990: 122). 'n Voorbeeld van 'n uitgebreide gesin is waar die oudste getroude seun by die gesin van oorsprong inwoon.

- **Die gewysigde uitgebreide gesin**

Litwak (in Steyn 1990: 123) verwys na die gewysigde uitgebreide gesin as 'n kerngesin saam met 'n groep verwante lede wat mekaar ondersteun. 'n Voorbeeld is waar 'n uitgebreide gesin, addisionele lede, hetsy verwant of loseerders, in die gesin inneem en dienste op 'n vrywillige en morele basis aan diesulkes lewer (Du Plessis 1999: 70). Hierdie saamgroepering van verwante lede in 'n groter huishouding, voorsien in bepaalde sosiale behoeftes en bied emosionele sekuriteit aan hulle.

- **Die poligamiese gesin**

Die poligamiese gesin is 'n tipe uitgebreide gesin en bestaan uit twee of meer kerngesinne wat deur gelyktydige huwelike met mekaar verbind is, waar een van die eggenote 'n gemeenskaplike lid van meer as een kerngesin is (Steyn 1990: 122). 'n Voorbeeld is as een man met twee of meer vroue in die huwelik tree en kinders by beide vroue het.

- **Die enkelouergesin**

Die enkelouergesin bestaan uit een ouer wat na die welsyn van die kinders moet omsien. Hierdie tipe gesin kan deur verskeie omstandighede tot stand kom, soos egskeiding, dood van 'n ouer of die geboorte van 'n buite-egtelike kind wat slegs deur een van die ouers versorg word (Steyn 1990: 128).

- **Die hersaamgestelde gesin**

Die hersaamgestelde gesin ontstaan wanneer enkelouers hertrou, of trou as hulle nog nie vantevore getroud was nie. Volgens Steyn, Van Wyk en Le Roux (1990: 143) kan 'n wye verskeidenheid van gesinsvorme weens hertrou ontstaan.

Ponsioen (in Pretorius 1988: 43-44) maak 'n onderskeid tussen die volgende ses gesinstipes:

- **Die patriargale gesin**

Die gesin is 'n produktiewe eenheid wat volkome geslote is. Die man is die absolute heer en meester van die gesin.

- **Die koshuisgesin**

Die gesin word gekenmerk deur gesinslede wat buitenshuis leef. Elke gesinslid gaan sy eie gang. Die gesin doen min aktiwiteite saam. Daar is min intimiteit in hierdie tipe gesin.

- **Die skyngesin**

Daar heers intense spanning tussen man en vrou of tussen ouers en kinders in hierdie gesinstipe. Aanvaarbare norme van die samelewing word deur die gesin bevraagteken en slegs die skyn van 'n ideale gesin word gehandhaaf.

- **Die oop gesin binne 'n geslote dorp, milieu of buurt.**

In hierdie gesinstipe vervul die dorp of buurt gedeeltelik die funksie van 'n uitgebreide of grootgesin. Gesinne in die dorp of buurt kontroleer mekaar onderling ten opsigte van behoorlike gedrag.

- **Die geslote gesin**

Die geslote gesin word gekenmerk deur 'n sterk godsdienssin, tradisionele sedelikheid en die gesin leef in 'n eie kring na binne weg van die alledaagse lewe. Die gesinstipe kom in alle stande van die samelewing voor.

- **Die oop gesin in die oop maatskapy**

Hierdie gesinstipe openbaar 'n groot mate van openheid na buite. Die gesinslede neem deel aan aktiwiteite wat gemeenskapsorganisasies, soos skole, kerke en verenigings bied. Gesinstake word gesamentlik gedoen. Die gesin probeer om die nuwe maatskaplike feite en eise van die samelewing met hulle optimale gesinslewe te integreer.

Uit bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat daar 'n groot verskeidenheid gesinstipes in die samelewing voorkom. Daarom sal dit bykans onmoontlik wees om in hierdie studie op een spesifieke gesinstipe te konsentreer. Daar word dus eerder aandag aan gesinsfunksies geskenk.

## 3.4 Gesinsfunksies

Dit is uit die literatuur duidelik dat verskeie indelings van gesinsfunksies gemaak is. Van die vernaamste indelings wat kortliks bespreek sal word is dié van Pretorius, Booysen, Murdock, Parsons en Bales en David Olson.

Pretorius (1998: 48) maak 'n onderskeid tussen die kern- en randfunksies van gesinne. Kernfunksies bepaal die wese van 'n gesin en sluit die volgende in:

- biologiese funksie
- opvoedingsfunksie
- sosiale funksie
- religieuse funksie
- beskermingsfunksie
- affektiewe funksie

Die randfunksies binne 'n gesin sluit die volgende in:

- ontspanningsfunksie
- ekonomiese funksie
- statustoekennende funksie

Booysen (1987: 54-68) verdeel gesinsfunksies in twee breë kategorieë, naamlik dié van versorging en dié van opvoeding. Die versorgingsfunksie behels die liggaamlike

versorging van gesinslede soos die voorsiening van voedsel, kleding en beskerming terwyl die opvoedingsfunksie 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite insluit:

- kognitiewe ontwikkeling
- norm- en waardeoordraging
- rolle en rolidentifisering
- sosialisering
- behoefte en behoeftebevrediging
- selfkonsepvorming

Murdock (in Steel & Kidd 2001: 40-41) beweer dat die gesin vier basiese funksies het, naamlik:

- seksuele funksie
- reproduktiewe funksie
- ekonomiese funksie
- opvoedingsfunksie

Volgens Murdock verwys die opvoedingsfunksie na 'n wyer proses van sosialisering wat die oordra van taal, norme en waardes, kulturele en sosiale vaardighede insluit.

Parsons en Bales (in Steel & Kidd 2001: 42) glo dat elke gesin twee basiese funksies het, naamlik die sosialisering van kinders en die stabilisering van volwasse persoonlikhede.

Olson, Russell en Sprenkle (1983: 69-71) beskryf gesinsfunksionering aan die hand van drie konsepte, naamlik:

(1) kohesie – die emosionele band wat tussen die gesinslede bestaan

(2) aanpasbaarheid – die vermoë wat 'n gesinsisteem besit om aan te pas by die verandering binne die gesin, soos magstruktuur en uitbreiding van die gesin

(3) kommunikasie – dit tree as fasiliteerder op en funksioneer tussen die ander twee dimensies, naamlik kohesie en aanpassing

Uit bogenoemde blyk dit dat daar 'n wye verskeidenheid van gesinsfunksies is. Vir die doel van hierdie studie sal daar gelet word op gesinsfunksies wat moontlik 'n

invloed op die verhouding tussen ouer en kind kan hê. Daarom sal daar op die volgende gesinsfunksies gefokus word:

- fisiologiese funksie
- kognitiewe funksie
- kommunikasiefunksie
- persoonlikheidsontwikkeling as funksie
- sosialiseringsfunksie
- morele funksie
- religieuse funksie
- ontspanningsfunksie

### 3.4.1 Fisiologiese funksie

Maslow beskryf die dinamiek van die mens se persoonlikheid aan die hand van 'n stel basiese behoeftes, naamlik die fisiologiese behoeftes, behoefte aan veiligheid en die behoefte aan liefde en respek (selfagting) wat in 'n hiërargie gerangskik is. Eers wanneer hierdie basiese behoeftes op 'n gereelde basis bevredig word, tree die hoër behoeftes, soos selfaktualisering na vore.

Fisiologiese behoeftes volgens Maslow (in Meyer, Moore & Viljoen 1997: 462) is die mees basiese behoeftes wat te make het met oorlewing van die mens en wat deur die gesin bevredig moet word. Hierdie behoeftes sluit honger, dors, behoefte aan suurstof, slaap, aktiwiteite, sensoriese stimulering en seksuele bevrediging in.

Wanneer hierdie fisiologiese behoeftes nie op 'n gereelde basis vervul word nie, oorheers dit alle hoër behoeftes van die mens. Indien hierdie fisiologiese behoeftes gereeld bevredig word, ontstaan daar 'n behoefte aan veiligheid. Hierdie veiligheidsbehoeftes op die tweede vlak van die hiërargie sluit 'n gevoel van sekuriteit, stabiliteit, afhanklikheid, beskerming en die daarstelling van grense aan die mens in (Maslow 1970: 18). Indien beide fisiologiese en veiligheidsbehoeftes op 'n gereelde basis bevredig word, ontstaan die derde vlak van behoeftes wat liefde, affeksie en die behoefte om te behoort insluit. Wanneer hierdie behoeftes nie na wense bevredig word nie, sal die persoon (kind) moontlik 'n gevoel van alleenheid

beleef wat sy totale denke kan oorheers. Die ouer sal, volgens Maslow se teorie, eers in die kind se fisiologiese behoeftes, veiligheidsbehoeftes en die behoefte aan liefde moet voorsien voordat daar 'n betekenisvolle verhouding tussen ouers en kinders kan ontstaan. By gebrek aan enige van die bogenoemde behoeftes, sal die kind se totale psige oorheers word met die gedagte om te oorleef en kan die verhouding tussen ouer en kind moontlik skade lei.

Ouers wat werk kan moontlik in hulle kinders se basiese fisiologiese behoefte, soos kos, klere en huisvesting voorsien. Indien ouers werkloos is kan 'n gebrek aan voedsame kos ontstaan wat geassosieer word met swak fisieke en verstandelike ontwikkeling, verlaging in energievlakke van die adolessent, laer weerstand teen infeksie en emosionele onstabiliteit (Rice 1992: 187). Giddens (1997: 124) beweer verder dat persone in 'n hoër sosio-ekonomiese posisie oor die algemeen gesonder is en langer leef weens van 'n beter dieet en beter toegang tot mediese dienste. Hierdie hoër sosio-ekonomiese posisie van ouers kan aan die kind 'n gevoel van sekuriteit bied wat moontlik tot 'n positiewe vertrouensverhouding tussen ouer en kind kan lei. Soms is ouers verplig om skofwerk te verrig om in die fisiologiese behoeftes van die kind te voorsien. Dit gee aanleiding daartoe dat ouers minder tyd het om aan die kind se opvoeding en ontwikkeling te spandeer. Geld en besittings vervang die ouer. Hierdie situasie kan moontlik die kwaliteit van die verhouding tussen ouer en kind negatief beïnvloed.

### 3.4.2 Kognitiewe ontwikkeling van die kind.

Van den Aardweg en Van den Aardweg (1993: 41) definieer kognitiewe ontwikkeling as 'n aanhoudende en kumulatiewe ontwikkeling van die intellek wat teen die individu se eie tempo plaasvind.

Verskeie teorieë oor kognitiewe ontwikkeling is geformuleer, maar dit is veral Piaget en Vygotsky wat meer diepgaande navorsing hieroor gedoen het.

Volgens Sternberg (1999: 446) is Piaget se teorie van kognitiewe ontwikkeling gebaseer op 'n biologiese rypwordingsproses wat binne die persoon geskied. Piaget en Inhelder (1969) verdeel die kognitiewe ontwikkeling van die mens in vier periodes:

- **Sensories-motoriese periode (van geboorte tot 2 jaar)**

Tydens hierdie periode leer die babas die wêreld ken deur middel van waarneming (sensories) en handeling (motories). Baba verken hulle wêreld deur reflekse soos die suig- en gryprefleks. Dan begin babas handelinge herhaal wat op hulle eie liggame gefokus is, soos om hulle duim aanhoudend te suig. Hierna verskuif die klem na die omgewing en babas sal byvoorbeeld die stootwaentjie waaraan die poppie hang aanhoudend skop om dit te laat beweeg. Wanneer babas 12 tot 18 maande oud is, begin hulle eksperimenteer met die omgewing deur byvoorbeeld hulle bekertjies van verskillende hoogtes te laat val om die effek te kan waarneem. Volgens Piaget en Inhelder (1969: 14) ontwikkel babas teen die einde van die sensories-motoriese fase die wete dat 'n voorwerp nog bly bestaan al het dit uit die gesigsveld verdwyn.

- **Pre-operasionele periode (vanaf 2 tot omtrent 7 jaar)**

Tydens hierdie periode beskik die kind nog nie oor die vermoë om logies te redeneer nie. Mwamwenda (1994: 64) wys op karaktereienskappe van die kind in hierdie periode: Kinders kan nie onderskei wat lewende en nie-lewende voorwerpe is nie. Daarom glo hulle dat klippe kan praat. Kinders het slegs hulle eie standpunt en kan nie ander se standpunte insien nie. Verder redeneer hulle van die spesifieke na die spesifieke byvoorbeld die verestoffer moet vlieg want dit het vere. Kinders kan slegs op grond van een dimensie voorwerpe klassifiseer byvoorbeeld volgens die kleur of grootte van voorwerpe.

- **Konkreet-operasionele periode (vanaf 7 tot 11 of 12 jaar)**

Tydens hierdie periode is die kind in staat tot konkreet operasionele denke en klassifiseer opjekte op 'n logiese manier. Die meeste van die tekortkominge in die kind se denke is te bowe gekom. Die grootste probleem wat kinders in hierdie fase ervaar is die onvermoë tot abstrakte denke.

- **Formeel-operasionele periode (adolessensie)**

Volgens Piaget is hierdie periode die hoogste vlak van kognitiewe ontwikkeling by die mens. Die ontwikkeling van logiese en abstrakte denke vind nou plaas en adolessente ontwikkel die vermoë om formele denkhandelinge uit te voer.

Adolessente beskik oor die vermoë om verskeie oplossings vir 'n probleem te oorweeg, oplossings word getoets en besluite word geneem om die beste oplossing vir die betrokke probleem te identifiseer.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat kinders slegs hierdie formele vlak van kognitiewe ontwikkeling kan bereik indien hulle aan 'n stimulerende omgewing blootgestel word. Kinders wat nie blootstelling van 'n stimulerende omgewing geniet nie, neem langer indien ooit om op hierdie optimale vlak van kognitiewe ontwikkeling te kan funksioneer. Mwamwenda (1994: 68) wys daarop dat alhoewel biologiese rypwording 'n belangrike rol vervul, 'n stimulerende omgewing belangrik vir kognitiewe ontwikkeling is.

In teenstelling met Piaget behandel Vygotsky se teorie van kognitiewe ontwikkeling die interaksie tussen biologiese rypwording en omgewingsfaktore deur te fokus op die sosio-kulturele konteks. Die teorie belig die rol van die ouer as instrument in die kognitiewe ontwikkeling van die kind.

Die "zone of proximal development (ZPD)" is Vygotsky se term vir 'n reeks take wat te moeilik vir die kind is om alleen te bemeester. Die kind kan alleen deur leiding en bystand van volwassenes of kinders met meer kennis en vaardighede 'n bepaalde "ZPD" vlak bereik. Hierdie konsep veronderstel dat "leer" 'n interpersoonlike en dinamiese sosiale aangeleentheid is wat minstens twee persone insluit. Sodra 'n taak bemeester is, vorm dit die fondament vir 'n nuwe "ZPD". 'n Voorbeeld waar "ZPD" duidelik na vore kom is tydens taalontwikkeling. Die ouer begin met 'n sekere stemtoon, meer herhalings, en met meer intonasie met die baba kommunikeer. Die "ZPD" verander wanneer die baba babbel en koer. Nou skakel die ouer oor na eenwoordsinne. Sodra die baba eenwoordsinne gebruik skuif die ouer die "ZPD" van kommunikasie op na tweewoordsinne en hou die ouer aan totdat die taalkonstruksie van die kind soortgelyk aan dié van 'n volwassene is. Vanuit hierdie teorie kan afgelei word dat kinders met die samewerking van hulle ouers 'n hoër vlak van kognitiewe ontwikkeling kan bereik (Sternberg 1999: 446-449 en Craig & Baucum 2002: 56-57). Skofwerk kan veroorsaak dat ouers nie voldoende aandag en tyd saam met hulle kinders spandeer nie wat moontlik kan lei tot 'n agterstand in kognitiewe ontwikkeling.

### 3.4.2.1 Die invloed van ouers se beroepe op die kognitiewe ontwikkeling van die kind

Hoffman (in Grigorenko & Sternberg 2001: 123) het bevind dat kinders se skolastiese prestasie hoër was as moeders gewerk het in vergelyking met kinders wie se moeders tuisteskeppers was. Goldberg, Greenberger en Nagel (1996: 1520) het weer bevind dat indien moeders se weeklikse werksure vermeerder, dit 'n invloed op dogters sowel as seuns se skolastiese vordering het. Bogenschneider en Steinberg (1994: 71) sluit gedeeltelik aan by bogenoemde en wys dat laer skolastiese prestasie van seuns verband hou met hul moeders se beroepslewe. Daar is bevind dat seuns uit 'n hoëmiddelklas- en middelklasomgewing se prestasie voorskool en in die hoërskooljare negatief beïnvloed is deur hulle moeders wat gedurende hul voorskoolse jare gewerk het. Huidige beroepsverpligtinge van moeders het geen effek op hoërskooldogters uit 'n hoëmiddelklas- en middelklasomgewing se skolastiese prestasies gehad nie, maar hulle toon wel laer prestasie op hoërskool as hul moeders gedurende hulle voorskoolse jare gewerk het.

Evans en Kelley (2000: 10) het weer bevind dat die moeders se beroep geen effek op die kind se skoolwerk het nie, maar dat die moeder se vlak van skoling eerder 'n invloed op die kind se skolastiese prestasie het.

Die uiteenlopende resultate soos hierbo vermeld, kan moontlik aan faktore soos beroepstatus van die ouer, hoeveelheid werksure wat ouers per week werk en die akademiese vlak van ouers toegeskryf word.

### 3.4.3 Persoonlikheidsontwikkeling

Verskeie teorieë oor die ontwikkeling van persoonlikheid is geformuleer omdat die konstruk uit verskillende perspektiewe bestudeer is. Vir die doel van die studie sal daar gelet word op Erikson, 'n psigoanalis se teorie wat spesifiek aandag skenk aan identiteitsontwikkeling by die kind.

Erikson deel die menslike ontwikkeling in agt ontwikkelingstadia, waarvan die vyfde die vorming van 'n eie identiteit is. Erikson (in Evans 1981: 35) beklemtoon dat identiteit ontwikkel deur al die vroeëre stadiums, naamlik die babastadium (basiese vertroue teenoor wantroue), die vroeë kinderjare (outonomie teenoor skaamte en twyfel), die speelstadium (inisiatief teenoor skuld) en die skooljare (arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid). Navorsing deur Bester (1990: 95) bevestig bogenoemde en toon dat daar 'n beduidend positiewe korrelasie tussen die vorige fases en die vorming van 'n identiteit deur die kind in die vyfde fase bestaan.

Die krisis in die eerste ontwikkelingstadium van Erikson se persoonlikheidsteorie is vertroue teenoor wantroue wat deur die kind opgelos moet word. Volgens Erikson (1968: 55) moet die kind in hierdie stadium vertroue in homself en die wêreld verkry. Verder beklemtoon Erikson (1968: 63) dat die kwaliteit van die verhouding wat die moeder met haar kind het, die mate van vertroue bepaal wat die kind in sy omgewing het en dat dit sy identiteit in groot mate bepaal. Dit blyk duidelik dat 'n positiewe vertrouensverhouding tussen ouer en kind identiteitsvorming bevorder.

Die krisis in die tweede ontwikkelingstadium is outonomie teenoor skaamte en twyfel. Hier moet ouers hul kind aanmoedig om op sy eie voete te staan en hom terselfdertyd beskerm teen onnodige mislukking en gevoelens van skaamte. Erikson (1968: 68) wys daarop dat 'n kind wat 'n gevoel van selfbeheer het sonder dat sy selfagting verlore gaan, 'n behoudende gevoel van outomomie en trots ontwikkel wat lei tot 'n eie identiteit. Indien daar 'n oorkontrole by die ouers is, gee dit aanleiding tot 'n gevoel van twyfel en skaamte.

Die derde krisis in die ontwikkellingsmodel van Erikson is inisiatief teenoor skuld. Bester en Prinsloo (1990: 30) stel dit dat indien die persoon inisiatief verkry, dit hom in staat stel om met ondernemingsgees en beplanning sy eie unieke moontlikhede te verwerklik en uit te bou. Erikson (1968: 74) wys daarop dat die kind nou moet uitvind watter tipe persoon hy is en dat hy met inisiatief en oorgawe soos sy ouers wil wees en met hulle wil identifiseer.

Die vierde krisis wat die kind moet oplos is arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid. Die kind in hierdie stadium moet leer om die werktuie van hulle

kultuur te hanteer, en ywerige medewerkers aan enige produktiewe proses te word. Erikson (1968: 86) wys daarop dat die kind nou leer dat hy erkenning kry as hy sekere dinge produseer. Die kind wat 'n taak suksesvol afhandel sal moontlik 'n positiewe selfbeeld vorm, wat aanleiding sal gee tot 'n positiewe identiteitsvorming.

Die vyfde ontwikkelingstadium neem 'n aanvang met die begin van puberteit waar identiteit teenoor identiteitsdiffuusheid die volgende krisis is wat die kind moet hanteer. In hierdie stadium ontwikkel die adolessent 'n gevoel van wie hy is en waarheen hy op pad is. Erikson (1968: 89) wys dat die adolessent in sy soeke na 'n nuwe gevoel van kontinuïteit en eendersheid, baie van die krisisse in die vroeë jare weer moet deurwerk, aangesien hulle nooit gereed is om blywende beelde en ideale as riglyne vir 'n finale identiteit te vorm nie. Die samelewing maak voorsiening vir die adolessent se identiteitskrisis deur aan hulle 'n psigososiale moratorium te bied. Hierdie moratorium is 'n tydperk van grasie waarin die adolessent geleentheid het om die identiteitsoektog taamlik onversteurd voort te sit, byvoorbeeld deur met verskillende identiteite te eksperimenteer.

Volgens Erikson se teorie blyk dit dat die ouer 'n belangrike rol vervul wanneer die kind 'n positiewe identiteit vorm. Daarom word daar aandag geskenk aan die invloed van ouerskapstyle, ouerbetrokkenheid, kommunikasie van ouers en die opvoeding van kinders deur ouers om 'n identiteit by die kind te vestig.

**Die invloed van ouerskapstyle op die identiteit van kinders**

'n Demokratiese ouerskapstyl dra by tot identiteitsontwikkeling waar ouerlike optrede gekenmerk word deur betrokkenheid, ondersteuning, oop kommunikasie en die stel van duidelike riglyne (Conger 1991: 204-207). In hierdie ouerskapstyl kry die adolessent die geleentheid om sy mening te lug en vorm 'n emosionele gehegtheid tussen die ouer en kind. In gesinne waar ouers 'n outoritêre ouerskapstyl toepas kry die adolessent weinig geleentheid om sy mening te lug en lei dit tot 'n vooruitbesliste identiteit. 'n Permissiewe ouerskapstyl lei tot onbetrokkenheid en verwerping. In hierdie geval word geen leiding aan die adolessent gegee nie en dit lei tot identiteitsverwarring by die adolessent.

**Betrokkenheid van die ouer by die kind**

Matterson (in Conger 1991: 224) het bevind dat adolessente seuns 'n sterker gevoel van identiteit ontwikkel as albei ouers se gedrag dieselfde teenoor hulle is. Die vader speel verder 'n belangrike rol in die dogter se identifikasie. In die dogter se verhouding met haar vader leer sy hoe 'n man optree en wat haar rol ten opsigte van die man is.

Van den Aardweg en Van den Aardweg (1993: 161) wys dat indien die moeder nie haar rol as vrou na behore voorleef aan haar dogter nie, haar dogter nie na behore met die rol van vrouwees identifiseer nie. Douvan en Adelson (in Conger 1991: 224) sluit gedeeltelik aan by bogenoemde en wys dat 'n sterk gevoel van identiteit by dogters ontwikkel as die moeder 'n versorgende, effektiewe rolmodel is en die vader liefdevol, beleefd en ondersteunend is. Verder word daarop gewys dat dogters 'n duidelike besef van hulle eie identiteit ontwikkel as die moeder 'n sekere mate van onafhanklikheid en sukses aanmoedig, terwyl die moeder aanhou om ondersteunend op te tree. Skofwerkerouers kan moontlik nie genoegsame tyd aan hul kinders spandeer nie, wat kan lei tot swak identifikasie met ouers. Die kind kan moontlik identifikasiefigure op ander pleke soek soos in klubs of by bendes.

**Identiteit en kommunikasie binne die gesin**

Mense bevind hul in kommunikasie met hul medemens. Ontoereikende kommunikasie as gevolg van 'n generasiegaping beteken ontoereikende identiteitsverwerwing deur die kind. De Villiers (1993: 70) wys daarop dat sinvolle opvoedingskommunikasie daartoe bydra dat adolessente hul identiteit op 'n realistiese wyse kan evalueer. Verder kan die ouer deur nie-verbale kommunikasie aanvaarde norme en standaarde aan die kind voorleef waarmee hulle hul kan identifiseer.

**Identiteitsvorming by oudste en jongste kinders**

Bester en Prinsloo (1990: 32) wys daarop dat daar verskille voorkom in die wyse waarop ouers oudste en jongste kinders opvoed, maar dat daar geen beduidende verskil in identiteitsvorming gevind kon word by oudste en jongste kinders nie. Die afleiding wat genoemde outeurs hieruit gemaak het, is dat ander faktore aanleiding gee tot identiteitsverskille tussen kinders van dieselfde gesin.

Reeds in paragraaf 2.5.2.2 is daarop gewys dat skofwerk die optrede van mense verander aangesien hulle meer geïrriteerd, humeurig en soms depressief is. Hierdie omstandighede kan moontlik 'n negatiewe invloed op die verhouding tussen ouer en kind hê, wat die identiteit van die kind negatief kan beïnvloed. 'n Voorbeeld hiervan is as kinders met negatiewe eienskappe van die ouers, soos byvoorbeeld aggressiwiteit identifiseer.

### 3.4.4 Sosialisering

Giddens (1997: 585) definieer sosialisering as sosiale prosesse waardeur kinders bewus word van sosiale norme en waardes asook 'n besondere gewaarwording van die self. Hierdie gewaarwording van die self vind plaas wanneer die kind homself begin sien as 'n persoon met 'n eie stel norme en waardes wat hy in sy persoonlikheid internaliseer en hom laat deel word van 'n spesifieke samelewing.

Sielkundiges huldig tradisioneel die siening dat sosialisering 'n outonome of self gegenereerde aanvaarding van ouerlike waardes en standaarde deur die kind is en dat hulle hierdie waardes en standaarde spontaan in die afwesigheid van die ouers aanwend (Grusec, Goodnow en Kuczynski 2000: 207).

Louw, Van Ede en Louw (1998: 315-317) wys op verskeie sosialiseringsagente in die samelewing, naamlik ouers, broers en susters, portuurgroep, televisie, skool en dagsorgsentrums. Aangesien sosialisering as 'n gesinsfunksie bespreek word, word aandag geskenk aan ouers as die primêre sosialiseringsagent van die kind.

Die eerste aspek van ouers wat 'n invloed op die sosialisering van die kind het, is **warmte.** Hierdie warmte manifesteer in die onvoorwaardelike aanvaarding en liefdevolheid van die ouer. Ouers wat warmte oordra is meer suksesvol in die sosialisering van hul kinders as ouers wat koud en verwerpend teenoor hul kinders optree. Eisenberg, Losoya, Fabes, Guthrie, Reiser, Murphy, Shepard, Poulin en Padgett (2001: 200) en Grusec, Goodnow en Kuczynski (2000: 207) huldig soortgelyke sienings en beklemtoon dat 'n warm liefdevolle verhouding tussen ouer en kind deurslaggewend vir die sosialisering van die kind is.

Die tweede aspek van ouers wat 'n invloed op die sosialisering van die kind het is **ouerlike beheer.** Ouers oefen toepaslike beheer uit oor hulle kinders as hulle hoë, maar ouderdomsverwante verwagtinge aan hulle kinders stel en hulle opvoed om aan die verwagtinge te voldoen. Dit is belangrik dat die ouerlike beheer konsekwent toegepas moet word.

**Oop kommunikasie** is die derde aspek van ouers wat 'n invloed op die sosialisering van die kind het. Baumrind (in Louw, Van Ede & Louw 1998: 314) het bevind dat kleuters van ouers wat openlik met hulle gekommunikeer het, bevoeg in sosiale situasies opgetree het. Oop kommunikasie van die ouers versterk die vertrouens-, ken- en gesagsverhouding tussen ouer en kind wat lei tot positiewe sosialisering met mekaar.

Die vierde aspek van ouers wat 'n invloed op die sosialisering van die kind het is **ouerlike betrokkenheid**. Betrokke ouers is positief en stel in hulle kinders se doen en late belang. Hierdie ouers spandeer kwaliteit tyd saam met hulle kinders en kry sodoende die geleentheid om hulle norme en waardes aan die kind voor te lewe.

De Waard (1999: 18), Bourdouxhe *e.a.* (1999: 326) en Deutsch en Saxon (1998: 332) sinspeel daarop dat skofwerk inbreek maak op die individu se sosiale lewe, aangesien skofwerk die geleentheid vir deelname aan sosiale aktiwiteite verminder. Gevolglik spandeer ouers wat skofte werk dikwels minder tye saam met hulle kinders en is die geleentheid vir ouers om 'n positiewe invloed op hulle kinders se sosialisering te hê, ook minder. Hierdie kinders kan hulle moontlik wend tot hulle portuurgroep as sosialiseringsagent wat die verkeerde norme en waardes aan hulle kan voorleef.

### 3.4.5 Kommunikasie

Kommunikasie is die meedeel van inligting, gebeure, ervarings en opinies aan die wêreld op 'n verbale of nie-verbale wyse en wat deur emosie gekleur is. Die kunstenaar kommunikeer deur sy kuns, die sanger deur dit wat hy sing, die argitek deur dit wat hy ontwerp (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1993: 48).

Burke (1989: 16) en Jackson, Bijstra, Oostra en Bosma (1998: 305) bestempel kommunikasie as een van die belangrike fasette van interpersoonlike verhoudings binne die gesin. Daarom kan die kwaliteit van gesinskommunikasie moontlik die kwaliteit van die verhouding tussen ouer en kind bepaal.

Positiewe kommunikasievaardighede volgens Olson, Russel en Sprenkle (1983: 74) help die gesin om veranderende behoeftes met mekaar te deel. Dit sluit empatie, reflektiewe luister, ondersteunende aanmerkings, stuur van duidelike kongruente boodskappe en effektiewe probleemoplossing in. Negatiewe kommunikasievaardighede volgens Olson, Russel en Sprenkle (1983: 74) verminder die moontlikheid dat gesinslede gevoelens met mekaar deel. Dit sluit dubbel boodskappe, kritiek, gebrek aan empatie en swak probleemoplossingsvaardighede in.

Noller (in Fitzpatrick & Vangelisti, 1995: 77) wys op vyf funksies van kommunikasie tussen die ouer en die adolessente:

- die daarstelling en erkenning van rolle, reëls en verhoudings
- daarstelling van 'n aanvaarbare klimaat vir identiteitseksplorasie
- die versterking eerder as die afbreek van self-agting
- voorsien aanvaarbare model en onderrig ten opsigte van probleemoplossing
- die moontlik maak van adolessente om besluite te neem vir die toekoms

Uit bogenoemde blyk dit dat kommunikasie as fasiliteerder dien vir gesinsfunksies, soos verhoudingstigting, die oordra van reëls, identiteitsvorming, daarstelling van 'n goeie selfwaarde, probleemoplossing, sosialisering en besluitneming.

- **Die invloed van ouderdom op die ouer-kindkommunikasie**

Jong adolessente rapporteer meer positiewe oop kommunikasie met ouers as ouer adolessente. Jackson *e.a.* (1998: 319) het bevind dat met die toename in die adolessent se ouderdom kommunikasieprobleme met beide ouers vermeerder het. 'n Moontlike afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat jong adolessente makliker die standpunte van hulle ouers aanvaar terwyl ouer adolessente hulle eie standpunte begin vorm oor sekere aspekte, soos kleredrag en haarstyl wat aanleiding gee tot konflik. Jackson *e.a.* (1998: 319) het verder bevind dat namate adolessente ouer word, die

patroon van konflik verander aangesien die adolessent sekere kommunikasievaardighede aanleer wat die kommunikasiekwaliteit tusssen ouer en kind verbeter.

- **Die invloed van opvoedingsvlak op die ouer-kindkommunikasie**

Navorsing deur Jackson *e.a.* (1998: 317) toon dat daar 'n positiewe korrelasie tussen opvoedingsvlakke van die adolessent en kommunikasie is. Adolessente wat 'n hoër opvoedingsvlak het, is meer positief ten opsigte van kommunikasie met hulle ouers as adolessente met 'n laer opvoedingsvlak. Dit is moontlik dat kinders met 'n hoër opvoedingsvlak meer kommunikasievaardighede besit en dat dit aanleiding kan gee tot minder konflik in die verhouding tussen ouer en kind

- **Die invloed van sosiale klas op die ouer-kindkommunikasie**

Fitzpatrick en Vangelisti (1995: 56) het bevind dat sosiale klas 'n invloed op die kommunikasiestrategieë van ouers het. Die mees algemene kommunikasiestrategie wat werkersklasouers gebruik, is posisiegesentreerde kommunikasie wat bevele, dreigemente, reëls en fisieke tugtiging insluit. Middelklasouers gebruik induktiewe en persoongesentreerde vorme van kommunikasie wat redenering, induksie en persoonlike voorlewing om dissiplinne te handhaaf insluit. Kommunikasiestrategieë in middelklasgesinne blyk meer positief te wees as in die werkersklasgesinne. Die verskil kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die middelklasgesinne beter en meer kommunikasievaardighede besit as werkersklasgesinne.

Uit bogenoemde blyk dit dat kommunikasie 'n vername rol speel in die verhouding tussen ouer en kind. Daarom sal daar gelet moet word op die kommunikasie binne die skofwerkergesin as 'n faktor wat die verhouding tussen ouer en kind bepaal.

### 3.4.6 Religieuse ontwikkeling

Religieuse ontwikkeling dui op 'n spirituele verhouding of dimensie tussen die mens en 'n goddelike krag. Dit is 'n beklemtoning van 'n geloof in, die eerbied vir, 'n verlange na die beoefening van kerkgebruike, voorskrifte en bepalings (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1993: 202).

Myers (1996: 863) wys veral op drie gesinsfaktore wat godsdiensoordrag beïnvloed, naamlik ouerlike godsdienstigheid, kwaliteit van gesinsverhoudings en tradisionele gesinstruktuur.

- **Ouerlike godsdienstigheid**

Ouers wat saamstem oor godsdienstige oortuigings en gevolglik meer stabiliteit verseker, het 'n groter invloed op hul kinders se godsdienstige ontwikkeling omdat kinders stabiliteit en sekerheid ervaar, as ouers wat gemengde oortuigings aan hul kinders oordra. Verder is bevind dat die effek van ouerlike godsdiensoordrag beter in konserwatiewe protestantse gesinne is as in liberale protestantse gesinne (Myers 1996: 864).

- **Verhoudings binne die gesin**

Myers (1996: 864) beweer dat kinders hulle ouers se godsdienstige oortuigings makliker aanvaar in gesinne waar albei biologiese ouers in 'n gelukkige huwelik teenwoordig is. Verder word beweer dat swakker verhoudings tussen kinders en stiefouers die aanvaarding van godsdienstige norme en waardes verminder.

Matige vlakke van beheer deur ouers verhoog die moontlikheid vir positiewe oordrag van religieuse oortuigings. Ouers en kinders kan beter onderhandel en kompromieë aangaan oor gesinsrolle en verwagtinge in 'n warm koesterende atmosfeer (Myers 1996: 865). Okagaki en Bevis (1999: 312) sluit gedeeltelik aan by bogenoemde en wys daarop dat dogters wat groter moederlike warmte beleef, bykans dieselfde ingesteldheid teenoor godsdiens ontwikkel as wat die ingesteldheid van die moeder is. Okagaki en Bevis (1999: 311) wys verder dat dogters se persepsie van hulle ouers se religieuse oortuigings akkurater was as daar meer daaroor gekommunikeer is.

Taris en Semin (1997: 219) en Bahr, Maughan, Marcos en Li (1998: 987) het bevind dat 'n positiewe moeder-kindverhouding godsdiensoordrag by adolessente bevorder. Navorsing deur Bahr *e.a.* (1998: 987) dui verder op 'n positiewe verband tussen die vader-adolessentverhouding en godsdiens, maar die verband tussen die moeder-adolessentverhouding en godsdiens sterker is. 'n Moontlike afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat dit veral die moeder is wat 'n invloed op die oordrag van

religieuse oortuigings het. Indien die moeder egter skofwerk verrig, het sy minder tyd om aan die kind te spandeer en dit kan die oordrag van religieuse oortuigings benadeel.

- **Tradisionele gesinstrukture**

Die tradisionele gesinstruktuur verwys na 'n gesin waar die vader die gesagsfiguur en verantwoordelik vir finansiële sekuriteit is, terwyl die moeder verantwoordelikheid vir die versorging van die kinders aanvaar. Myers (1996: 865) het bevind dat 'n moeder met min opleiding minder in die arbeidsmag betrokke is, wat die kanse verhoog vir die oordrag van godsdienstige waardes tuis. Verder blyk dit dat die oordrag van godsienstige waardes tuis sterker is in gesinne waar die vader dominant is.

Sosiokulturele teoretici soos Gallimore, Weisner, Bernheimer, Guthrie & Nihira (in Okagaki & Bevis 1999: 316) argumenteer dat, om die oordrag van norme en waardes van ouers op die kinders te verstaan, die alledaagse aktiwiteite (kosmaak, tuinwerk) waarby beide die ouer en kind betrokke is, bestudeer moet word. Tydens die gesamentlike aktiwiteite kry ouers geleentheid om hul idees oor godsdienstige aangeleenthede aan hul kind oor te dra en die kind se idees te wysig. Kinders sien hoe hul ouers hulle geloofsoortuigings uitleef en onderwerp hulself aan die gesag wat aan hulle voorgehou word. Skofwerkers moet soms op Sondae werk, al is dit teen hulle geloofsoortuigings. Gesinsaktiwiteite soos om saam 'n kerkdiens by te woon, kan in die slag bly wat 'n moontlike effek op die kind se religieuse ontwikkeling mag hê.

### 3.4.7 Morele ontwikkeling

Morele ontwikkeling het betrekking op die aanleer om te onderskei tussen reg en verkeerd, goed en sleg, aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag in die samelewing.

Verskeie sielkundiges soos Freud, Erikson, Maslow, Piaget en Gilligan het aandag aan die morele ontwikkeling geskenk, maar dit is veral Kohlberg wat in meer diepte navorsing hieroor gedoen het.

Lawrence Kohlberg (in Rice 1992: 468-470) verdeel die mens se morele ontwikkeling in drie verskillende vlakke, naamlik prekonvensionele, konvensionele en

postkonvensionele vlak. Hierdie drie vlakke van morele redenering word elk in twee fases verdeel.

In die *prekonvensionele vlak* poog die kind om persoonlike belange te dien en persoonlike behoeftes te bevredig. Tydens fase 1 gehoorsaam die kind reëls om straf te vermy. Tydens fase 2 gehoorsaam die kind reëls vir 'n beloning of om die guns van 'n persoon te verkry.

Gedurende die *konvensionele vlak* word die egosentriese behoeftes van die kind vervang deur die behoeftes en verwagtinge van die portuurgroep. Morele oordeel in fase 3 word gekenmerk deur interpersoonlike verwagtings, verhoudings en konformiteit – goeie seun/goeie meisie oriëntasie. Die kind gehoorsaam reëls om aanvaar te word en verwerping te vermy. Tydens fase 4 poog kinders om die reëls na te kom omdat hulle hulself daarmee identifiseer en hulle dit as noodsaaklik vir die voortbestaan van die samelewing beskou.

Gedurende die *postkonfensionele vlak* word universeel etiese beginsels gehandhaaf en moraliteite word nagestreef wat bo die wet verhewe is. Tydens fase 5 val die klem op reëls as kontraktuele ooreenkomste wat ten doel het om die regte van individue te beskerm en algemene welsyn in die samelewing te bevorder. In die laaste fase tree kinders volgens selfgekose beginsels op wat op universele waardes berus.

Okagaki en Moore (2000: 141), Kochanska (in Grusec, Goodnow & Kuczynski 2000: 207), Berkowitz en Grych (1998: 374-379) en Mussen *e.a.* (1984:385) het almal min of meer bevind dat warm positiewe kommunikasie en interaksie tussen ouer en kind 'n beduidende positiewe invloed op die vorming van 'n gewete en morele redenering van die kind het. Rice (1992: 476) wys veral op 5 gesinsfaktore wat 'n beduidende invloed op die kind se morele ontwikkeling het, naamlik:

- ouerlike aanvaarding en vertroue
- die frekwensie en intensiteit van interaksie en kommunikasie tussen ouer en kind
- tipe dissipline wat ouers toepas bv. (outokraties, demokraties of permissief)
- die rolmodel wat ouers aan hul kinders voorhou
- geleenthede wat die kind kry om onafhanklik op te tree

Uit bogenoemde blyk dit dat daar verskeie gesinsfaktore is wat 'n rol speel in die oordra van morele waardes. Om die invloed van skofwerk op die oordra van morele waardes te bepaal sal daar gelet moet word op gesinskommunikasie, ouerskapstyl, rolmodelle van die ouer en ouerlike aanvaarding.

### 3.4.8 Ontspanningsfunksie

Die ontspanningsfunksie kan beskryf word as die saamdoen van gemeenskaplike aktiwiteite soos saam vakansie hou, tuinmaak, stokperdjies beoefen, musiek of radio luister, televisie kyk, sportbyeenkomste bywoon en kerk toe gaan.

Die meeste ontspanningsaktiwiteite van kinders is deur instansies in die gemeenskap soos skole, kerke en klubs oorgeneem. Ouers het min direkte kontak met die kind se vryetydsbesteding en voorsien slegs die geld vir die aktiwiteite waaraan hulle kinders deelneem.

Tydens ontspanningsaktiwiteite word daar 'n geleentheid vir ouers en kinders geskep om mekaar in 'n ontspanne atmosfeer beter te leer ken. Gedurende adolessensie dink die kind dat ouers hulle nie verstaan nie en ouers dink dat kinders tog nie vir hulle luister nie en sodoende word bykans geen ontspanningsaktiwiteite saam gedoen nie. Adolessente se motiverings, belangstellings en denkwyses verskil van ouers en dit veroorsaak dat daar 'n psigiese distansie sowel as konflik ontstaan. Die verskynsel staan bekend as 'n generasiegaping (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1993: 97).

Amato (in Meschke & Silbereisen 1998: 462) het bevind dat betrokkenheid van ouers by adolessente se vryetydsbesteding riskante optrede beperk het. Ouers wat in hulle kinders se lewe betrokke is, het meer beheer oor hulle kinders se doen en late en kan die kind leiding gee tydens gesamentlike aktiwiteite.

Meschke en Silbereisen (1998: 458) wys daarop dat vryetydsbesteding 'n belangrike rol speel in die sosialisering van adolessente. Daarom moet die ouer die geleentheid

wat ontspanningsaktiwiteite aan hom bied gebruik om norme en waardes van die samelewing aan die kind oor te dra.

Ontspanningsaktiwiteite help dat mense vergeet van hulle stres en probleme by die werk. Roggman, Moe, Hart en Furthun (1994: 466) het bevind dat daar 'n positiewe korrelasie tussen gesinsontspanning en psigologiese gesondheid van die ouers en die verhouding tussen ouer en kind is. Daarom is dit belangrik dat sowel kinders as ouers aan ontspanningsaktiwiteite deelneem.

Smith en Folkard (1993b: 299), Penn en Bootzin (1990: 213) en Kundi, Koller, Stefan, Lehner, Kaindlsdorfer en Rottenbucher (1995: 138) wys almal daarop dat die skofwerker minder tyd het om aan die gesin en ontspanningsaktiwiteite te spandeer. Hierdie omstandighede in die gesin kan moontlik lei tot 'n generasiegaping tussen ouer en kind wat rebelsheid of gevoelens van verwerping by die kind teweeg kan bring.

### 3.5 Samevatting

Die hoofstuk het gehandel oor tipes gesinne en gesinsfunksies wat moontlik 'n invloed op die verhouding tussen ouer en kind kan hê.

Die vernaamste gesinsfunksies wat 'n invloed op die verhouding tussen ouer en kind het, blyk die volgende te wees, naamlik fisiologiese, kognitiewe, kommunikasie-, persoonlikheidsontwikkeling-, sosialiserings-, morele, religieuse en ontspanningsfunksie.

Dit blyk dat verskeie faktore 'n rol speel in die suksesvolle realisering van gesinsfunksies. Hierdie faktore sluit in die opvoedingstyl van ouers, positiewe oop kommunikasie binne die gesin, warm atmosfeer in die gesin, vertroue en betrokkenheid van ouers by hulle kinders.

Dit blyk dat kommunikasie as gesinsfunksie 'n fasiliterende rol het of as fondament dien vir die suksesvolle realisering van die ander gesinsfunksies. Positiewe oop

gesinskommunikasie blyk verder 'n positiewe uitwerking op die verhouding tussen ouer en kind te hê.

Skofwerk van ouers blyk die volgende uitwerking op sekere gesinsfunksies te hê, naamlik

- 'n negatiewe invloed op die kognitiewe ontwikkeling van die kind
- dat kinders swak identifiseer met ouers wat aanleiding gee dat hulle identifikasiefigure buite die gesin soek
- dat die sosiale lewe binne gesinsverband ontwrig en die oordrag van sosiale waardes deur ouers aan hulle kinders benadeel word
- dat ouers nie genoegsame geleentheid kry om positief met hul kinders te kommunikeer nie, terwyl kommunikasie as hoeksteen dien vir die daarstelling van 'n positiewe verhouding tussen ouer en kind
- dat godsdienstige aktiwiteite van die gesin soos huisgodsdiens en kerkdienste ontwrig word
- dat ouers nie genoegsame kwaliteit tyd saam met hulle kinders deurbring om morele waardes en norme oor te dra nie
- dat ouers minder tyd vir ontspanning saam met hulle kinders het, wat moontlik tot 'n generasiegaping kan lei

Ten einde vas te stel watter invloed skofwerk op die verhouding tussen ouer en kind het, is 'n empiriese ondersoek uitgevoer wat vervolgens bespreek sal word.

# HOOFSTUK 4

## DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

### 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die beplanning en uitvoering van die empiriese ondersoek bespreek. Die doel van die ondersoek is om die invloed van skofwerk op die verhouding tussen ouer en kind te bepaal. Ten einde hierdie doel te bereik sal geskikte meetinstrumente geïdentifiseer word. Veranderlikes soos werkstatus van die ouers, ouderdom en geslag van die kind en aantal kinders in die gesin is in die literatuurstudie geïdentifiseer as moontlike faktore wat die verhouding tussen ouer en kind kan beïnvloed. Hierdie faktore sal in berekening gebring word wanneer die invloed van skofwerk op die verhouding tussen ouer en kind bepaal word.

Vanuit die literatuurstudie kan sekere hipoteses geformuleer word. Die hipoteses sal formeel in hierdie hoofstuk gestel word. Die steekproef wat gebruik is om die hipoteses te toets asook die navorsingsprosedure wat gevolg is, sal ook in hierdie hoofstuk bespreek word.

### 4.2 Hipoteses

Die volgende hipoteses kan uit die literatuurstudie geformuleer word.

#### 4.2.1 Hipotese 1

Daar is 'n beduidende verskil in die ouer-kindverhouding by gesinne waar ouers skofte werk en gesinne waar ouers nie skofte werk nie.

Rasionaal

Volgens navorsing deur Smith en Folkard (1993b: 304) blyk dit dat skofwerk die sosiale lewe van die gesin ontwrig. Skofwerkers kla oor die min tyd wat hulle tot hul beskikking het om saam met hulle kinders en gesinne te spandeer. Hierdie min tyd wat ouer en kind saam spandeer veroorsaak dat daar 'n generasiegaping ontstaan. Adolessente kla dat ouers hulle nie verstaan nie en ouers kla oor dieselfde aangeleentheid. Hierdie gebrek aan begrip tussen adolessent en ouer veroorsaak konflik tussen hulle. Konflik tussen ouer en adolessent gee weer aanleiding daartoe dat hulle nie die geleentheid kry om 'n behoorlike ken-, gesags- en vertrouensverhouding tussen hulle op te bou nie.

Navorsing deur Jamal en Badawi (1995: 401) het bevind dat persone wat skofwerk verrig hoër vlakke van stres ervaar as persone wat nie skofwerk verrig nie. Volgens die Driefase-oorspoelmodel *in* paragraaf 2.2.1 kan werkstres van ouers die verhouding tussen hulle en hul kinders negatief beïnvloed.

### 4.2.2 Hipotese 2

Daar bestaan 'n beduidende verskil ten opsigte van gesinskommunikasie by gesinne waar ouers skofte werk en gesinne waar ouers nie skofte werk nie.

Rasionaal

Uit paragraaf 2.5.2.2 het dit geblyk dat skofwerk die optrede van skofwerkers verander en dat hulle meer geïrriteerd en humeurig is nadat hulle nagskof gewerk het. Hierdie persoonlikheidsverandering by die ouer wat skofte werk kan moontlik aanleiding gee tot posisiegesentreerde kommunikasie wat bevele, dreigemente, reëls en fisieke tugtiging van sy kind insluit (paragraaf 3.4.5). Adolessente wat uit ouerhuise kom waar posisiegesentreerde kommunikasie gebruik word, is dikwels opstandig en kom in verset teen die gesag van hulle ouers. Kommunikasie tussen ouer en kind word oorheers deur konflik en toekomstige kommunikasiekanale word belemmer wat op sy beurt die verhouding tussen ouer en kind kan belemmer (De Villiers 1993: 155).

Die mees algemene klagtes van adolessente ten opsigte van kommunikasie, is dat ouers nie na hulle idees luister of probeer om hulle opinies of gevoelens te verstaan nie (Rice 1992: 109). Die moontlikheid bestaan dat in gesinne waar ouers skofte werk die probleem meer intens sal wees.

### 4.2.3 Hipotese 3

Daar bestaan 'n beduidende verskil tussen seuns en dogters se verhouding met hulle ouers in gesinne waar die ouers skofte werk.

Rasionaal

Barton, Aldridge en Smith (1998: 148-149) het dogters en seuns van skofwerkers met mekaar vergelyk. Dogters het 'n beduidende hoër vlak van depressie getoon, 'n beduidende hoër vlak van negatiewe gemoedstoestande, beduidend meer interpersoonlike probleme en beduidend meer anhedonie as die seuns in die groep. Die afleiding wat Barton maak is dat dogters meer emosioneel deur hulle vaders se skofwerk geraak word as seuns. 'n Moontlike gevolgtrekking uit bogenoemde is dat skofwerk die verhouding tussen dogter en skofwerkerouer meer sal beïnvloed as die verhouding tussen seun en skofwerkerouer.

### 4.2.4 Hipotese 4

Daar bestaan 'n beduidende verskil tussen seuns en dogters se kommunikasiepatrone met hulle ouers in gesinne waar die ouers skofte werk.

Rasionaal

Navorsing wat De Villiers (1993: 193) gedoen het blyk dat seuns en dogters hulle kommunikasie met hulle ouers dieselfde beoordeel. Tog wys Rice (1992: 429) daarop dat seuns in 'n mindere mate emosies met ander bespreek.

Navorsing deur Barton, Aldridge en Smith (1998: 148-149) wys daarop dat skofwerk van ouers seuns en dogters verskillend beïnvloed.

### 4.2.5 Hipotese 5

Daar bestaan 'n beduidende verband tussen die aantal kinders in 'n gesin en die verhouding tussen ouer en kind by gesinne waar ouers skofte werk.

Rasionaal

Kinders in laer sosio-ekonomiese groepe is gewoonlik deel van groter gesinne. Hoe groter die gesin hoe minder tyd is daar vir ouers om individuele aandag aan elke kind in die gesin te gee. Indien ouers skofwerk verrig is daar moontlik nog minder tyd wat ouers tot hulle beskikking het om individuele aandag aan hulle kinders te kan gee (Kurumatani *e.a.* 1994: 1005). 'n Positiewe verhouding tussen ouer en kind kan alleenlik opgebou word indien hulle genoegsame kwaliteit tyd saam spandeer.

Bell en Avery (in Rice 1992: 106) het bevind dat daar meer konflik tussen ouer en adolessent in groter gesinne is. Hoe meer konflik daar tussen ouer en kind is, hoe groter is die kanse vir 'n versteurde verhouding tussen hulle.

### 4.2.6 Hipotese 6

Daar bestaan 'n beduidende verband tussen die aantal kinders in 'n gesin en kommunikasiepatrone tussen ouer en kind by gesinne waar ouers skofte werk.

Rasionaal

Kinders in laer sosio-ekonomiese groepe maak gewoonlik deel uit van groter gesinne. Burleson *e.a.* (in Fitzpatrick & Vangelisti 1995: 57) dui aan dat ouers in laer sosio-ekonomiese groepe meer van posisiegesentreerde kommunikasie gebruik maak terwyl ouers in middel sosio-ekonomese groepe meer van persoongesentreerde kommunikasie gebruik maak. In gesinne waar die

kindertal groot is, word ouers moontlik gedwing om van posisiegesentreerde kommunikasie gebruik te maak aangesien daar nie genoegsame individuele aandag aan elke kind in die huishouding gegee kan word nie.

### 4.2.7 Hipotese 7

Daar bestaan 'n beduidende verskil tussen oudste, middelste, jongste en enigste kinders se verhouding met hulle ouers in gesinne waar die ouers skofte werk.

Rasionaal

Volgens Cohen en Beckwith (in Louw, Van Ede & Louw 1998: 358) is ouers geneig om meer aandag aan eersgeborenes te gee, meer toegeneentheid te openbaar en ook dat daar meer interaksie tussen ouers en kinders plaasvind, terwyl die jongste kinders byvoorbeeld weer vir baie jare as die babas van die gesin behandel word. Bester en Prinsloo (1990: 32) wys ook daarop dat daar verskille voorkom in die wyse waarop ouers oudste en jongste kinders opvoed. Die middelste kinders voel weer dikwels emosioneel verwerp omdat hulle nooit 'n eksklusiewe verhouding met hulle ouers kon hê soos die oudste kinders nie. Dit blyk uit bogenoemde dat die posisie van die kinders in die gesin die kwaliteit van die verhouding tussen ouers en kinders moontlik kan beïnvloed.

### 4.2.8 Hipotese 8

Daar bestaan 'n beduidende verskil tussen oudste, middelste, jongste en enigste kinders se gesinskommunikasie met hulle ouers in gesinne waar die ouers skofte werk.

Rasionaal

Louw, Van Ede en Louw (1998: 357) wys daarop dat daar meer interaksie tussen die oudste kinders en die ouers plaasvind. Daar is verder bevind dat die

middelste kinders veral in die middelkinderjare dikwels hegter bande met die portuurgroep vorm wat hulle kommunikasie met hul ouers kan beïnvloed. Die jongste kinders word weer as die babas in die gesin gesien en ontvang baie aandag van die ouers (De Villiers 1993: 89). Hierdie verskillende posisies wat kinders in 'n gesin beklee kan daarom moontlik hulle kommunikasie met hulle ouers affekteer.

### 4.2.9 Hipotese 9

In gesinne waar die ouers skofte werk bestaan daar 'n beduidende verskil tussen kinders in verskillende ouderdomsgroepe se verhouding met hulle ouers.

Rasionaal

Elke ouderdomsfase van kinders stel eiesoortige eise aan die ouers wat hulle verhouding met hulle kinders beïnvloed. Die verhouding van die ouer met 'n 12-jarige kind sal byvoorbeeld van dié van 'n 16-jarige kind verskil aangesien die 16-jarige kind kognitief, emosioneel, sosiaal en fisiek meer ontwikkel is as die 12–jarige kind. Craig en Baucum (2002: 394) wys daarop dat die verhouding tussen ouers en adolessente dramaties verander as gevolg van hulle fisieke ontwikkeling. Facio en Batistuta (1998: 60) het weer bevind dat daar 'n toename in admirasie vir die moeder was onder ouer adolessente.

### 4.2.10 Hipotese 10

Daar bestaan 'n beduidende verskil tussen kinders in verskillende ouderdomsgroepe se gesinskommunikasie in gesinne waar die ouers skofte werk.

Rasionaal

Jackson *e.a.* (1998: 319) het bevind dat met die toename in die adolessent se ouderdom kommunikasieprobleme met beide ouers vermeerder het. Verder is

daar bevind dat namate die adolessent ouer word, die patroon van konflik tussen ouer en kind verander aangesien die adolessent sekere kommunikasievaardighede aanleer wat die kwaliteit van kommunikasie tussen hulle verbeter.

## 4.3 Navorsingsontwerp van die ondersoek

Om die hipoteses wat in 4.2 gestel is te toets is 'n bepaalde navorsingsontwerp gekies wat vervolgens bespreek sal word.

### 4.3.1 Die steekproef

Skole in die Secunda en Kriel omgewing is genader vir proefpersone. Die rede is dat 'n groot gedeelte van die arbeidsmag in hierdie omgewing by skofwerk betrokke is. Uit die beskikbare skole is daar toe op 'n ewekansige wyse 'n skool geïdentifiseer. In die skool is leerders in verskillende grade op ewekansige wyse gekies om deel uit te maak van die ondersoek. Die getal seuns en dogters in elke graad word in tabel 4.1 aangedui.

**TABEL 4.1**

**DIE GETAL SEUNS EN DOGTERS IN ELKE GRAAD WAT AAN DIE ONDERSOEK DEELGENEEM HET**

| GRAAD | SEUNS | DOGTERS | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| 8 | 33 | 32 | 65 |
| 9 | 11 | 20 | 31 |
| 10 | 12 | 19 | 31 |
| 11 | 15 | 24 | 39 |
| 12 | 12 | 26 | 38 |
| TOTAAL | 83 | 121 | 204 |

Hierdie leerders verteenwoordig gesinne met 'n lae tot hoë sosio-ekonomiese status.

In die ondersoek is daar van hoërskoolleerders gebruik gemaak as proefpersone aangesien hulle denkvermoë op 'n hoër vlak ontwikkel is en hulle die vraelyste

moontlik beter kan beantwoord. Verder is dit moontlik dat taal- en kultuurverskille 'n invloed kan uitoefen op die ondersoek. Dit is nie veranderlikes wat in hierdie studie ondersoek word nie en daarom word net van Afrikaanssprekende leerders gebruik gemaak.

Daar is 'n onderskeid gemaak tussen leerders in skofwerker en nie-skofwerker gesinne. Die getal leerders in skofwerker en nie-skofwerker gesinne word in tabel 4.2 gegee.

**TABEL 4.2**

**GETAL PROEFPERSONE IN SKOFWERKER EN NIE-SKOFWERKERGESINNE**

| | FREKWENSIE | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| SKOFWERKERS | 98 | 48,04 |
| NIE-SKOFWERKERS | 106 | 51,96 |

Uit tabel 4.2 blyk dit dat dat daar min of meer dieselfde hoeveelheid kinders in gesinne is waar ouers skofte werk en gesinne waar ouers nie skofte werk nie.

Tabel 4.3 toon die aantal kinders in 'n gesin aan.

**TABEL 4.3**

**AANTAL KINDERS IN 'N GESIN**

| AANTAL | FREKWENSIE | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| 1 | 13 | 6,37 |
| 2 | 84 | 41,18 |
| 3 | 67 | 32,84 |
| 4 | 26 | 12,75 |
| 5 | 10 | 4,90 |
| 6 | 3 | 1,47 |
| 7 | 1 | 0,49 |

Volgens tabel 4.3 blyk dit dat 41.18% van die gesinne in die ondersoek twee kinders het terwyl gesinne met drie kinders 32.84 % van die steekproef uitmaak. Saam

verteenwoordig hierdie twee groepe 74% van die totale steekproef. Gesinne met vier en meer kinders maak slegs 19% van die totale steekproef uit.

In tabel 4.4 word die verskillende beroepe van die vader ingedeel volgens die kwalifikasie wat hy behaal het.

**TABEL 4.4**

**BEROEPE VAN VADERS**

| BEROEP | FREKWENSIE | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| **Tuisteskepper** | **1** | **0.52** |
| **Graad 12** | **94** | **48.45** |
| **Naskoolse kwalifikasie** | **61** | **31.44** |
| **Akademiese kwalifikasie** | **25** | **12.89** |
| **Ander beroepe** | **13** | **6.7** |

Die meeste vaders (48.45%) het graad 12 nodig om hulle beroep te beoefen terwyl 31.44% van die vaders 'n naskoolse kwalifikasie benodig. Slegs 12.89% van die vaders het 'n akademiese kwalifikasie benodig vir die beroep wat hul beoefen.

In tabel 4.5 word die verskillende beroepe van die moeder ingedeel volgens die kwalifikasie wat sy behaal het.

**TABEL 4.5**

**BEROEPE VAN MOEDERS**

| BEROEP | FREKWENSIE | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| **Tuisteskepper** | **121** | **60.8** |
| **Graad 12** | **27** | **13.57** |
| **Naskoolse kwalifikasie** | **35** | **17.59** |
| **Akademiese kwalifikasie** | **9** | **4.52** |
| **Ander beroepe** | **7** | **3.52** |

Uit tabel 4.5 blyk dit dat die grootste persentasie moeders, naamlik 60.8% tuisteskeppers is. Slegs 17.59% van die moeders in hierdie ondersoek het 'n naskoolse kwalifikasie en net 4.52% 'n akademiese kwalifikasie.

Uit bogenoemde blyk dit dat die meeste proefpersone uit 'n gesin kom waar die moeder tuisteskepper en die vader die broodwinner is. Die meeste van die proefpersone (74%) kom uit gesinne waar die aantal kinders twee tot drie is. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat die gesinne in die ondersoek verteenwoordigend is van gesinne in die samelewing.

### 4.3.2 Meetinstrumente wat in die ondersoek gebruik is

#### 4.3.2.1 Ouer-kindverhouding

Die vraelys van Fourie (2001: 171) meet die verhouding tussen ouer en kind. Fourie (2001: 171) het drie faktore in sy ouer-kindverhouding geïdentifiseer, naamlik die vertrouensverhouding, kenverhouding en gesagsverhouding. Al die items, naamlik 15 by elk van die faktore, is gebruik om die verhouding tussen ouer en kind te meet. Die betroubaarheid van die verskillende faktore word in tabel 4.6 aangedui.

**TABEL 4.6**

**BETROUBAARHEID VAN DIE VERSKILLENDE FAKTORE VAN DIE OUER-KINDVERHOUDINGSVRAELYS**

| FAKTOR | GETAL ITEMS | BETROUBAARHEID |
|---|---|---|
| Gesagsverhouding | 15 | 0.755 |
| Vertrouensverhouding | 15 | 0.884 |
| Kenverhouding | 15 | 0.916 |
| Totale ouer-kindverhouding | 45 | 0.95 |

Volgens Schumacher en McMillan (2001: 245) moet daar goed besin word oor 'n meetinstrument indien die betroubaarheidskoëffisiënt laer as 0,7 is. Uit tabel 4.6 blyk dit dat al drie die faktore en die totale vraelys van die ouer-kindverhouding se betroubaarheidskoëffisiënt hoër as 0.7 is.

#### 4.3.2.2 Kommunikasiepatrone

Die vraelys van De Villiers (1993: 168) meet die kommunikasie tussen ouer en kind. De Villiers (1993: 168) het twee faktore in haar ouer-kindkommunikasievraelys

geïdentifiseer, naamlik toereikende en ontoereikende ouer-kindkommunikasie. Die navorser in hierdie studie stem nie saam met die benaming van die twee faktore nie, en sal dit eerder persoongesentreerde en posisiegesentreerde kommunikasie noem. Die benaming "persoongesentreerde kommunikasie" dui op positiewe oop kommunikasie wat voorkom in 'n demokratiese opvoedingstyl waar ouer en kind mekaar vertrou, respekteer en begryp. Die benaming "posisiegesentreerde kommunikasie" dui weer daarop dat die ouers se woord wet is en slaafs nagevolg moet word terwyl die kind geen sê oor besluitneming in die gesin het nie. Hierdie tipe kommunikasie is kenmerkend van ouers wat 'n outoritêre opvoedingstyl toepas in die opvoeding van hulle kinders.

Slegs die 20 beste items van elke faktor uit die oorspronklike vraelys van De Villeirs is geneem wat in die saamgestelde vraelys ingesluit is. Omdat die oorspronklike vraelys gewysig is, sal die bertoubaarheid van elke faktor opnuut bereken word.

#### 4.3.2.3 Die struktuur van die meetinstrument

Wanneer 'n ondersoek uitgevoer word om die verhouding tussen ouer en kind te meet moet sekere faktore in ag geneem word.

- Eerstens moet die meetinstrument nie te veel tyd in beslag neem nie, aangesien dit moontlik saam met ander vraelyste en toetse gebruik sal word.

- Tweedens moet die toets buigsaam wees sodat dit individueel of in 'n groep afgeneem kan word. Hier is tyd weer ter sprake.

Die saamgestelde vraelys (sien bylaag A) wat gebruik is meet vyf verskillende faktore wat gesamentlik uit 85 items bestaan. Die faktore is, naamlik posisiegesentreerde kommunikasie, persoongesentreerde kommunikasie, kenverhouding, gesagsverhouding en vertrouensverhouding. Die itemnommers wat op 'n faktor betekking het, word in tabel 4.7 gegee.

**TABEL 4.7**

**FAKTORE WAT GEMEET WORD MET VRAAGNOMMERS**

| | |
|---|---|
| Gesagsverhouding | 1, 6, 12, 18, 24, 30, 36, 42, 48, 54, 60, 66, 68, 81, 84, |
| Kenverhouding | 2, 7, 13, 19, 25, 31, 37, 43, 50, 55, 61, 67, 72, 74, 82 |
| Vertrouensverhouding | 3, 8, 14, 20, 26, 32, 33, 38, 44, 49, 56, 62, 73, 78, 83 |
| Persoongesentreerde Kommunikasie | 4, 5, 9, 10, 15, 21, 22, 23, 27, 34, 40, 41, 46, 58, 59, 65, 71, 76, 80, 85 |
| Posisiegesentreerde Kommunikasie | 11, 16, 17, 28, 29, 35, 39, 45, 47, 51, 52, 53, 57, 63, 64 69, 70, 75, 77, 79 |

Benewens bogenoemde veranderlikes moes 'n aantal biografiese veranderlikes soos geslag, graad waarin die leerling is, aantal kinders in die gesin, posisie van kind in die gesin, beroepstatus van ouers en of ouers skofwerkers is of nie ook vasgestel word.

### 4.3.2.4 Instruksies van die meetinstrument

Die proefpersone het vraelyste (sien bylaag A) ontvang waarin die items verskyn wat beantwoord moes word. Proefpersone is versoek om antwoorde op die vraelys in te vul. Instruksies is aan die proefpersone voorgelees.

### 4.3.2.5 Sleutel tot die meetinstrument

In hierdie vraelys moet 85 items deur die proefpersoon beantwoord word deur 'n getal tussen 1 en 6 toe te ken in die blokkie wat langs die vraag aangebring is. Dit is moontlik om 'n totale telling vir die onderskeie faktore te verkry deur die response van 'n proefpersoon op al die vrae in aanmerking te neem.

Die skaal wat gebruik is, was soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Dit is presies soos wat ek dit ervaar het | 6 5 4 3 2 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie |

Indien die proefpersoon positief op 'n item reageer, sal 'n getal tussen 4 en 6 moontlik in die blokkie geskryf word waar 6 die maksimum punt is wat hy aan homself toeken. As die proefpersoon negatief op 'n item reageer, sal 'n getal tussen 1 en 3 moontlik in die blokkie geskryf word met die negatiewe ekstreem as 1. Dit impliseer dat 'n hoë totale telling 'n positiewe verhouding en 'n lae totale telling 'n negatiewe verhouding tussen ouer en kind reflekteer.

By sommige items is van 'n omgekeerde skaal gebruik gemaak. Die items wat omgekeer is word in tabel 4.8 aangedui.

**TABEL 4.8**

**ITEMS WAT OMGEKEER IS**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 6 | 11 | 16 | 17 | 24 | 25 | 28 | 29 | 31 | 35 | 39 | 42 |
| 44 | 45 | 47 | 48 | 49 | 51 | 52 | 53 | 54 | 56 | 57 | 61 | |

### 4.3.2.6 Prosedure wat tydens die empiriese ondersoek gevolg is

Toestemming van die skoolhoof is verkry om die vraelyste by die leerders af te neem.

Die vraelys is by die verskillende grade tydens skooltyd afgeneem. Eerstens is die vraelys by die graad 8- en 9-leerders afgeneem en die volgende dag by die graad 10- tot 12-leerders. Omdat die vraelys oor twee dae by verskillende grade afgeneem is kon dit gebeur dat leerders die vraelys met mekaar bespreek het. Aangesien die vraelys nie 'n prestasietoets is nie, sal leerders se onderling bespreking van sekere items nie 'n invloed op die beantwoording van die vraelys hê nie.

Tydens die afneem van die vraelys in elke klas is die instruksies (volgens paragraaf 4.3.2.4) hardop aan die leerders voorgelees. Geleentheid is aan die leerlinge gegee om vrae te vra oor enige onduidelikhede in die vraelys. Leerders het by beide geleenthede ongeveer 'n uur geneem om die vraelys te voltooi.

Hierdie proses is by al die groepe gevolg totdat al die gegewens ingesamel is. Daarna is al die gegewens ingehandig vir rekenaarverwerking.

Die resultate wat in die ondersoek verkry is sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

# HOOFSTUK 5

## RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

### 5.1 Inleiding

In hoofstuk 4 is aandag gegee aan die doel, metode en verloop van die empiriese ondersoek. Die doel van die ondersoek sentreer rondom die invloed wat skofwerk op die verhouding tussen ouer en kind het. Ten einde hierdie doel te bereik is verskeie hipoteses wat verband hou met die verhouding tussen ouer en kind en skofwerk geformuleer. Vraelyste wat die kommunikasiepatrone en die verhouding tussen ouer en kind in 'n gesin meet, is geïdentifiseer en aangepas vir die huidige ondersoek.

Om die gestelde hipoteses te toets, is vraelyste wat handel oor die verhouding tussen ouer en kind en kommunikasiepatrone by 206 leerders in gesinne waar ouers skofwerk verrig en gesinne waar ouers nie skofwerk verrig nie afgeneem. Persoonlike data van elke proefpersoon is verkry waaronder geslag, aantal kinders in die gesin, geboorterangorde van die kinders, status van ouers se beroepe en die graad waarin die proefpersoon is.

Data wat uit die vraelyste verkry is, is verwerk en met behulp van sekere statistiese tegnieke geanaliseer. Die resultate wat sodoende verkry is, word in hierdie hoofstuk bespreek.

### 5.2 Itemanalise van die vraelyste

Die vraelys oor kommunikasiepatrone tussen ouer en kind is aangepas wat onderskeidelik persoongesentreerde en posisiegesentreerde kommunikasie meet. Weens die wysigings is 'n itemanalise op die gedeelte van die vraelys uitgevoer en die betroubaarheidskoëffisiënte is opnuut bereken.

Tydens die itemanalise is daar gepoog om vas te stel of elke item in 'n bepaalde faktor 'n bydrae lewer tot die totaal van die betrokke faktor. Vir dié doel word 'n item-totaal-korrelasie bereken. Indien hierdie korrelasie laag of negatief is, kan die weglating van die item oorweeg word.

'n Itemanalise is vir elke faktor afsonderlik gedoen. 'n Alphakoëffisiënt is in aanmerking geneem tydens die itemanalise. Indien die weglating van 'n item die alphakoëffisiënt nie noemenswaardig verhoog nie, is die item behou. Weglating van 'n item is oorweeg indien dit die betroubaarheidskoëffisiënt van 'n vraelys aansienlik sou verhoog. Die items wat beduidend positief tot die totaal bydra en terselfdertyd 'n hoë betroubaarheid lewer, word behou as die items van die finale vraelys. Tabel 5.1 en 5.2 bevat die resultate van die itemanalise.

**TABEL 5.1**

**ITEMANALISE VAN DIE VRAELYS VIR PERSOONSGESENTREERDE KOMMUNIKASIE**

| | |
|---|---|
| **GETAL PROEFPERSONE** | **203** |
| **GETAL ITEMS** | **20** |
| **BETROUBAARHEID (ALPHA)** | **0,92** |

| ITEM | ITEMTOTAAL-KORRELASIE | ALPHA AS ITEM WEGGELAAT WORD |
|---|---|---|
| 4 | 0,385 | 0,922 |
| 5 | 0,498 | 0,919 |
| 9 | 0,527 | 0,918 |
| 10 | 0,736 | 0,914 |
| 15 | 0,658 | 0,916 |
| 21 | 0,655 | 0,915 |
| 22 | 0,672 | 0,915 |
| 23 | 0,733 | 0,914 |
| 27 | 0,605 | 0,917 |
| 34 | 0,575 | 0,917 |
| 40 | 0,608 | 0,917 |
| 41 | 0,689 | 0,915 |
| 46 | 0,519 | 0,918 |
| 58 | 0,490 | 0,919 |
| 59 | 0,607 | 0,917 |
| 65 | 0,653 | 0,916 |
| 71 | 0,524 | 0,919 |
| 76 | 0,533 | 0,918 |
| 80 | 0,505 | 0,919 |
| 85 | 0,567 | 0,917 |

Geen item het negatief met die totaal gekorreleer nie. Gevolglik is al die items in die finale vraelys behou.

## TABEL 5.2

## ITEMANALISE VAN DIE VRAELYS VIR POSISIEGESENTREERDE KOMMUNIKASIE

| | |
|---|---|
| GETAL PROEFPERSONE | 203 |
| GETAL ITEMS | 20 |
| BETROUBAARHEID (ALPHA) | 0,81 |

| ITEM | ITEMTOTAAL-KORRELASIE | ALPHA AS ITEM WEGGELAAT WORD |
|---|---|---|
| 11 | 0,102 | 0,820 |
| 16 | 0,307 | 0,810 |
| 17 | 0,354 | 0,807 |
| 28 | 0,425 | 0,803 |
| 29 | 0,349 | 0,807 |
| 35 | 0,400 | 0,805 |
| 39 | 0,304 | 0,810 |
| 45 | 0,489 | 0,800 |
| 47 | 0,193 | 0,817 |
| 51 | 0,519 | 0,798 |
| 52 | 0,480 | 0,800 |
| 53 | 0,500 | 0,800 |
| 57 | 0,408 | 0,804 |
| 63 | 0,373 | 0,806 |
| 64 | 0,533 | 0,798 |
| 69 | 0,016 | 0,822 |
| 70 | 0,456 | 0,801 |
| 75 | 0,367 | 0,806 |
| 77 | 0,495 | 0,800 |
| 79 | 0,553 | 0,796 |

Geen item het negatief met die totaal gekorreleer nie. Gevolglik is al die items in die finale vraelys behou.

## 5.3 Geldigheid van vraelyste

Volgens Bester (1992: 45) is 'n vraelys geldig indien dit meet wat dit veronderstel is om te meet.

Die toetstellings wat verkry is op 'n vraelys is geldig vir 'n spesifieke doel en daarom is dit noodsaaklik dat daar kennis gedra word van die situasie waarin die vraelys gebruik word. Daar kan op drie basiese geldighede gelet word om vas te stel of 'n toets vir 'n bepaalde doel geldig is, naamlik konstruk-, kriterium- en inhoudgeldigheid. Vir die doel van hierdie ondersoek sal daar op inhoud- en konstrukgeldigheid gelet word.

Mulder (1989: 219) definieer inhoudgeldigheid as die mate waarin vraelyste die inhoud of veld dek wat getoets en gemeet wil word. Inhoudgeldigheid kan nie statisties bepaal word nie, maar berus op die mening van die navorser en ander bevoegde persone. Die toetse wat kommunikasiepatrone en ouer-kindverhouding meet, is geanaliseer en op grond van die inhoud van die items is die navorser oortuig dat die items meet wat dit veronderstel is om te meet.

Volgens Huysamen (1986: 42) is 'n konstruk 'n onwaarneembare, hipotetiese veranderlike wat, tesame met ander konstrukte, beginsels, wette, en veranderlikes, 'n teorie vorm wat ten doel het om waarneembare gedrag te verklaar. Huysamen (1986: 42) definieer verder konstrukgeldigheid as die mate waarin dit inderdaad die teoretiese konstruk meet wat dit voorgee om te meet. In hierdie ondersoek word vraelyste van Fourie (2001) en De Villiers (1993) gebruik. Volgens Fourie (2001: 174) is die ouer-kindverhoudingsvraelys konstruk geldig. De Villiers (1993: 163) het ook bevind dat die gesinskommunikasievraelys konstruk geldig is.

## 5.4 Betroubaarheid van 'n vraelys

Die betroubaarheidskoëffisiënt van 'n toets is altyd 'n getal tussen 0 en 1. Hoe nader die betroubaarheid van 'n meetinstrument aan 1 is, hoe kleiner sal die verskil tussen die variansie van die ware telling en die waargenome telling wees. Wanneer 'n

meetinstrument ontwikkel word, word daar gepoog om die betroubaarheid daarvan so na as moontlik aan 1 te kry. Volgens Schumacher en McMillan (2001: 245) moet daar goed besin word oor 'n vraelys, indien die betroubaarheidskoëffisiënt laer as 0,7 is. Indien reeds bestaande meetinstrumente gebruik word is dit ook belangrik om te let op die betroubaarheidskoëffisiënt daarvan omdat dit die mate van konsekwentheid en /of akkuraatheid waarmee 'n meetinstrument meet bepaal.

**TABEL 5.3**

**BETROUBAARHEID VAN VRAELYSTE**

| FAKTOR | N | GETAL ITEMS | BETROUBAARHEID |
|---|---|---|---|
| **Gesagsverhouding** | **455** | **15** | **0.755** |
| **Kenverhouding** | **455** | **15** | **0.884** |
| **Vertrouensverhouding** | **455** | **15** | **0.916** |
| **Totale ouer-kindverhouding** | **455** | **45** | **0.95** |
| **Posisiegesentreerde kommunikasie** | **203** | **20** | **0.81** |
| **Persoongesentreerde kommunikasie** | **203** | **20** | **0.92** |

Volgens tabel 5.3 blyk dit dat die betroubaarheidskoëffisiënt van die onderskeie faktore hoër as 0,7 is. Die totale ouer-kindverhoudingsvraelys toon byvoorbeeld 'n betroubaarheidskoëffidiënt van 0,95. Op grond van die betroubaarheidskoëffisiënte kan die faktore wat gemeet is as betroubaar beskou word.

## 5.5 Toetsing van hipoteses

### 5.5.1 Hipotese 1

Na aanleiding van hipoteses in paragraaf 4.2 is die volgende nulhipoteses gestel:

**1(a) Daar is geen beduidende verskil in die ouer-kindverhouding by gesinne waar ouers skofte werk en gesinne waar ouers nie skofte werk nie.**

**1(b) Daar is 'n geen beduidende verskil in die vertrouensverhouding tussen ouer en kind by gesinne waar ouers skofte werk en gesinne waar ouers nie skofte werk nie.**

**1(c) Daar is geen beduidende verskil in die kenverhouding tussen ouer en kind by gesinne waar ouers skofte werk en gesinne waar ouers nie skofte werk nie.**

**1(d) Daar is geen beduidende verskil in die gesagsverhouding tussen ouer en kind by gesinne waar ouers skofte werk en gesinne waar ouers nie skofte werk nie.**

Al 204 leerders is gebruik om die hipoteses te toets. Leerders in skofwerkergesinne was altesaam 98 terwyl leerders in nie-skofwerkergesinne 106 was. Om hierdie nulhipoteses te toets is die gemiddelde van die vertrouens-, ken- en gesagsverhouding sowel as die totale ouer-kindverhouding van skofwerker- en nie-skofwerkergesinne bereken. Om te bepaal of die gemiddeldes beduidend verskil, is 'n t-toets vir onafhanklike groepe gebruik. Die aantal proefpersone, gemiddeldes, standaardafwyking en die waarde van die t-toets verskyn in tabel 5. 4.

## TABEL5.4

## DIE VERSKIL IN DIE OUER-KINDVERHOUDING BY GESINNE WAAR OUERS SKOFWERK VERRIG EN GESINNE WAAR OUERS NIE SKOFWERK VERRIG NIE

| VERANDERLIKE | SKOFTE | N | $\bar{X}$ | S | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| GESAGSVERHOUDING | SKOFTE | 98 | 55,72 | 9,38 | 1,43 | p>0,05 |
| | NIE-SKOFTE | 106 | 57,59 | 9,24 | | |
| KENVERHOUDING | SKOFTE | 98 | 67,90 | 14,97 | 2,09 | p<0,05 |
| | NIE-SKOFTE | 106 | 72,06 | 13,47 | | |
| VERTROUENS-VERHOUDING | SKOFTE | 98 | 72,16 | 16,16 | 1,31 | p>0,05 |
| | NIE-SKOFTE | 106 | 74,88 | 13,50 | | |
| TOTALE OUER-KINDVERHOUDING | SKOFTE | 98 | 195,80 | 37,33 | 1,76 | p>0,05 |
| | NIE-SKOFTE | 106 | 204,55 | 33,79 | | |

Volgens tabel 5.4 is 'n berekende t-waarde van 2,09 vir die kenverhouding verkry met $p < 0,05$. In die lig van die gegewens kan die nulhipotese in die geval van die kenverhouding op die 5%-peil van beduidenheid verwerp word. Dit beteken dat daar 'n beduidende verskil in die kenverhouding tussen ouer en kind is by gesinne waar ouers skofte werk en gesinne waar ouers nie skofte werk nie. Die gemiddeld van kinders in skofwerkergesinne is 67,90 en dié van kinders in nie-skofwerkergesinne 72,06. Dit blyk dat kinders in nie-skofwerkergesinne 'n beter kenverhouding met hulle ouers het as kinders in skofwerkergesinne.

'n Kenverhouding tussen ouer en kind beteken dat ouer en kind mekaar begryp verstaan en ken. Dit kan alleenlik gebeur indien ouer en kind genoeg kwaliteittyd saam spandeer. Gordon *e.a.* en Stainer *e.a.* (in Kurumatani *e.a.* 1994: 1005) het bevind dat skofwerkers wat roterende skoftye (byvoorbeeld nagskof, middagskof en oggendskof) werk, meer ontevredenheid beleef het ten opsigte van ontspannings aktiwiteite en tyd saam met die gesin, as persone wat bedags slegs van 8 tot 5 werk. Navorsing deur Rahman en Pal (1994: 54) sluit gedeeltelik aan by bogenoemde wat ook daarop dui dat skofwerkers kla oor die min tyd wat hulle tot hul beskikking het om saam met hulle kinders en gesinne te kan spandeer.

Adolessente in gesinne waar ouers skofwerk verrig, blyk van mening te wees dat ouers hulle nie verstaan nie. Dit gee aanleiding tot 'n gebrekkige kenverhouding tussen ouer en kind. In die lig van die gegewens in tabel 5.4 blyk dit dat in gesinne waar ouers skofwerk verrig, die kanse groter vir 'n generasiegaping tussen ouer en kind is as by gesinne waar ouers nie skofwerk verrig nie. Hierdie generasiegaping tussen ouer en kind in gesinne waar ouers skofwerk verrig, kan moontlik wees as gevolg van 'n gebrek aan kontak en interaksie, omdat skofwerkerouers minder tyd tot hulle beskikking het om hulle kinders te leer ken en verstaan (Rahman & Pal 1994: 54).

Volgens tabel 5.4 kan die nulhipoteses nie ten opsigte van die gesagsverhouding, vertrouensverhouding en die totale ouer-kindverhouding nie verwerp word nie. Daar bestaan dus geen beduidende verskil ten opsigte van die vertrouensverhouding, gesagsverhouding en die totale ouer-kindverhouding nie.

Navorsing deur Barton, Aldridge en Smith (1998: 148-149) dui daarop dat daar geen beduidende verskil in die interaksie en emosionele toestand van kinders is in die geval waar vaders skofwerk verrig en waar vaders nie skofwerk verrig nie. Uit bogenoemde navorsing blyk dit dat die verhouding tussen ouers en kinders nie deur skofwerk beïnvloed word nie. Die bevindinge van die huidige ondersoek ondersteun die navorsing wat Barton gedoen het. Dit beteken dat die verhouding tussen ouer en kind by gesinne waar die ouer skofte werk, nie noodwendig swakker is nie. Die aanname deur sommiges (waarna in hoofstuk 1 verwys is), dat die ouer-kindverhouding swakker is in gesinne waar die ouer skofte werk, blyk foutief te wees. Slegs die kenverhouding tussen ouer en kind blyk ontwrig te word in gesinne waar ouers skofte werk.

### 5.5.2 Hipotese 2

Na aanleiding van hipotese 2 in paragraaf 4.2 is die volgende nulhipoteses gestel:

**2(a) Daar is geen beduidende verskil in persoongesentreerde kommunikasie tussen ouer en kind by gesinne waar ouers skofte werk en gesinne waar ouers nie skofte werk nie.**

**2(b) Daar is geen beduidende verskil in posisiegesentreerde kommunikasie tussen ouer en kind by gesinne waar ouers skofte werk en gesinne waar ouers nie skofte werk nie.**

Al 204 leerders is in die toetsing van die hipoteses gebruik. Die aantal leerders in skofwerkergesinne is 98, terwyl leerders in nie-skofwerkergesinne 106 is. Om hierdie nulhipoteses te toets is die gemiddeldes van posisiegesentreerde en persoongesentreerde kommunikasie by gesinne waar ouers skofte werk en gesinne waar ouers nie skofte werk nie, bereken. Om te bepaal of die gemiddeldes by gesinne waar ouers skofte werk en gesinne waar ouers nie skofte werk nie, beduidend verskil, is 'n t-toets vir onafhanklike groepe gebruik. Die aantal proefpersone, gemiddeldes, standaardafwyking en die waarde van die t-toets verskyn in tabel 5.5.

**TABEL 5.5**
**DIE VERSKIL IN KOMMUNIKASIEPATRONE BY GESINNE WAAR OUERS SKOFWERK VERRIG EN GESINNE WAAR OUERS NIE SKOFWERK VERRIG NIE**

| VERANDERLIKE | | N | $\bar{X}$ | S | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| PERSOON-GESENTREERDE KOMMUNIKASIE | SKOFTE | 98 | 91,09 | 22,91 | 1,81 | p>0.05 |
| | NIE-SKOFTE | 106 | 96,21 | 17,36 | | |
| POSISIE-GESENTREERDE KOMMUNIKASIE | SKOFTE | 98 | 75,92 | 17,76 | 1,94 | p<0,05 |
| | NIE-SKOFTE | 106 | 80,57 | 16,43 | | |

Volgens tabel 5.5 is 'n berekende t-waarde van 1,94 vir posisiegesentreerde kommunikasie verkry met $p < 0,05$. In die lig van die gegewens kan die nulhipotese op die 5%-peil van beduidenheid in die geval van posisiegesentreerde kommunikasie verwerp word. Dit beteken dat daar 'n beduidende verskil is in posisiegesentreerde kommunikasie tussen ouer en kind by gesinne waar ouers skofte werk en gesinne waar ouers nie skofte werk nie. Die gemiddeld van posisiegesentreerde kommunikasie by kinders in gesinne waar ouers skofte werk is 75,92 en dié van kinders in gesinne waar ouers nie skofte werk nie 80,57. Dit blyk dat by gesinne waar

ouers nie skofte werk nie daar meer van posisiegesentreerde kommunikasie gebruik maak word as by gesinne waar die ouers skofte werk.

Navorsing deur Smith en Folkard (1993b: 304) het daarop gedui dat skofwerkers meer humeurig en geïrriteerd is met hulle lewensmaat en kinders nadat hulle nagskof gewerk het. Daar is vermoed dat by gesinne waar ouers skofwerk verrig, meer van posisiegesentreerde kommunikasie gebruik gemaak sal word as in gesinne waar ouers nie skofwerk verrig nie. Gegewens in tabel 5.5 dui op die teenoorgestelde as wat vermoed is, naamlik dat daar beduidend meer van posisiegesentreerde kommunikasie gebruik gemaak word by gesinne waar ouers nie skofwerk verrig nie as by gesinne waar ouers skofwerk verrig.

In gesinne waar die ouers nie skofte werk nie is daar moontlik meer geleentheid vir hulle om dissipline toe te pas wat aanleiding gee tot posisiegesentreerde kommunikasie.

Volgens tabel 5.5 kan die nulhipoteses in die geval van persoongesentreerde kommunikasie nie ten gunste van die alternatiewe hipoteses verwerp word nie. Daar bestaan dus geen beduidende verskil in persoongesentreerde kommunikasie tussen gesinne waar ouers skofte werk en waar ouers nie skofte werk nie.

### 5.5.3 Hipotese 3

Na aanleiding van hipotese 3 in paragraaf 4.2 is die volgende nulhipoteses gestel:

**3(a) Daar is geen beduidende verskil tussen seuns en dogters se verhouding met hulle ouers in gesinne waar die ouers skofte werk.**

**3(b) Daar is geen beduidende verskil tussen seuns en dogters se gesagsverhouding met hulle ouers in gesinne waar die ouers skofte werk.**

**3(c) Daar is geen beduidende verskil tussen seuns en dogters se kenverhouding met hulle ouers in gesinne waar die ouers skofte werk.**

**3(d) Daar is geen beduidende verskil tussen seuns en dogters se vertrouensverhouding met hulle ouers in gesinne waar ouers skofte werk.**

Slegs die 98 leerders in skofwerkergesinne is vir die toetsing van die nulhipoteses gebruik. Die aantal dogters is 57 terwyl die seuns 41 is. Om hierdie nulhipoteses te toets is die gemiddeldes vir al drie die dimensies (vertrouens-, gesags- en kenverhouding) sowel as die totale ouer-kindverhouding tussen seuns en dogters in gesinne waar ouers skofte werk bereken. Om te bepaal of die gemiddeldes van die ouer-kindverhouding tussen seuns en dogters beduidend verskil, is 'n t-toets vir onafhanklike groepe gebruik. Die aantal proefpersone, gemiddeldes, standaardafwyking en die waarde van die t-toets verskyn in tabel 5. 6.

**TABEL 5.6**

**DIE VERSKIL IN DIE OUER-KINDVERHOUDING TUSSEN SEUNS EN DOGTERS IN GESINNE WAAR OUERS SKOFWERK VERRIG**

| VERANDERLIKE | GESLAG | N | $\bar{X}$ | S | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| GESAGSVERHOUDING | SEUNS | 41 | 55,87 | 9,06 | 0,14 | p>0,05 |
| | DOGTERS | 57 | 55,61 | 9,68 | | |
| KENVERHOUDING | SEUNS | 41 | 69,39 | 12,90 | 0,83 | p>0,05 |
| | DOGTERS | 57 | 66,84 | 16,33 | | |
| VERTROUENS-VERHOUDING | SEUNS | 41 | 73,78 | 13,26 | 0,84 | p>0,05 |
| | DOGTERS | 57 | 71,00 | 17,98 | | |
| TOTALE OUER-KINDVERHOUDING | SEUNS | 41 | 199,05 | 32,07 | 0,73 | p>0,05 |
| | DOGTERS | 57 | 193,46 | 40,82 | | |

Tabel 5.6 dui aan dat daar geen beduidende verskil tussen seuns en dogters in al die verskillende dimensies (vertrouens-, gesags- en kenverhouding) en die totale ouer-kindverhouding is nie. Om hierdie rede kan nie een van die nulhipoteses wat oor die ouer-kindverhouding gestel is, ten gunste van die alternatiewe hipoteses verwerp word nie. Dit beteken dat daar nie 'n beduidende verskil tussen seuns en dogters bestaan ten opsigte van die verskillende dimensies (vertrouens-, gesags- en

kenverhouding) en die totale ouer-kindverhouding in gesinne waar ouers skofte werk nie.

Navorsing deur De Villiers (1993: 202) toon dat geslagsverskille nie 'n beduidende rol speel by die realisering van opvoedingskommunikasie in die verhouding tussen ouer en kind nie. Bevindinge deur Bryant en Zick (1996: 236) dui ook aan dat geslagsverskille geen effek op die hoeveelheid tyd wat moeders aan jong kinders spandeer het nie. Uit bogenoemde navorsing blyk dit dat opvoedingskommunikasie en tyd wat ouers saam met hulle kinders spandeer, wat 'n belangrike rol in die verhouding tussen ouer en kind vervul, nie deur geslagsverskille beïnvloed word nie.

### 5.5.4 Hipotese 4

Na aanleiding van hipotese 4 in paragraaf 4.2 is die volgende nulhipotese gestel:

4(a) **Daar is geen beduidende verskil ten opsigte van posisiegesentreerde kommunikasie tussen seuns en dogters in gesinne waar ouers skofte werk nie.**

4(b) **Daar is geen beduidende verskil ten opsigte van persoongesentreerde kommunikasie tussen seuns en dogters in gesinne waar ouers skofte werk nie.**

Slegs die 98 leerders in skofwerkergesinne is vir die toetsing van die nulhipoteses gebruik. Die aantal dogters is 57 terwyl die seuns 41 is. Om hierdie nulhipoteses te toets is die gemiddeldes van die persoongesentreerde en posisiegesentreerde kommunikasie tussen seuns en dogters bereken. Om te bepaal of die gemiddeldes tussen seuns en dogters beduidend verskil, is 'n t-toets vir onafhanklike groepe gebruik. Die aantal proefpersone, gemiddeldes, standaardafwyking en die waarde van die t-toets verskyn in tabel 5. 7.

## TABEL 5.7

## KOMMUNIKASIEPATRONE TUSSEN SEUNS EN DOGTERS IN GESINNE WAAR OUERS SKOFWERK VERRIG

| VERANDERLIKE | GESLAG | N | $\bar{X}$ | S | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|
| PERSOON-GESENTREERDE KOMMUNIKASIE | SEUNS | 41 | 93,34 | 19,45 | 0,82 | p>0,05 |
| | DOGTERS | 57 | 89,47 | 25,15 | | |
| POSISIE-GESENTREERDE KOMMUNIKASIE | SEUNS | 41 | 76,00 | 15,75 | 0,03 | p>0,05 |
| | DOGTERS | 57 | 75,87 | 19,22 | | |

Tabel 5.7 dui aan dat daar geen beduidende verskil is nie tussen seuns en dogters ten opsigte van posisiegesentreerde en persoongesentreerde kommunikasie by gesinne waar ouers skofwerk verrig. Om hierdie rede kan nie een van die nulhipoteses ten gunste van die alternatiewe hipoteses verwerp word nie. Dit beteken dat daar nie 'n beduidende verskil tussen seuns en dogters bestaan ten opsigte van kommunikasie by gesinne waar ouers skofwerk verrig nie.

Die bevindings in tabel 5.7 word ondersteun deur die navorsing wat De Villiers (1993: 193) gedoen het met betrekking tot die ervaring van adolessenteseuns en -dogters ten opsigte van kommunikasie tussen ouer en kind. Beide seuns en dogters het hulle kommunikasie met hulle ouers dieselfde beoordeel. Dit blyk ook by skofwerkergesinne van toepassing te wees. Daarom kan die afleiding gemaak word dat in gesinne waar ouers skofte werk en gesinne waar ouers nie skofte werk nie, seuns en dogters kommunikasiepatrone dieselfde beleef.

### 5.5.5 Hipotese 5

Na aanleiding van hipotese 5 in paragraaf 4.2 is die volgende nulhipoteses gestel:

**5(a) Daar bestaan geen beduidende verband tussen die aantal kinders in 'n gesin en die verhouding tussen ouer en kind by gesinne waar die ouers skofte werk nie.**

**5(b) Daar bestaan geen beduidende verband tussen die aantal kinders in 'n gesin en die gesagsverhouding tussen ouer en kind by gesinne waar die ouers skofte werk nie.**

**5(c) Daar bestaan geen beduidende verband tussen die aantal kinders in 'n gesin en die kenverhouding tussen ouer en kind by gesinne waar die ouers skofte werk nie.**

**5(d) Daar bestaan geen beduidende verband tussen die aantal kinders in 'n gesin en die vertrouensverhouding tussen ouer en kind by gesinne waar die ouers skofte werk nie.**

Ten einde die nulhipoteses te toets, is die Pearson-produkmomentkorrelasie tussen die aantal kinders in skofwerkergesinne en elk van die afdelings van die ouer-kindverhouding sowel as die totale ouer-kindverhouding bereken. Die totale aantal kinders was 98. Die bevindinge word in tabel 5.8 aangedui:

**TABEL 5.8**

**PEARSON-PRODUKMOMENTKORRELASIE TUSSEN AANTAL KINDERS IN SKOFWERKERGESINNE EN DIE OUER-KINDVERHOUDING**

| AANTAL | GESAGS-VERHOUDING | KEN-VERHOUDING | VERTROUENS-VERHOUDING | TOTALE OUER-KIND-VERHOUDING |
|---|---|---|---|---|
| **98** | **-0,15** | **-0,20*** | **-0,18** | **-0,20*** |

*p < 0,05

Vir die ander twee korrelasiekoëffisiënte: p > 0,05

Die nulhipoteses ten opsigte van die aantal kinders in gesinne waar ouers skofwerk verrig en die kenverhouding tussen ouer en kind asook die totale ouer-kindverhouding wat vroeër in die paragraaf gestel is, kan verwerp word. Uit die gegewens in tabel 5.8 blyk dit dat daar 'n beduidende negatiewe korrelasie tussen die aantal kinders in gesinne waar ouers skofwerk verrig en die kenverhouding sowel as die totale ouer-kindverhouding bestaan. Hoe meer kinders daar in gesinne is waar ouers skofte werk

hoe swakker die kenverhouding tussen ouer en kind, asook die totale ouer-kindverhouding.

Die bevindinge word ondersteun deur navorsing wat Rogers (1996: 615) gedoen het met betrekking tot gesinsgrootte en konflik in die huwelik. Daar is bevind dat met die toename in kindertal daar 'n groter verantwoordelikheid op die moeder rus wat voldag werk. Dit gee aanleiding tot minder huweliksgeluk en meer konflik tussen man en vrou wat in die meeste gevalle die verhouding tussen ouer en kind negatief beïnvloed. Pretorius (1988: 207) wys ook daarop dat hoe groter die kindertal hoe moeiliker word dit vir ouers om kinders goed te versorg en genoeg aandag aan elke kind te gee. Dit kan lei tot 'n gebrek aan kennis ten opsigte van die kind se ontwikkelingsvlak, belangstellings en aktiwiteite buite die huis.

Ten opsigte van die gesagsverhouding is 'n korrelasie van –0,15 verkry met 'n $p > 0,05$. 'n Korrelasie van –0,18 met 'n $p > 0,05$ is ook verkry tussen die vertrouensverhouding en aantal kinders by gesinne waar ouers skofwerk verrig. Die nulhipoteses rondom die gesags- en vertrouensverhouding en die aantal kinders by gesinne waar ouers skofwerk verrig kan daarom nie verwerp word nie. Dit beteken dat in gesinne waar ouers skofwerk verrig daar nie 'n beduidende verband tussen die aantal kinders en die gesags- en vertrouensverhouding bestaan nie.

### 5.5.6 Hipotese 6

Na aanleiding van hipotese 6 in paragraaf 4.2 is die volgende nulhipoteses gestel:

**6(a) Daar bestaan geen beduidende verband tussen die aantal kinders in 'n gesin en persoongesentreerde kommunikasie tussen ouer en kind by gesinne waar die ouers skofte werk nie.**

**6(b) Daar bestaan geen beduidende verband tussen die aantal kinders in 'n gesin en posisiegesentreerde kommunikasie tussen ouer en kind by gesinne waar die ouers skofte werk nie.**

Ten einde die nulhipoteses te toets, is die Pearson-produkmomentkorrelasie tussen die aantal kinders in skofwerkergesinne en kommunikasiepatrone bereken. Die totale aantal kinders was 98. Die bevindinge word in tabel 5.9 aangedui.

**TABEL 5.9**

**PEARSON-PRODUKMOMENTKORRELASIE TUSSEN TIPE KOMMUNIKASIE EN AANTAL KINDERS IN SKOFWERKERGESINNE**

| AANTAL | PERSOON-GESENTREERDE KOMMUNIKASIE | POSISIE-GESENTREERDE KOMMUNIKASIE |
|---|---|---|
| **98** | **-0,19*** | **-0,15** |

*p < 0,05

Vir die ander korrelasiekoëffisiënt: p > 0,05

Uit die gegewens in tabel 5.9 kan die nulhipotese ten opsigte van die aantal kinders in gesinne waar ouers skofwerk verrig en persoongesentreerde kommunikasie wat vroeër in die afdeling gestel is, verwerp word. Daar bestaan 'n beduidende negatiewe korrelasie tussen die aantal kinders in gesinne waar ouers skofwerk verrig en persoongesentreerde kommunikasie.

Die afleiding wat uit tabel 5.9 gemaak kan word is dat die aantal kinders by gesinne waar ouers skofte werk verband hou met die mate wat ouers persoongesentreerde kommunikasie gebruik. In gesinne waar ouers skofte werk blyk dit dat'n kleiner getal kinders in die huisgesin met groter persoongesentreerde kommunikasie gepaard gaan.

Volgens tabel 5.9 kan die nulhipotese ten opsigte van posisiegesentreerde kommunikasie nie ten gunste van die alternatiewe hipotese verwerp word nie, aangesien 'n korrelasie van –0,15 verkry is met 'n p > 0,05. Dit beteken dat daar nie 'n verband tussen die aantal kinders by gesinne waar ouers skofwerk verrig en posisiegesentreerde kommunikasie is nie.

Navorsing ten opsigte van gesinsgrootte deur Bell en Avery (in Rice 1992: 106) dui daarop dat hoe meer kinders daar in middelklasgesinne is hoe groter die ouer-kindkonflik wat gepaard gaan met fisieke mag om die adolessent te beheer. Dit

beteken dat ouers meer van posisiegesentreerde kommunikasie en minder van persoongesentreerde kommunikasie gebruik maak, namate die kindertal toeneem.

### 5.5.7 Hipotese 7

Na aanleiding van hipotese 7 in paragraaf 4.2 is die volgende nulhipoteses gestel:

**7(a) In gesinne waar die ouers skofte, werk is daar geen beduidende verskil tussen oudste, middelste, jongste en enigste kinders se verhouding met hulle ouers nie.**

'n F-Toets is gebruik om vas te stel of daar 'n beduidende verskil tussen kindes se verhoudings met hulle ouers bestaan indien kinders verskillende posisies in die gesin beklee.

#### 5.5.7.1 Vergelyking van die vier groepe ten opsigte van die totale ouer-kindverhouding

Die gemiddelde tellings van die totale ouer-kindverhouding vir elk van die vier posisies wat 'n kind in die gesin kan beklee is bereken. Om die gemiddelde tellings met mekaar te vergelyk is 'n analise van die variansie uitgevoer. Die resultate verskyn in tabel 5.10.

**TABEL 5.10**

**RESULTATE VAN DIE ANALISE VAN VARIANSIE IN DIE TOTALE OUER-KINDVERHOUDING**

| GROEP | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|
| **Oudste kinders** | **31** | **197,83** | **36,04** |
| **Middelste kinders** | **22** | **190,40** | **40,22** |
| **Jongste kinders** | **39** | **194,58** | **37,60** |
| **Enigste kinders** | **6** | **212,83** | **34,60** |

**$F(3,94) = 0,61 \quad p > 0,05$**

Volgens tabel 5.10 kan die nulhipotese nie ten gunste van die alternatiewe hipotese verwerp word nie. Daar is dus geen beduidende verskil tussen die totale ouer-

kindverhouding van die vier groepe nie. Dit beteken dat die verhouding tussen ouer en kind in gesinne waar die ouer skofte werk nie deur die kind se posisie wat hy in die gesin beklee beïnvloed word nie.

**7(b) In gesinne waar die ouers skofte werk is daar geen beduidende verskil tussen oudste, middelste, jongste en enigste kinders se gesagsverhouding nie.**

### 5.5.7.2 Vergelyking van die vier groepe ten opsigte van die gesagsverhouding

Die gemiddelde tellings van die gesagsverhouding vir elk van die vier groepe is bereken. Om die gemiddelde tellings met mekaar te vergelyk is 'n analise van die variansie uitgevoer. Die resultate verskyn in tabel 5.11.

**TABEL 5.11**

**RESULTATE VAN DIE ANALISE VAN VARIANSIE IN DIE GESAGSVERHOUDING**

| GROEP | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|
| **Oudste kind** | 31 | 54,64 | 9,96 |
| **Middelste kind** | 22 | 55,04 | 8,86 |
| **Jongste kind** | 39 | 56,80 | 8,93 |
| **Enigste kind** | 6 | 56,66 | 12,46 |

**$F(3,94) = 0{,}37 \quad p > 0{,}05$**

Volgens tabel 5.11 kan die nulhipotese nie ten gunste van die alternatiewe hipotese verwerp word nie. Daar is dus geen beduidende verskil tussen die gesagsverhouding van die vier groepe nie. Dit beteken dat die gesagsverhouding tussen ouer en kind in gesinne waar die ouer skofte werk nie deur die kind se posisie in die gesin beïnvloed word nie.

**7(c) In gesinne waar die ouers skofte werk is daar geen beduidende verskil tussen oudste, middelste, jongste en enigste kinders se kenverhouding nie.**

#### 5.5.7.3 Vergelyking van die vier groepe ten opsigte van die kenverhouding

Die gemiddelde tellings van die kenverhouding vir elk van die vier groepe is bereken. Om die gemiddelde tellings met mekaar te vergelyk is 'n analise van die variansie uitgevoer. Die resultate verskyn in tabel 5.12.

**TABEL 5.12**

**RESULTATE VAN DIE ANALISE VAN VARIANSIE IN DIE KENVERHOUDING**

| GROEP | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|
| **Oudste kind** | 31 | 69,51 | 14,24 |
| **Middelste kind** | 22 | 65,00 | 14,39 |
| **Jongste kind** | 39 | 66,92 | 16,12 |
| **Enigste kind** | 6 | 76,66 | 11,70 |

**$F(3,94) = 1,14 \quad p > 0,05$**

Volgens tabel 5.12 kan die nulhipotese nie ten gunste van die alternatiewe hipotese verwerp word nie. Daar is dus geen beduidende verskil tussen die kenverhouding van die vier groepe nie. Dit beteken dat die kenverhouding tussen ouer en kind in gesinne waar die ouer skofte werk nie deur die kind se posisie in die gesin beïnvloed word nie.

**7(d) In gesinne waar die ouers skofte werk, is daar geen beduidende verskil tussen oudste, middelste, jongste en enigste kinders se vertrouensverhouding nie.**

#### 5.5.7.4 Vergelyking van die vier groepe ten opsigte van die vertrouensverhouding

Die gemiddelde tellings van die vertrouensverhouding tussen ouer en kind vir elk van die vier groepe is bereken. Om die gemiddelde tellings met mekaar te vergelyk is 'n analise van die variansie uitgevoer. Die resultate verskyn in tabel 5.13.

**TABEL 5.13**

**RESULTATE VAN DIE ANALISE VAN VARIANSIE IN DIE VERTROUENSVERHOUDING**

| GROEP | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|
| **Oudste kind** | 31 | 73,67 | 14,96 |
| **Middelste kind** | 22 | 70,36 | 18,83 |
| **Jongste kind** | 39 | 70,84 | 15,15 |
| **Enigste kind** | 6 | 79,50 | 12,04 |

**$F\ (3,94) = 0,67 \quad p > 0,05$**

Volgens tabel 5.13 kan die nulhipotese nie ten gunste van die alternatiewe hipotese verwerp word. Daar is dus geen beduidende verskil tussen die vertrouensverhouding van die vier groepe nie. Dit beteken dat die vertrouensverhouding tussen ouer en kind in gesinne waar die ouer skofte werk nie deur die kind se posisie in die gesin beïnvloed word nie.

Volgens Cohen en Beckwith (in Louw, Van Ede & Louw 1998: 358) is ouers geneig om meer aandag aan eersgeborenes te gee, meer toegeneentheid te openbaar wat tot meer interaksie tussen ouer en kind aanleiding gee. In gesinne waar ouers skofte werk blyk dit nie die geval te wees nie. Die huidige ondersoek se bevindinge dui daarop dat die posisie wat die kind in die gesin beklee waar die ouer skofte werk geen effek op die totale ouer-kindverhouding of enige van die dimensies (vertrouens-, gesags- en kenverhouding) het nie. 'n Moontlike rede kan wees dat ouers wat skofte werk minder tyd het om saam met hulle kinders te spandeer (vergelyk paragraaf 2.5.2.3) en dat dit veroorsaak dat al die kinders in die gesin dieselfde behandel word.

### 5.5.8 Hipotese 8

Na aanleiding van hipotese 8 in paragraaf 4.2 is die volgende nulhipoteses gestel:

**8(a) In gesinne waar die ouers skofte werk, is daar geen beduidende verskil tussen oudste, middelste, jongste en enigste kinders se posisiegesentreerde kommunikasie nie.**

'n F-Toets is gebruik om vas te stel of daar 'n beduidende verskil tussen kinders se kommunikasie met hulle ouers bestaan indien kinders verskillende posisies in die gesin beklee.

### 5.5.8.1 Vergelyking van die vier groepe ten opsigte van posisiegesentreerde kommunikasie

Die gemiddelde tellings van posisiegesentreerde kommunikasie tussen ouer en kind vir elk van die vier groepe is bereken. Om die gemiddelde tellings met mekaar te vergelyk is 'n analise van die variansie uitgevoer. Die resultate verskyn in tabel 5.14.

**TABEL 5.14**

**RESULTATE VAN DIE ANALISE VAN VARIANSIE BY POSISIEGESENTREERDE KOMMUNIKASIE**

| GROEP | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|
| **Oudste kind** | 31 | 73,67 | 36,43 |
| **Middelste kind** | 22 | 76,95 | 17,00 |
| **Jongste kind** | 39 | 75,94 | 17,17 |
| **Enigste kind** | 6 | 83,66 | 17,15 |

**$F(3,94) = 0,56 \quad p > 0,05$**

Volgens tabel 5.14 kan die nulhipotese nie ten gunste van die alternatiewe hipotese verwerp word nie. Daar is dus geen beduidende verskil tussen posisiegesentreerde kommunikasie van die vier groepe nie. Dit beteken dat posisiegesentreerde kommunikasie in gesinne waar die ouer skofte werk nie deur die kind se posisie in die gesin beïnvloed word nie.

**8(b) In gesinne waar die ouers skofte werk, is daar geen beduidende verskil tussen oudste, middelste, jongste en enigste kinders se persoongesentreerde kommunikasie nie.**

### 5.5.8.2 Vergelyking van die vier groepe ten opsigte van persoongesentreerde kommunikasie

Die gemiddelde tellings van persoongesentreerde kommunikasie tussen ouer en kind vir elk van die vier groepe is bereken. Om die gemiddelde tellings met mekaar te vergelyk is 'n analise van die variansie uitgevoer. Die resultate verskyn in tabel 5.15.

**TABEL 5.15**

**RESULTATE VAN DIE ANALISE VAN VARIANSIE BY PERSOONGESENTREERDE KOMMUNIKASIE**

| GROEP | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|
| Oudste kind | 31 | 94,38 | 19,68 |
| Middelste kind | 22 | 87,40 | 26,31 |
| Jongste kind | 39 | 88,94 | 24,33 |
| Enigste kind | 6 | 101,50 | 12,72 |

**$F(3,94) = 0,93 \quad p > 0,05$**

Volgens tabel 5.15 kan die nulhipotese nie ten gunste van die alternatiewe hipotese verwerp word nie. Daar is dus geen beduidende verskil tussen persoongesentreerde kommunikasie van die vier groepe nie. Dit beteken dat die persoongesentreerde kommunikasie tussen ouers en kinders in gesinne waar die ouers skofte werk nie deur die kind se posisie in die gesin beïnvloed word nie. Cohen en Beckwith (in Louw, Van Ede & Louw 1998: 358) het wel bevind dat ouers geneig is om meer aandag aan eersgeborenes te gee, meer toegeneentheid te openbaar en ook dat daar meer interaksie tussen ouers en kinders plaasvind. Dit blyk nie die geval by gesinne te wees waar ouers skofte werk nie.

### 5.5.9 Hipotese 9

Na aanleiding van hipotese 9 in paragraaf 4.2 is die volgende nulhipoteses gestel.

**9(a) In gesinne waar die ouers skofte werk, is daar geen beduidende verskil in die totale ouer-kindverhouding van kinders in verskillende ouderdomsgroepe nie.**

'n F-toets is gebruik om vas te stel of daar 'n beduidende verskil in kinders se verhouding met hulle ouers bestaan indien kinders in verskillende ouderdomsgroepe val.

**5.5.9.1 Vergelyking van die vyf groepe ten opsigte van die totale ouer-kindverhouding**

Die gemiddelde verhouding tussen ouers en kinders vir elk van die vyf groepe is bereken. Om die gemiddelde tellings met mekaar te vergelyk is 'n analise van die variansie uitgevoer. Die resultate verskyn in tabel 5.16.

**TABEL 5.16**

**RESULTATE VAN DIE ANALISE VAN VARIANSIE IN DIE TOTALE OUER-KINDVERHOUDING**

| GROEP | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|
| **Graad 8 leerders** | **39** | **203,94** | **31,71** |
| **Graad 9 leerders** | **16** | **200,31** | **41,13** |
| **Graad 10 leerders** | **13** | **207,53** | **27,09** |
| **Graad 11 leerders** | **12** | **182,75** | **42,16** |
| **Graad 12 leerders** | **18** | **174,33** | **40,74** |

**$F(4,93) = 2{,}91 \quad p < 0{,}05$**

Volgens tabel 5.16 kan die nulhipotese verwerp word. Daar is dus 'n beduidende verskil tussen die totale ouer-kindverhouding van die vyf groepe.

Om vas te stel tussen watter groepe daar 'n beduidende verskil bestaan, is die t-waardes bereken. Die bevindinge word in tabel 5.17 aangedui.

**TABEL 5.17**

**T-TOETS ANALISE VAN DIE VARIANSIE BY DIE TOTALE OUER-KINDVERHOUDING**

| GROEP | Verskil in gemiddeld | t-waarde | Beduidenheid |
|---|---|---|---|
| Graad 8 – 9 | 3,63 | t < 2,87 | p > 0,05 |
| Graad 8 – 10 | - 3,59 | t < 2,87 | p > 0,05 |
| Graad 8 – 11 | 21,19 | t < 2,87 | p > 0,05 |
| Graad 8 – 12 | 29,61 | t > 2,87 | p < 0,05 |
| Graad 9 – 10 | - 7,22 | t < 2,87 | p > 0,05 |
| Graad 9 – 11 | 17,56 | t < 2,87 | p > 0,05 |
| Graad 9 – 12 | 25,97 | t < 2,87 | p > 0,05 |
| Graad 10 – 11 | 24,78 | t < 2,87 | p > 0,05 |
| Graad 10 – 12 | 33,20 | t < 2,87 | p > 0,05 |
| Graad 11 – 12 | 8,41 | t < 2,87 | p > 0,05 |

Daar is 'n beduidende verskil tussen graad 8- en 12-leerders. Die resultate dui daarop dat leerders in graad 8 'n beter verhouding met hulle ouers het as leerders in graad 12 in gesinne waar die ouers skofte werk. Die rede hiervoor kan moontlik wees dat jonger adolessente meer kontak met die ouers het en dat ouers meer betrokke by hulle jonger adolessente se aktiwiteite is as ouer adolessente.

Craig en Baucum (2002: 425) wys daarop dat die verhouding tussen maats gedurende adolessensie baie belangriker word as die verhouding tussen ouers en adolessente. Dit kan lei tot die stelselmatige verswakking van die verhouding tussen ouer en adolessent. Jackson *e.a.* (1998: 319) het bevind dat met die toename in die adolessent se ouderdom kommunikasieprobleme met die ouers vermeerder het. Die rede hiervoor kan moontlik wees dat ouer adolessente outonoom wil optree deur hulle eie besluite te neem sonder die inmenging van hulle ouers. Ouers aan die ander kant voel nog verantwoordelik vir hulle kinders en wil graag deel van hulle besluitneming wees, wat kommunikasieprobleme veroorsaak. Hierdie vermeerdering van kommunikasieprobleme kan moontlik ook die verhouding tussen ouers en die ouer adolessente negatief beïnvloed.

**9(b) In gesinne waar die ouers skofte werk, is daar geen beduidende verskil in die gesagsverhouding van kinders in verskillende ouderdomsgroepe nie.**

### 5.5.9.2 Vergelyking van die vyf groepe ten opsigte van die gesagsverhouding

Die gemiddelde gesagsverhouding tussen ouers en kinders vir elk van die vyf groepe is bereken. Om die gemiddelde tellings met mekaar te vergelyk is 'n analise van die variansie uitgevoer. Die resultate verskyn in tabel 5.18.

**TABEL 5.18**

**RESULTATE VAN DIE ANALISE VAN VARIANSIE IN DIE GESAGSVERHOUDING**

| GROEP | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|
| Graad 8 Leerders | 39 | 58,71 | 7,95 |
| Graad 9 Leerders | 16 | 57,18 | 10,57 |
| Graad 10 Leerders | 13 | 56,00 | 9,30 |
| Graad 11 Leerders | 12 | 50,83 | 10,02 |
| Graad 12 Leerders | 18 | 51,00 | 8,55 |

**$F(4,93) = 3,34 \quad p < 0,01$**

Volgens tabel 5.18 kan die nulhipotese verwerp word. Daar is dus 'n beduidende verskil tussen die gesagsverhouding van die vyf groepe.

Om vas te stel tussen watter groepe daar 'n beduidende verskil bestaan, is die t-waardes bereken. Die bevindinge word in tabel 5.19 aangedui.

TABEL 5.19

T-TOETS ANALISE VAN DIE VARIANSIE BY DIE GESAGSVERHOUDING

| GROEP | Verskil in gemiddeld | t-waarde | Beduidenheid |
|---|---|---|---|
| Graad 8 – 9 | 1,53 | t < 2,87 | p > 0,05 |
| Graad 8 – 10 | 2,71 | t < 2,87 | p > 0,05 |
| Graad 8 – 11 | 7,88 | t < 2,87 | p > 0,05 |
| Graad 8 – 12 | 7,71 | t > 2,87 | p < 0,05 |
| Graad 9 – 10 | 1,18 | t < 2,87 | p > 0,05 |
| Graad 9 – 11 | 6,35 | t < 2,87 | p > 0,05 |
| Graad 9 – 12 | 6,18 | t < 2,87 | p > 0,05 |
| Graad 10 – 11 | 5,16 | t < 2,87 | p > 0,05 |
| Graad 10 – 12 | 5,00 | t < 2,87 | p > 0,05 |
| Graad 11 – 12 | - 0,16 | t < 2,87 | p > 0,05 |

Volgens tabel 5.19 is daar 'n beduidende verskil tussen graad 8- en 12-leerders. Resultate dui daarop dat leerders in graad 8 'n beter gesagsverhouding met hulle ouers ervaar as leerders in graad 12 in gesinne waar die ouers skofte werk. Volgens Louw, Van Ede en Louw (1998: 451) is daar 'n afname in ouerlike gesag tydens adolessensie. Hierdie afname in ouerlike geslag met die toename in ouderdom van die adolessent moet eerder as 'n strewe na outonomie beskou word en nie as 'n verwerping van ouerlike gesag nie (Louw, Van Ede & Louw 1998: 451).

**9(c) In gesinne waar die ouers skofte werk, is daar geen beduidende verskil in die kenverhouding van kinders in verskillende ouderdomsgroepe nie.**

### 5.5.9.3 Vergelyking van die vyf groepe ten opsigte van die kenverhouding

Die gemiddelde kenverhouding tussen ouers en kinders vir elk van die vyf groepe is bereken. Om die gemiddelde tellings met mekaar te vergelyk is 'n analise van die variansie uitgevoer. Die resultate verskyn in tabel 5.20.

**TABEL 5.20**

**RESULTATE VAN DIE ANALISE VAN VARIANSIE IN DIE KENVERHOUDING**

| GROEP | N | $\overline{X}$ | S |
|---|---|---|---|
| Graad 8 Leerders | 39 | 70,35 | 13,34 |
| Graad 9 Leerders | 16 | 69,06 | 16,22 |
| Graad 10 Leerders | 13 | 72,38 | 10,29 |
| Graad11 Leerders | 12 | 63,25 | 18,37 |
| Graad 12 Leerders | 18 | 61,44 | 16,33 |

**$F (4,93) = 1,76$ $p > 0,05$**

Volgens tabel 5.20 kan die nulhipotese nie ten gunste van die alternatiewe hipotese verwerp word nie. Daar is dus geen beduidende verskil ten opsigte van die kenverhouding van die vyf groepe nie. Dit beteken dat die kenverhouding in gesinne waar ouers skofte werk nie deur die kinders se ouderdom beïnvloed word nie.

**9(d) In gesinne waar die ouers skofte werk, is daar geen beduidende verskil in die vertrouensverhouding van kinders in verskillende ouderdomsgroepe nie.**

### 5.5.9.4 Vergelyking van die vyf groepe ten opsigte van die vertrouensverhouding

Die gemiddelde vertrouensverhouding tussen ouers en kinders vir elk van die vyf groepe is bereken. Om die gemiddelde tellings met mekaar te vergelyk is 'n analise van die variansie uitgevoer. Die resultate verskyn in tabel 5.21.

**TABEL 5.21**

**RESULTATE VAN DIE ANALISE VAN VARIANSIE IN DIE VERTROUENSVERHOUDING**

| GROEP | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|
| Graad 8 Leerders | 39 | 74,87 | 14,15 |
| Graad 9 Leerders | 16 | 74,06 | 17,17 |
| Graad 10 Leerders | 13 | 79,15 | 9,68 |
| Graad 11 Leerders | 12 | 68,66 | 16,57 |
| Graad 12 Leerders | 18 | 61,88 | 18,98 |

**$F\ (4,93) = 3,15 \quad p < 0,01$**

Volgens tabel 5.21 kan die nulhipotese ten gunste van die alternatiewe hipotese verwerp word. Daar is dus 'n beduidende verskil in die vertrouensverhouding tussen ouer en kind in die vyf groepe.

Om vas te stel tussen watter groepe daar 'n beduidende verskil bestaan, is die t-waardes bereken. Die bevindinge word in tabel 5.22 aangedui.

**TABEL 5.22**

**T-TOETS ANALISE VAN DIE VARIANSIE BY DIE VERTROUENSVERHOUDING**

| GROEP | Verskil in gemiddeld | t-waarde | Beduidenheid |
|---|---|---|---|
| Graad 8 en 9 | 0,80 | $t < 2,87$ | $p > 0,05$ |
| Graad 8 en 10 | - 4,28 | $t < 2,87$ | $p > 0,05$ |
| Graad 8 en 11 | 6,20 | $t < 2,87$ | $p > 0,05$ |
| Graad 8 en 12 | 12,98 | $t > 2,87$ | $p < 0,05$ |
| Graad 9 en 10 | - 5,09 | $t < 2,87$ | $p > 0,05$ |
| Graad 9 en 11 | 5,39 | $t < 2,87$ | $p > 0,05$ |
| Graad 9 en 12 | 12,17 | $t < 2,87$ | $p > 0,05$ |
| Graad 10 en 11 | 10,48 | $t < 2,87$ | $p > 0,05$ |
| Graad 10 en 12 | 17,26 | $t > 2,87$ | $p < 0,05$ |
| Graad 11 en 12 | 6,77 | $t < 2,87$ | $p > 0,05$ |

Uit die gegewens in tabel 5.22 blyk dit dat daar is 'n beduidende verskil tussen graad 8- en 12- asook tussen graad 10- en 12-leerders is. Die resultate dui daarop dat

leerders in graad 8 en 10 'n beter vertrouensverhouding met hulle ouers het as leerders in graad 12 in gesinne waar die ouers skofte werk. Dit kan moontlik wees dat jonger adolessente nog die veiligheid van hulle ouers verlang terwyl adolessente in graad 12 hulle voorberei om die huis te verlaat. Persoonlikheidsgroei by graad-12 leerders het moontlik al in so 'n mate plaasgevind, dat hulle begin om onafhanklik van hulle ouers op te tree deur eie besluitneming, byvoorbeel eie beroepskeuse of vriendegroep. Craig en Baucum (2002: 395) en Fourie (2001: 227) wys daarop dat adolessente hulle stelselmatig van hulle ouers losmaak om groter onafhanklikheid te ervaar. Hierdie stelselmatige losmaak van die adolessent blyk ook 'n invloed te hê op die vertrouensverhouding by ouer adolessente in gesinne waar ouers skofte werk.

### 5.5.10 Hipotese 10

Na aanleiding van hipotese 10 in paragraaf 4.2 is die volgende nulhipoteses gestel:

**10(a) In gesinne waar die ouers skofte werk, is daar geen beduidende verskil in posisiegesentreerde kommunikasie van kinders in verskillende ouderdomsgroepe nie.**

'n F-Toets is gebruik om vas te stel of kinders in verskillende ouderdomsgroepe 'n beduidende verskil in hulle kommunikasie met hulle ouers ervaar in gesinne waar die ouers skofte werk.

#### 5.5.10.1 Vergelyking van vyf ouderdomsgroepe ten opsigte van posisiegesentreerde kommunikasie

Die gemiddelde posisiegesentreerde kommunikasie tussen ouers en kinders vir elk van die vyf groepe is bereken. Om die gemiddelde tellings met mekaar te vergelyk is 'n analise van die variansie uitgevoer. Die resultate verskyn in tabel 5.23.

**TABEL 5.23**

**RESULTATE VAN DIE ANALISE VAN VARIANSIE BY POSISIEGESENTREERDE KOMMUNIKASIE**

| GROEP | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|
| Graad 8 Leerders | 39 | 72,05 | 18,86 |
| Graad 9 Leerders | 16 | 77,75 | 18,65 |
| Graad 10 Leerders | 13 | 83,15 | 16,00 |
| Graad 11 Leerders | 12 | 80,75 | 17,66 |
| Graad 12 Leerders | 18 | 74,27 | 14,80 |

**$F\ (4{,}93) = 2{,}98 \quad p > 0{,}05$**

Volgens tabel 5.23 kan die nulhipotese nie ten gunste van die alternatiewe hipotese verwerp word nie. Daar is dus geen beduidende verskil tussen posisiegesentreerde kommunikasie in die vyf groepe nie. Dit beteken dat posisiegesentreerde kommunikasie in gesinne waar die ouers skofte werk nie deur die kind se ouderdom beïnvloed word nie.

**10(b) In gesinne waar die ouers skofte werk, is daar geen beduidende verskil in persoongesentreerde kommunikasie van kinders in verskillende ouderdomsgroepe nie.**

### 5.5.10.2 Vergelyking van die vyf ouderdomsgroepe ten opsigte van persoongesentreerde kommunikasie

Die gemiddelde persoongesentreerde kommunikasie tussen ouers en kinders vir elk van die vyf ouderdomsgroepe is bereken. Om die gemiddelde tellings met mekaar te vergelyk is 'n analise van die variansie uitgevoer. Die resultate verskyn in tabel 5.24.

**TABEL 5.24**

**RESULTATE VAN DIE ANALISE VAN VARIANSIE BY PERSOONGESENTREERDE KOMMUNIKASIE**

| GROEP | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|
| Graad 8 Leerders | 39 | 98,05 | 20,70 |
| Graad 9 Leerders | 16 | 92,62 | 22,20 |
| Graad 10 Leerders | 13 | 93,92 | 18,29 |
| Graad 11 Leerders | 12 | 78,08 | 28,09 |
| Graad 12 Leerders | 18 | 81,27 | 22,71 |

$F (4,93) = 1,32 \quad p > 0,05$

In die lig van die gegewens in tabel 5.24 kan die nulhipotese nie ten gunste van die alternatiewe hipotese verwerp word nie. Daar is dus geen beduidende verskil tussen die persoongesentreerde kommunikasie van die vyf groepe nie. Dit beteken dat persoongesentreerde kommunikasie tussen ouers en kinders in gesinne waar die ouers skofte werk nie deur die kinders se ouderdom beïnvloed word nie.

Jackson *e.a.* (1998: 319) het bevind dat met die toename in die adolessent se ouderdom kommunikasieprobleme met die ouers vermeerder het. Uit die huidige navorsing blyk dit dat gesinskommunikasie in skofwerkergesinne nie deur kinders se ouderdom beïnvloed word nie. Die rede hiervoor kan wees dat ouers en kinders in skofwerkergesinne minder tyd het om met mekaar te kommunikeer. Sodoende word die tyd wat beskikbaar is vir gesinskommunikasie in skofwerkergesinne, deur kinders in verskillende ouderdomsgroepe, moontlik dieselfde beleef.

## 5.6 Samevatting van die resultate

Twee vraelyste is gebruik. Die vraelys oor die verhouding tussen ouer en kind het uit drie afdelings bestaan met 15 items in elke afdeling. Die vraelys oor kommunikasie tussen ouer en kind het uit twee afdelings bestaan met 20 items in elke afdeling. Daar was altesaam 85 items.

'n Itemanalise is vir elke afdeling van gesinskommunikasie gedoen. Geen item is van die finale vraelys weggelaat nie.

Die betroubaarheid van die kommunikasievraelys is bepaal. Die betroubaarheid van die persoongesentreerde kommunikasie was 0.81 en dié van posisiegesentreerde kommunikasie 0,92.

Die volgende bevindinge het na vore gekom met die toetsing van die hipoteses:

- Daar bestaan 'n beduidende verskil in die kenverhouding tussen ouer en kind by gesinne waar ouers skofte werk en waar ouers nie skofte werk nie. Dit blyk dat kinders in gesinne waar ouers skofte werk 'n swakker kenverhouding met hulle ouers beleef. Vir die ander dimensies (vertrouens- en gesagsverhouding) en die totale ouer-kindverhouding was daar nie 'n beduidende verskil nie.

- Daar bestaan 'n beduidende verskil ten opsigte van posisiegesentreerde kommunikasie tussen ouers en kinders by gesinne waar ouers skofte werk en gesinne waar ouers nie skofte werk nie. Dit blyk dat gesinne waar ouers nie skofte werk nie meer van posisiegesentreerde kommunikasie gebruik maak, as gesinne waar ouers skofte werk.

In gesinne waar ouers skofte werk het die volgende bevindinge na vore gekom met die toetsing van die hipoteses:

- Daar bestaan geen beduidende verskil tussen seuns en dogters in al die verskillende dimensies (vertrouens-, gesags- en kenverhouding) en die totale verhouding tussen ouer en kind nie.

- Daar bestaan geen beduidende verskil tussen seuns en dogters ten opsigte van posisiegesentreerde en persoongesentreerde kommunikasie nie.

- Daar bestaan 'n beduidende negatiewe korrelasie tussen die aantal kinders en die kenverhouding sowel as die totale verhouding tussen ouer en kind. Hoe meer kinders daar in gesinne is, hoe swakker is die kenverhouding asook die algehele verhouding tussen ouer en kind.

- Daar bestaan 'n beduidende verband tussen die aantal kinders in 'n gesin en persoongesentreerde kommunikasie. Hoe kleiner die getal kinders in 'n gesin hoe meer maak ouers van persoongesentreerde kommunikasie gebruik.

- Daar bestaan geen beduidende verskil tussen oudste, middelste, jongste en enigste kinders se verhouding met hulle ouers nie.

- Daar bestaan geen beduidende verskil tussen oudste, middelste, jongste en enigste kinders se persoongesentreerde of posisiegesentreerde kommunikasie nie.

- Daar bestaan 'n beduidende verskil tussen kinders in verskillende ouderdomsgroepe se verhouding met ouers. Graad 8-leerders se gesagsverhouding sowel as die totale ouer-kindverhouding blyk beter te wees as dié van graad 12-leerders. Verder blyk dit dat graad 8- en 10-leerders 'n beter vertrouensverhouding met hulle ouers ervaar as leerders in graad 12. Ten opsigte van die kenverhouding bestaan daar geen beduidende verskil tussen ouers en kinders van verskillende ouderdomsgroepe nie.

- Daar bestaan geen beduidende verskil tussen kinders in verskillende ouderdomsgroepe se persoongesentreerde of posisiegesentreerde kommunikasie nie.

# HOOFSTUK 6

## OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES VAN DIE NAVORSING EN VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING

### 6.1 Inleiding

In hoofstuk 1 is daarop gewys dat ouers van mening is dat die beroepsverpligtinge wat skofwerk aan hulle stel 'n negatiewe uitwerking op hulle verhouding met hul kinders het. In die ondersoek is daar gepoog om op wetenskaplike wyse vas te stel of so 'n siening korrek is. Formeel is die probleem van die ondersoek as volg gestel:

> Bestaan daar 'n verskil in die verhouding tussen ouers en adolessente wie se ouers skofte werk en die wat nie skofte werk nie?
>
> Bestaan daar 'n verskil in die ouer-kindkommunikasie tussen adolessente wie se ouers skofte werk en die wat nie skofte werk nie?
>
> Hoe beïnvloed veranderlikes soos geslag, ouderdom, geboorterangorde en die aantal kinders in 'n gesin die verhouding en kommunikasie tussen die adolessent en die ouer wat skofwerk doen?

'n Literatuurstudie is onderneem om vas te stel watter invloed beroepsverpligtinge en skofwerk op die verhouding tussen ouers en kinders het. Verder is die vernaamste komponente van die verhouding tussen ouers en kinders bespreek, naamlik ken-, vertrouens- en gesagsverhouding.

Gesinskommunikasie is as een van die belangrikste komponente van 'n verhouding tussen ouer en kind geïdentifiseer. Twee van die vernaamste kommunikasiepatrone in gesinskommunikasie is onderskeidelik persoongesentreerde en posisiegesentreerde kommunikasie.

Vraelyste is geïdentifseer en aangepas wat gebruik kon word om inligting oor ouer-kindverhouding in te win. Daarna is 'n empiriese ondersoek uitgevoer om antwoorde op die formele probleemstelling te verkry.

## 6.1 Inligting uit die empiriese ondersoek

### 6.2.1 Die invloed van skofwerk op die verhouding tussen ouer en kind

Gordon e.a. en Stainer e.a. (in Kurumatani e.a. 1994: 1005) en Rahmal en Pal (1994: 54) dui almal daarop dat ouers wat skofte werk minder tyd het om saam met hulle kinders te spandeer. Hierdie verminderde tyd wat ouers het om saam met hulle kinders te spandeer kan moontlik die verhouding tussen ouer en kind beïnvloed. Die resultate van hierdie ondersoek dui egter daarop dat daar nie 'n verskil in die verhouding tussen ouers en kinders is in gesinne waar ouers skofte werk en in gesinne waar ouers nie skofte werk nie. Daar is slegs 'n beduidende verskil in die kenverhouding tussen ouers en kinders in genoemde gesinne gevind. Dit blyk dat die kenverhouding in gesinne waar ouers skofte werk swakker is as in gesinne waar ouers nie skofte werk nie.

In die lig van die feit dat die kenverhouding 'n dimensie van die totale verhouding tussen ouer en kind uitmaak, word die volgende riglyne vir die daarstelling van 'n beter kenverhouding tussen ouer en kind gestel. Hierdie riglyne is gebaseer op die items wat in die kenverhoudingsvraelys voorkom.

**Die rol van die ouer**

- Ouers wat 'n intense belangstelling in die kind se aktiwiteite en belangstellings neem sal moontlik hul kind beter begryp, en die kind kan moontlik 'n gevoel ontwikkel dat die ouers vir hom omgee. Dit kan daartoe lei dat die kind ook in die ouer se doen en late begin belangstel. Hierdie wederkerige kennis van mekaar kan tot 'n verbeterde verhouding tussen ouer en kind aanleiding gee.

**Aspekte van die kind waarop die ouers kan let**

- Toon belangstelling in die kind deur sy sportaktiwiteite by te woon, hom te ondersteun en daar te wees as hy sukses of mislukking beleef.
- Woon oueraande gereeld by en dra daardeur die boodskap aan die kind oor dat jy as ouer omgee en belangstel in sy vordering op skool.
- Toon belangstelling in die kind se vriende deur hulle oor te nooi en beter te leer ken.
- Vind uit waarin die kind belangstel en probeer om in die belangstelling te deel.
- Luister met onverdeelde aandag na die kind as hy of sy iets te sê het. Probeer om ook die kind se siening van 'n saak te begryp. Dit sal vertroue by die kind skep as hy ervaar dat sy ouers hom verstaan. Kommunikasie help verder dat ouers weet wat in hul kinders se lewe aan die gang is. Tye wanneer ouers en kinders saam iets doen in en rondom die huis, byvoorbeeld die motor was, in die tuin werk of handwerk doen, bied geleenthede om informeel met die kind te gesels.
- Moedig kinders aan om deel te neem aan besluitneming wat die gesin raak. As die gesin byvoorbeeld met vakansie wil gaan, vra ook die kinders se opinie oor die keuse van 'n vakansiebestemming en wanneer dit hulle sal pas om met vakansie te gaan.
- Ouers moet die kinders inlig oor aktiwiteite in hulle eie lewe. Indien kinders weet wat hulle ouers se werksomstandighede, gevoelens rondom gesinsake en belangstellings is, kan dit aanleiding gee dat kinders begryp waarom ouers op sekere maniere optree.
- Ouers moet toesien dat kinders hulle verantwoordelikhede by die huis en die skool aanvaar. Die kinders kan moontlik daardeur besef dat hul ouers in hulle belangstel.
- Moenie die kind in die adolessente fase as 'n rebel beskou nie. Gee liefde en toon onvoorwaardelike aanvaarding sodat die kind sy eie identiteit na behore kan ontwikkel.
- As ouers onrealistiese eise stel, moet die kind aangemoedig word om dit met die ouers te bespreek. Dit sal help dat kinders die vrymoedigheid het om met hulle ouers te gesels. Hierdie oop kommunikasie kan daartoe lei dat ouer en kind mekaar beter ken.

**Die rol van die onderwyser**

- Onderwysers kan ouers op 'n gereelde basis inlig oor hulle kinders se skolastiese vordering, sosiale aanpassing en emosionele toestand by die skool en in die klaskamer. Dit kan geskied deur middel van oueraande, inligtingsdae, onderhoude met ouers, rapporte, e-pos en kinders se portefeuljes.

- Onderwysers kan pa-en-seun- of ma-en-dogterdae reël waar ouers en kinders saam aan aktiwiteite deelneem. Voorbeelde is waar 'n modeparade vir moeder en dogter en kleiduifskiet vir pa en seun gereël word.

- Onderwysers kan sprekers reël wat met die ouers kom praat oor die verhouding tussen ouers en kinders. Aspekte wat by sulke byeenkomste bespreek kan word is hoe die fisieke, sosiale, emosionele, kognitiewe en morele ontwikkeling tydens adolessensie die ouer-kindverhouding kan beïnvloed.

- Onderwysers kan kinders inlig oor die belangrikheid van gesinsbande. Dit kan geskied tydens voorligtingperiode waar kinders moontlik vraelyste invul oor hulle gesin, of die onderwyser kan 'n video wys oor gesinsaangeleenthede en dit ná die tyd met die kinders bespreek.

### 6.2.2 Die kenverhouding en die aantal kinders in 'n huisgesin

Navorsingsresultate van hierdie ondersoek dui daarop dat hoe groter die kindertal in skofwerkergesinne is hoe swakker is die kenverhouding tussen ouers en kinders. Rogers (1996: 15) het ook bevind dat met die toename in kindertal daar 'n groter verantwoordelikheid op die moeders rus wat voldag werk. Dit gee aanleiding tot konflik in die huwelik wat gesinsverhoudinge negatief beïnvloed.

Die volgende riglyne word gegee vir die verbetering van die kenverhouding tussen ouers en kinders in skofwerkergesinne met 'n groot kindertal.

- Ouers moet poog om genoegsame kwaliteittyd aan al die kinders in die gesin te gee. Kinders kan maklik afgeskeep voel as ouers hulle aandag slegs op een kind vestig. Dit kan tot jaloesie in die gesin aanleiding gee.

- Ouers moet belangstelling toon ten opsigte van elke kind in die gesin se spesifieke stokperdjies en aktiwiteite. Soms is ouers geneig om hulle eie drome in hulle kinders uit te leef. 'n Voorbeeld hiervan is waar die moeder nooit in die skool se atletiekspan ingesluit was nie, maar haar dogter moet tot elke prys in die span wees.

- Ouers moet 'n bepaalde tyd inruim waar elke kind die kans gegun word om alleen met een of beide ouers te praat.

### 6.2.3 Die ouderdom van kinders en die invloed daarvan op die verhouding tussen ouers en kinders in gesinne waar die ouers skofte werk

Daar bestaan 'n beduidende verskil tussen kinders in verskillende ouderdomsgroepe se verhouding met ouers in gesinne waar ouers skofte werk. Volgens hierdie ondersoek blyk dit dat leerders in graad 8 'n beter gesagsverhouding en totale ouer-kindverhouding met hulle ouers beleef as leerders in graad 12. Verder blyk dit dat leerders in graad 8 en 10 'n beter vertrouensverhouding met hulle ouers beleef as leerders in graad 12 in gesinne waar ouers skofte werk.

Die volgende riglyne word gegee vir die verbetering van die vertrouens- en gesagsverhouding tussen ouers en graad 12-leerders in gesinne waar ouers skofte werk.

- Ouers moet besef dat hulle adolessente op pad na volwasse persone is wat hulle eie besluite wil neem. Indien ouers gedurig hierdie besluite van hulle kinders kritiseer kan dit lei tot rebelsheid en die verwerping van die gesagsverhouding.

- Ouers behoort hulle kinders onvoorwaardelik te aanvaar. Dit behoort 'n gesinsklimaat te skep waarin kinders hulle ouers vertrou. Hierdie vertroue van die

adolessent in sy ouers kan moontlik daartoe lei dat die adolessent hom na die ouers sal wend vir hulp en ondersteuning in tye van nood.

- Persoongesentreerde kommunikasie is die fondasie vir 'n positiewe vertrouensverhouding tussen ouers en kinders. Ouers moet kan luister na hulle kinders en met hulle kan redeneer oor sake van belang. Verder moet ouers ook bereid wees om redes te gee vir die reëls wat hulle neerlê vir hul kinders.

- Ouers moet poog om hulle beloftes wat hulle aan hul kinders maak na te kom. Indien ouers hulle kinders iets belowe, byvoorbeeld dat hulle hul seun se rugbywedstryd sal bywoon, moet die ouers hulle belofte nakom. Dit sal daartoe aanleiding gee dat die vertrouensverhouding tussen ouer en kind moontlik versterk.

- Ouers moet poog om 'n demokratiese opvoedingstyl toe te pas in die handhawing van gesag. Dit impliseer dat ouers 'n gesagstyl sal toepas waar die kinders toegelaat word om met hulle te redeneer oor die reëls wat neergelê word. Die kind se selfekspressie, selfstandigheid, individuele belangstelling en unieke eienskappe, moet erken word.

## 6.3 Evaluering van die ondersoek

Die doel van die ondersoek was om die vrae wat as die formele probleemstelling geformuleer is (paragraaf 1.2), te beantwoord.

Die doel van die ondersoek is bereik. Groter duidelikheid oor die invloed van skofwerk op die gesin is verkry. Uit die resultate van die ondersoek is bevind dat skofwerk nie 'n beduidende invloed op die ouer-kindverhoudig het nie. Slegs die kenverhouding tussen ouer en kind word deur skofwerk beïnvloed.

**Verdere bydraes wat uit die ondersoek voortspruit**

- 'n Beter begip van alle relevante konsepte soos, skofwerk, beroepsverpligtinge, ouer-kindverhouding, kenverhouding, gesagsverhouding, vertrouensverhouding, persoongesentreerde kommunikasie en posisiegesentreerde kommunikasie is gevorm.

- Vraelyste is geïdentifiseer en aangepas tot 'n nuwe saamgestelde vraelys wat gebruik is om die ouer-kindverhouding en gesinskommunikasie te meet. Die nuwe vraelys kan as betroubaar beskou word. Die betroubaarheidskoëffisiënt van die meetinstrument van persoongesentreerde en posisiegesentrerde kommunikasie was onderskeidelik 0,92 en 0,81 terwyl die totale ouer-kindverhoudingvraelys se betroubaarheidskoëffisiënt 0,95 is.

- Kommunikasie is as 'n belangrike komponent van die ouer-kindverhouding geïdentifiseer. Twee van die belangtikste kommunikasiepatrone is uitgelig, naamlik persoongesentreerde en posisiegesentreerde kommunikasie.

- Verwante vrae oor die invloed van geslag, ouderdom, geboorterangorde van kinders ten opsigte van gesinskommunikasie en ouer-kindverhouding is beantwoord. Daar is bevind dat geslag en geboorterangorde van kinders geen effek op die ouer-kindverhouding of gesinskommunikasie het nie. Verder is bevind dat leerders in graad 12 'n swakker gesags- en vertrouensverhouding met hul ouers beleef. Laastens is bevind dat kinders in groter gesinne 'n swakker kenverhouding met hul ouers beleef.

- Onderwysers en terapeute kan die ouer-kindverhoudingsvraelys en kommunikasievraelys gebruik om vas te stel hoe die ouer-kindverhouding en gesinskommunikasie deur die kind beleef word. Die verskillende dimensies van die ouer-kindverhouding (ken-, vertrouens- en gesagsverhouding) kan ook apart gemeet word.

- Met die verfynde inligting wat deur die empiriese ondersoek verkry is, kon spesifieke riglyne voorsien word wat ouers, kinders en onderwysers kan aanwend om die ouer-kindverhouding te verbeter.

**Ander positiewe aspekte in die ondersoek**

- Die steekproef was groot genoeg. In totaal is daar 98 ouers betrek wat skofwerk verrig terwyl die ouers wat nie skofwerk verrig nie106 was.

- Daar is min navorsing gedoen oor die spesifieke invloed van skofwerk op die ouer-kindverhouding. Die meeste van die navorsers noem net dat skofwerk die ouer-kindverhouding beïnvloed, maar dui nie die spesifieke gevolge daarvan aan nie. In hierdie ondersoek is daar spesifiek uitgewys in watter opsigte skofwerk die ouer-kindverhouding beïnvloed.

**Negatiewe aspekte in die ondersoek**

- Die groter meerderheid van ouers wat in die ondersoek gebruik is en wat skofwerk verrig, werk by die myne en kragstasies. Slegs 'n klein groepie van beroepe wat skofwerk vereis is in die ondersoek gebruik.

- Daar bestaan sekere beperkinge in alle selfbeskrywingsvraelyste, soos:

  * vrae wat dubbelsinnig gestel is en wat aanleiding gee dat proefpersone dit op verskillende wyses interpreteer

  * proefpersone wat soms doelbewus poog om die vrae so te beantwoord dat hul werklike posisie ten opsigte van dit wat gemeet moet word, nie na vore kom nie

  * proefpersone wat soms neig om positiewe antwoorde te verskaf ongeag wat die vrae is

Omdat daar van selfbeskrywingsvraelyste gebruik gemaak is, moet aanvaar word dat metingsfoute aanwesig kan wees.

## 6.4 Aanbevelings vir verdere navorsing

- Weens praktiese redes is daar in hierdie ondersoek slegs van Afrikaanssprekende hoërskoolleerders in die Kriel omgewing gebruik gemaak. 'n Verdere ondersoek kan poog om vas te stel of hoërskoolleerders in ander taal- en kultuurgroepe op 'n soortgelyke wyse deur skofwerk van ouers beïnvloed word.

- In die onderhawige ondersoek is hoërskoolleerders in 'n plattelandse gebied betrek. 'n Soortgelyke ondersoek kan gedoen word om vas te stel hoe plattelandse en stedelike hoërskoolleerders se ouer-kindverhouding verskil in gesinne waar ouers skofte werk.

- Daar is in hierdie ondersoek nie 'n onderskeid gemaak tussen moeders en vaders wat skofwerk verrig nie. 'n Soortgelyke ondersoek kan gedoen word om vas te stel of daar 'n verskil in die verhouding tussen ouers en kinders bestaan indien die vaders skofwerk verrig teenoor gevalle waar moeders skofwerk verrig.

- Skofwerkers werk verskillende skofte, naamlik middag-, oggend- en nagskof. 'n Verdere ondersoek kan gedoen word om vas te stel of skoftydverskille 'n invloed op die ouer-kindverhouding het.

**BIBLIOGRAFIE**

**Bahr, S. ; Maughan, S.L. ; Marcos, A.C. & Li, B.** 1998. Family, religiosity, and the risk of adolescent drug use. *Journal of Marriage and the Family*, 60: 979-992.

**Barton, J. ; Aldridge, J. & Smith, P.** 1998. The emotional impact of shift work on the children of shift workers. *Scandinavian Journal of Work, Enviroment and Health*, 24: 146-150.

**Beermann, B. & Nachreiner, F.** 1995. Working shifts – different effects for women and men? *Work and Stress*, 9: 289-297.

**Bendix, S.** 1996. *Industrial Relations in South Africa*. 3rd edition. Kenway: Juta.

**Berkowitz, M.W. & Grych, J.H.** 1998. Fostering goodness: teaching parents to fasilitate children's moral development. *Journal of Moral Development*, 27: 371-391.

**Bester, G.** 1990. Die gebruik van Erikson se persoonlikheidsteorie vir die meting van identiteitsvorming by skoolgaande adolessente. *Educare*, 19: 90-96.

**Bester, G.** 1992. Skoolvoorligting (BEd-Spesialisering). Enigste studiegids vir OSV454-6 (Psigometrika). Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.

**Bester, G. & Prinsloo, E.** 1990. Identiteitsvorming by oudste en jongste kinders. *Facets*, 9: 29-33.

**Bigner, J.J.** 1979. *Parent-child relations: an introduction to parenting*. New York : Macmillan.

**Bogenschneider, K. & Steinberg, L.** 1994. Maternal employment and adolescents academic achievment: a developmental analysis. *Sosiology of Education*, 67: 60-77.

**Bohle, P & Tilley, A.J.** 1993. Predicting mood change on night shift. *Ergonomics*, 36: 1-3.

**Booysen, C.H.Z.** 1987. *Geleenthede wat die hedendaagse gesin bied vir selfpersepsievorming.* Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.

**Bourdouxhe, M.A. ; Queinnec, Y. ; Granger, D. ; Baril, R.H. ; Guertin, S.C. ; Massicotte. P.R. ; Levy, M. & Lemay, F.L.** 1999. Aging and shiftwork: the effects of 20 years of rotating 12-hour shifts among petroleum refinery operators. *Experimental Aging Research*, 25: 323-329.

**Boyden, J.** 1993. *Families: celebration and hope in a world of change*. London : Gaia Books UK.

**Bryant, W.K. & Zick, C.D.** 1996. An examination of parent-child shared time. *Journal of Marriage and the Family*, 58: 227-237.

**Burke, J.W.** 1989. Parent-adolescent relationships and family system functioning. Ph. D. thesis. Oklahoma : Oklahoma State University.

**Coleman, R.M.** 1995. *The 24 hour business: maximizing productivity through round-the-clock operations*. New York : AMACOM.

**Conger, J.J.** 1991. *Adolescence and youth: psychological development in a changing world.* 4th edition. New York : Harpercollins.

**Cooksey, E.C. ; Menaghan, E.G. & Jekielek, S.M.** 1997. Life-course effects of work and family circumstances on children. *Social Forces*, 76: 637- 665.

**Costa, G.** 1996. The impact of shift and night work on health. *Applied Ergonomics*, 27: 9-16.

**Costa, G. ; Cesana, G. ; Kogi, K. & Wedderburn, A. (eds).** 1990. *Shift work: health, sleep and performance. Proceedings of the IX International Symposium on night and shift work, Verona, Italy, 1989.* Frankfurt : Peter Lang.

**Craig, G.J. & Baucum, D.B.** 2002. *Human development.* 9th edition. Englewood Cliffs, NJ : Prentice Hall.

**Crouter, A.C. ; Bumpus, M.F. ; Maguire, M.C. & McHale, S.M.** 1999. Linking parents' work pressure and adolescents' well-being: insights into dynamics in dual-earner families. *Developmental Psychology*, 35: 1453-1461.

**Deka, N. & Kakkar, A.** 1998. The impact of maternal employment on perceived parental behavior and self-concept of Indian adolescents. *Journal of the Indian Academy of Applied Psychology*, 24: 93-98.

**Deutsch, F.M. & Saxon, S.E.** 1998. Traditional ideologies, nontraditional lives. *Sex Roles*, 38: 331-362.

**De Villiers, L.J.** 1993. Ouer-kindkommunikasie van die leerling in die sekondêre skool. Ongepubliseerde D.Ed-proefskrif. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.

**De Waard, I.** 1999. Skofwerk van getroude vroue as sistemiese ontwrigting of behoud: 'n ekologiese model. Ongepubliseerde M.A-proefskrif. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.

**Du Plessis, S.** 1999. Die invloed van eietydse samelewingsverskynsels op gesinsopvoeding. Ongepubliseerde M.Ed-proefskrif. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.

**Du Plessis, J.V. ; Fouché, M.A. & Van Wyk, M.W.** 1998. *A practical guide to labour law.* 3rd edition. Durban : Butterworths.

**Eisenberg, N. ; Losoya, S. ; Fabes, R.A. ; Guthrie, I.K. ; Reiser, M. ; Murphy, B. ; Shepard, S.A. ; Poulin, R. & Padgett, S.J.** 2001. Parental socialization of children's dysregulated expression of emotion and externalizing problems. *Journal of Family Psychology*, 15: 183-205.

**Erikson, E.H.** 1968. *Identity and the life cycle: selected papers.* New York : International Universities press.

**Evans, R.I.** 1981. *Dialogue with Erik Erikson.* New York : Praeger.

**Evans, M.D.R. & Kelley, J.** 2000. Does mothers' employment affect children's education? *Australion Social Monitor*, 3: 6-14.

**Facio, A. & Batistuta, M.** 1998. Latins, Catholics and from the far south: Argentinian adolescents and their parents. *Journal of Adolescence*, 21: 49-67.

**Fitzpatrick, M.A. & Vangelisti, A.L.** 1995. *Explaining family interactions.* Londen : SAGE.

**Foon, A.E.** 1988. Effect of mother's employment status on adolescents' self perceptions and academic performance. *Educational Studies*, 14: 265-274.

**Fourie, J.A.C.** 2001. Die identifisering van adolessente wat groepdruk moeilik hanteer. Ongepubliseerde D.Ed-proefskrif. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.

**Galambos, N.L. ; Sears, A.H. ; Almeida, D.M. & Kolaric, G.C.** 1995. Parents' work overload and problem behavior in young adolescents. *Journal of Research on Adolescence*, 5: 201-223.

**Giddens, A.** 1997. *Sociology*. 3rd edition. Cambridge : Polity Press.

**Goldberg, W.A. ; Greenberger, E. & Nagel, S.K.** 1996. Employment and achievement: mothers' work involvement in relation to children's achievement behavior and mothers' parenting behaviors. *Child Development*, 67: 1512-1527.

**Grigorenko, E.L. & Sternberg, R.J.** 2001. *Family environment and intellectual functioning: a life-span perspective.* Londen : Lawrence Erlbaum.

**Grusec, J.E. ; Goodnow, J.J & Kuczynski, L.** 2000. New directions in analyses of parenting contributions to children's acquisition of values. *Child Development*, 71: 205-211.

**Haralambos, M.** 1985. *Sociology: themes and perspectives.* 2nd edition. London : Unwin Hyman.

**Harvey, C.D.H. (ed).** 2000. *Walking a tightrope: meeting the challenges of work and family.* Hampshire : Ashgate.

**Heaven, P.C.L.** 1994. *Contemporary adolescence: a social psychological approach.* Hamshire: MacMillan.

**Huysamen, G.K.** 1986. *Sielkundige meting - 'n inleiding.* Pretoria : Academica.

**Jackson, S. ; Bijstra, J. ; Oostra, L. & Bosma, H.** 1998. Adolescents' perseptions of communication with parents relative to specific aspects of relationships with parents and personal development. *Journal of Adolescence*, 21: 305-322.

**Jamal, M. & Badawi, J.A.** 1995. Nonstandard work schedules and work and nonwork experiences of Muslim immigrants: a study of a minority in the majority. *Journal of Social Behavior and Personality*, 10: 395-408.

**Jordaan, W. & Jordaan, J.** 1998. *Mense in konteks.* 3de uitgawe. Johannesburg : Heinemann.

**Jordaan, B. & Rycroft, A.** 1994. *Handleiding tot die Suid-Afrikaanse Arbeidsreg.* Kenway : Juta & Kie.

**Kaufman, G. & Uhlenberg, P.** 2000. The influence of parenthood on the work effort of married men and women. *Social Forces*, 78: 931-947.

**Khaleque, A.** 1999. Sleep deficiency and quality of life of shift workers. *Social Indicators Research*, 46: 181-189.

**Kinnunen, U. ; Gerris, J. & Vermulst, A.** 1996. Work experiences and family functioning among employed fathers with children of school age. *Family Relations*, 45: 449-455.

**Kogi, K.** 1996. Improving shift workers' health and tolerance to shiftwork: recent advances. *Applied Ergonomics*, 27: 5-8.

**Kritzinger, M.S.B. ; Labuschagne, F.J. & Pienaar P. DE V.** 1977. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek.* 6de uitgawe. Pretoria : Van Schaik.

**Kundi, M. ; Koller, M. ; Stefan, H. ; Lehner, L. ; Kaindlsdorfer, S. & Rottenbucher, S.** 1995. Attitudes of nurses towards 8-h and 12-h shift systems. *Work and Stress*, 9: 134-139.

**Kurumatani, N. ; Koda, S. ; Nakagiri, S. ; Hisashige, A. ; Sakai, K. & Saito, Y.** 1994. The effect of frequently rotating shift work on sleep and family life of hospital nurses. *Ergonomics*, 37: 995-1007.

**Landman, W.A. ; Mentz, N.J. ; Roos, S.G. & Moller, T.** 1982. *Fundamentele Pedagogiek en Lesgee.* Durban – Pretoria : Butterworth.

**Louw, D.A. ; Van Ede, D.M. & Louw, A.E.** 1998. *Menslike ontwikkeling.* Kaapstad : Kagiso.

**Lucas, J.W.** 1999. Behavioral and emotional outcomes of leadership in task groups. *Social Forces*, 78: 747-776.

**Maslow, A.H.** 1970. *Motivation and personality.* 3rd edition. New York : Harper & Row.

**McCarthy, M.** 1989. Burnout: What price care giving? *Loss Grief and Care*, 3: 67-71.

**Meschke, L.L & Silbereisen, R.K.** 1998. The assosiation of childhood play and adolescent-parent interactions with German adolescent leisure participation. *Journal of Adolescent Research*, 13: 458-486.

**Meyer, W.F. ; Moore, C. & Viljoen, H.G.** 1997. *Personologie: van individu tot ekosisteem.* Johannesburg : Heinemann.

**Mulder, J. C.** 1989. *Statistiese tegnieke in die opvoedkunde*. Pretoria : HAUM.

**Mussen, P.H. ; Conger, J.J. ; Kagan, J. & Huston, A.C.** 1984. *Child development and personality.* 6th edition. New York : Harper & Row.

**Mwamwenda, T.S.** 1994. *Educational psychology: an african perspective*. Durban: Butterworths.

**Myers, S.M.** 1996. An interactive model of religiosity inheratance: the importance of family context. *American Sociological Review*, 61: 858-866.

**Oberholzer, O.M. ; Landman, W.A. ; Higgs, P. ; Roelofse, J.J. ; Swanepoel, E.M. & Barnard, F.** 1993. Filosofie van die Opvoeding (B.Ed) Enigste studiegids vir OFO411-K. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.

**Okagaki, L. & Bevis, C.** 1999. Transmission of religious values: relations between parents' and daughters' beliefs. *Journal of Genetic Psychology*, 160: 303-318.

**Okagaki, L. & Moore, D.K.** 2000. Ethnic identity beliefs of young adults and their parents in families of Mexican descent. *Hispanic Journal of Behavior Sciences,* 22: 139-162.

**Olson, D.H. ; Russell, C.S. & Sprenkle, D.H.** 1983. Circumplex model of marital and family systems: VI. Theoretical Update. *Family Process*, 22: 69-83.

**Parcel, T.L. ; Nickoll, R.A. & Dufur, M.J.** 1996. The effects of parental work and maternal nonemployment on children's reading and math achievement. Work and occupations. *An International Sosiological Journal*, 23: 461-483.

**Parke, R.D. & Kellam, S.G.** 1994. *Exploring family relationships with other social contexts*. Hillsdale, NJ : Lawrence Erlbaum.

**Penn, P.E. & Bootzin, R.R.** 1990. Behavioral techniques for enhancing alertness and performance in shift work. *Work and Stress*, 4: 213-226.

**Piaget, J. & Inhelder, B.** 1969. *The psychology of the child.* London : Routledge & Kegan Paul.

**Pisarski, A. ; Bohle, P. & Callan, V.J.** 1998. Effects of coping strategies, social support and work-nonwork conflict on shift worker's health. *Scandinavian Journal of Work, Environment and Health*, 24: 141-145.

**Pretorius, J.W.M.** 1988. *Opvoeding, samelewing, jeug: 'n sosiopedagogiek-leerboek.* Pretoria : Van Schaik.

**Pretorius, J.M.W**. 1998. *Sosiopedagogiek 2000.* Pretoria : Van Schaik.

**Raath, M.C. & Jacobs, L.J.** 1990. *Dinamiek van die selfkonsep.* Pretoria : Academica.

**Rahman, A. & Pal, S.** 1994. Subjective health and family life of rotating shift workers. *Banghladesh Jounal of Psychology*, 14: 49-55.

**Rice, F.P.** 1992. *The Adolescent: Development, Relationships, and Culture.* 7th edition. Boston : Allyn and Bacon.

**Rogers, S.J.** 1996. Mothers' work hours and marital quality: variations by family structure and family size. *Journal of Marriage and the Family*, 58: 606-617.

**Roggman, L.A. ; Moe, S.T. ; Hart, A.D. & Furthun, L.F.** 1994. Family leisure and sosial support: relations with parenting stress and psychological well-being in head start parents. *Early Childhood Research Quarterly*, 9: 463-480.

**Schumacher, S. & McMillan, J.H.** 2001. *Research in education: a conceptual introduction.* New York : Harper Collins.

**Shek, D.T.L.** 1998. Linkage between marital quality and parent-child relationship. *Journal of Family Issues*, 19: 687-704.

**Smith, L. & Folkard, S.** 1993a. The impact of shiftwork on personnel at a nuclear power plant: an exploratory servey study. *Work & Stress,* 7: 341-350.

**Smith, L. & Folkard, S.** 1993b. The perceptions and feelings of shiftworkers' partners. *Ergonomics*, 36: 299-305.

**Simon, B.L.** 1990. Impact of shift work on individuals and families. Families in Society. *The Journal of Contemporary Human Services*, 71: 342-348.

**Spelten, E. ; Totterdell, P. ; Barton, J. & Folkard, S.** 1995. Effects of age and domestic commitment on the sleep and alertness of female shiftworkers. *Work & Stress*, 9: 219-226.

**Steel, L. & Kidd, W.** 2001. *The family.* Palgrave: Hampshire.

**Sternberg, R.J.** 1999. *Cognitive psychology.* London: Harcourt Brace.

**Steyn, A.F.** 1990. Aard en voorkoms van verskillende gesinstrukture in die samelewing. *South African Journal of Sociology*, 21: 119-129.

**Steyn, A.F. ; Van Wyk, D.J. & Le Roux , T.** 1990. *Die gesin: gister en vandag.* Kaapstad: Academica.

**Taris, T.W. & Semin, G.R.** 1997. Passing on the faith: how mother-child communication influences transmission of moral values. *Journal of Moral Education,* 26: 211-221.

**Van Den Aardweg, E.M. & Van Den Aardweg, E.D.** 1993. *Psychology of education: a dictionary for students.* Pretoria : E & E Enterprises.

**Van Rensburg, C.J.J ; Landman, W.A. & Bodenstein, H.C.A.** 1994. *Basiese begrippe in die opvoedkunde.* Halfway House: Orion.

**Wolcott, I.** 1995. New ways to work: workers with family responsibilities. *Australian Journal of Career Development,* 4: 24-29.

# BYLAAG A

## PERSOONLIKE VRAELYS VIR HOëRSKOOLLEERDERS

**Instruksies**

**1 Die vraelys wat jy gaan beantwoord is nie 'n toets nie maar bloot 'n inligtingstuk. Daar is dus nie 'n regte en verkeerde antwoord nie.**

**2. Jy moet antwoord soos jy oor jouself dink. Beantwoord die vrae eerlik en nie soos ander verwag jy behoort te beantwoord nie.**

**3. Die inligting word deur 'n rekenaar verwerk en vir navorsing gebruik. Jou antwoorde is dus vertroulik.**

VRAELYS

AFDELING A: BIOGRAFIESE BESONDERHEDE

VAN: .................................... VOORLETTERS: ...................

1 GRAAD (08, 09, 10, 11, 12) [ | ] (1-2)

2 GESLAG Seun =1 Dogter = 2 [ ] (3)

3 TIPE GESIN
- Eie pa en ma = 1
- Stiefpa of stiefma = 2
- Enkelouer = 3
- Ander = 4 [ ] '(4)

4 GEBOORTERANGORDE
- Oudste = 1
- Middelste = 2
- Jongste =3
- Enigste = 4 [ ] (5)

5 AANTAL KINDERS IN DIE GESIN [ ] (6)

6 NEEM JY AAN SPORT DEEL
- Ja = 1
- Nee = 2 [ ] (7)

7 GEMIDDELDE PRESTASIE:
Einde van vorige jaar se punt [ | ] (8-9)

8 WERK ENIGE VAN JOU OUERS SKOFTE?
- Ja = 1
- Nee = 2 [ ] (10)

9 VUL JOU PA SE BEROEP IN

______________________________ [ ] (11)

10 VUL JOU MA SE BEROEP IN

______________________________ [ ] (12)

KANTOORGEBRUIK [ 0 | 0 | 0 | 0 ] (13-17)

## AFDELING B

### INSTRUKSIES

Beantwoord die volgende vrae deur aan jouself 'n getal tussen 1 en 6 toe te ken. Skryf hierdie getal in die blokkie langs die vraag.

| | | |
|---|---|---|
| Dit is presies soos wat ek dit ervaar | 6 5 4 3 2 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie |

Onthou dit is soos wat jy oor jouself dink en nie hoe ander jou beoordeel nie.

1 My ouers is dikwels onbillik. ☐ (18)

2 My ouers stel belang in my doen en late. ☐ (19)

3 Ek kan oor vertroulike dinge met my ouers gesels. ☐ (20)

4 Bespreek jou ouers ook hulle positiewe en negatiewe gevoelens met jou? ☐ (21)

5 Verduidelik jou ouers die reëls in julle huis aan jou sodat jy dit kan verstaan? ☐ (22)

6 My ouers vereis absolute gehoorsaamheid. ☐ (23)

7 My ouers gee my voldoende ondersteuning in my skoolwerk. ☐ (24)

8 My ouers vertrou my. ☐ (25)

9 Sê jou moeder vir jou dat sy vir jou lief is? ☐ (26)

10 Ondersteun jou ouers jou wanneer jy terneergedruk voel? ☐ (27)

11 Preek jou ouers vir jou? ☐ (28)

12 My ouers verduidelik die reëls wat hulle neerlê. ☐ (29)

13 My ouers hou daarvan om ingelig te word oor wat by die skool aangaan. ☐ (30)

14 Ek kan op my ouers staatmaak as ek hulp nodig het. ☐ (31)

15 Gesels jou ouers met jou oor skoolaktiwiteite waaraan jy deelneem of in belangstel? ☐ (32)

| Dit is presies soos wat ek dit ervaar | 6 5 4 3 2 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie |
|---|---|---|

16 Voel jy soms jou ouers is onredelik en neem nie jou gevoelens in ag nie? ☐ (33)

17 Voel jy dat jou ouers jou broer(s) en / of suster(s) beter in gesprekke behandel as vir jou? ☐ (34)

18 My ouers laat my toe om ook my opinie te gee voordat reëls neergelê word. ☐ (35)

19 My ouers luister graag wanneer ek iets wil vertel wat vir my belangrik is. ☐ (36)

20 Ek kan van my probleme met my ouers deel. ☐ (37)

21 Is daar "lekker" gesinsaande waartydens julle rustig oor 'n verskeidenheid onderwerpe kan gesels? ☐ (38)

22 Kry jy genoeg geleentheid om self te praat indien daar oor sake uitsluitsel verkry moet word? ☐ (39)

23 Praat jou ouers met jou oor vakke op skool waarin jy belangstel? ☐ (40)

24 Ek bots dikwels met my ouers oor reëls en voorwaardes wat hulle vir my gedrag stel. ☐ (41)

25 My ouers verwag dinge van my waaraan ek nie voldoen nie. ☐ (42)

26 My ouers het begrip vir my gevoelens. ☐ (43)

27 Kry jy geleentheid om oor reëls wat hinderlik is, te praat? ☐ (44)

28 Ervaar jy gevoelens van moedeloosheid in jou interaksie met jou ouers? ☐ (45)

29 Is jou ouers te besig om nog na jou probleme ook te luister? ☐ (46)

30 My ouers is buigsaam in hulle reëls. ☐ (47)

31 My ouers is onnodig krities teenoor my. ☐ (48)

32 Ek is tevrede en dankbaar vir die ouers wat ek het. ☐ (49)

33 My ouers aanvaar my soos ek is. ☐ (50)

| | | |
|---|---|---|
| Dit is presies soos ek dit ervaar | 6 5 4 3 2 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie |

34 Gesels jou ouers met jou oor jou belangstelling? (nie dit wat in die skool gebeur nie.) ☐ (51)

35 Stel jou ouers perke aan jou sodat jy ingehok voel? ☐ (52)

36 My ouers pas reëls konsekwent toe. ☐ (53)

37 My ouers ken my vermoeëns en beperkings. ☐ (54)

38 My ouers vertrou die keuses wat ek uitoefen. ☐ (55)

39 Jy voel dat jou ouers te hoë eise ten opsigte van jou skoolwerk aan jou stel? ☐ (56)

40 Prys jou ouers jou indien jy jou beste probeer? ☐ (57)

41 Reageer jou ouers so dat jy kan sien dat hulle jou standpunt en idees as belangrik ag? ☐ (58)

42 Ek is by die huis nooit seker wat ek mag en wat ek nie mag doen nie. ☐ (59)

43 My ouers gee erkenning aan my as ek presteer. ☐ (60)

44 My ouers is agterdogtig oor my doen en late. ☐ (61)

45 Tree jou ouers vyandig teenoor jou op in hul gesprekke? ☐ (62)

46 Luister jou ouers geduldig indien jy interessante gebeurtenisse aan hulle vertel? ☐ (63)

47 Demp jou ouers jou entoesiasme om nuwe dinge aan te pak? ☐ (64)

48 Ek het geleentheid om besluite te neem, maar my ouers het die laaste sê. ☐ (65)

49 My ouers glo nie wat ek hulle vertel nie - al is dit die waarheid. ☐ (66)

50 My ouers besef dat ek in ander tye grootword as waarin hulle groot geword het. ☐ (67)

51 Voel jy ontoereikend/minderwaardig indien jy 'n vriend of vriendin na jou ouerhuis nooi? ☐ (68)

| Dit is presies soos wat ek dit ervaar | 6 5 4 3 2 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie |
|---|---|---|

52 Is die gevoelsklimaat in julle huis gespanne? ☐ (69)

53 Oorheers jou ouers jul gesprekvoering? ☐ (70)

54 Ek bekommer my nie juis oor my ouers se standpunte nie - ek doen meestal wat ek wil. ☐ (71)

55 My ouers ken my voor- en afkeure. ☐ (72)

56 Ek steek baie dinge vir my ouers weg. ☐ (73)

57 Raak jy geïrriteerd indien jou ouers met jou gesels? ☐ (74)

58 Weet jy voor die tyd reeds dat jou ouers begrip sal hê vir 'n probleem wanneer jy na hulle sou gaan? ☐ (75)

59 Toon jou ouers dat hulle tienerprobleme verstaan? ☐ (76)

60 My ouers laat my toe om van hulle te verskil. ☐ (77)

61 Dit is asof my ouers dikwels nie hoor wat ek vir hulle wil sê nie. ☐ (78)

62 My ouers laat my veilig en op my gemak voel. ☐ (79)

63 Is die verhouding tussen jou en jou ouers gespanne? ☐ (80)

64 Behandel jou ouers jou asof hulle jou nie aanvaar soos jy is nie, en wil hulle jou verander? ☐ (81)

65 Dink jy jou ouers verstaan jou probleme wanneer jy dit met hulle bespreek? ☐ (82)

66 My ouers straf my dikwels sonder om eers na 'n verduideliking te luister. ☐ (83)

67 Ek wonder dikwels of my ouers my ooit raaksien. ☐ (84)

68 Ek respekteer my ouers se opinies en reëls. ☐ (85)

69 Verwag jou ouers dat jy hul opdragte sonder enige teespraak sal uitvoer? ☐ (86)

| Dit is presies soos wat ek dit ervaar | 6 5 4 3 2 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie |
|---|---|---|

70 Verskil jou ouers van mekaar wanneer jy teenwoordig is, oor die reëls wat deur jou gehoorsaam moet word? ☐ (87)

71 Bespreek jy en jou ouers dit of dit vir jou goed is om 'n bepaalde partytjie by te woon en kom julle dan saam tot 'n besluit? ☐ (88)

72 As ek my ouers beter geken het, sou ons beter oor die weg gekom het? ☐ (89)

73 As ek iets verkeerd gedoen het, erken ek dit teenoor my ouers. ☐ (90)

74 Ek bespreek baie dinge met my ouers want ek weet hulle stel belang. ☐ (91)

75 Voel jy baie onseker indien jou ouers jou teregwys? ☐ (92)

76 Neem jy die inisiatief om self met jou ouers te gaan gesels oor dinge wat vir jou belangrik is? ☐ (93)

77 Spreek jou ouers ontydig kritiek teenoor jou optrede uit? ☐ (94)

78 Ek kan my ouers in my vertroue neem. ☐ (95)

79 Belewe jy dikwels gevoelens van afsydigheid teenoor jou ouers? ☐ (96)

80 Gesels jy en jou ouers spontaan en gemaklik oor die belangrikheid van Kerkbesoek en gebed? ☐ (97)

81 Reëls wat my ouers neerlê is vir my aanvaarbaar. ☐ (98)

82 Ek dink nie my ouers verstaan my werklik nie. ☐ (99)

83 My ouers is eerlik en opreg teenoor my. ☐ (100)

84 My ouers verduidelik reëls en hoe ek moet optree tot in die fynste besonderhede. ☐ (101)

85 Gesels jou ouers met jou oor sake soos eerlikheid en pligsgetrouheid? ☐ (102)

KANTOORGEBRUIK | 0 | 0 | 0 |
(103-105)